

DESEMBER

1 9 5 9

TYDSKRIF VIR

LETTERKUNDE

Vondel & d. Schilderkeus

IN HIERDIE UITGAWE

- ARTIKELS
F. E. J. Malherbe, M. S. du Buisson, J. L. Steyn, Abel Coetzee, B. le Roux
- POESIE
M. Solz, André Roux, Eliz. C. M. du Toit, Barend J. Toerien, Abr. Fouché, M. Steyn van Rooyen, J. P. Mulan, Pirow Bekker
- VERHALE
E. Liebenberg, Lorenz Schultz, André Demedts, Mienie Postma
- JONGERES
A. A. Snyman, Stoffel Cilliers
- BOEKBESPREKING

JAARGANG 9 NOMMER 4



TYDSKRIF DIE WID

1 9 6 0

Geagte Leser,

Die Redaksie en Administrasie van die TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE wil u veel seën toewens met die feestyd wat voor die deur is, en u ook van harte bedank vir u steun in die afgelope jaar.

Tewens wil ons weer eens u welwillende steun vra vir die volgende jaargang (X, 1960), waarvoor die nodige voorbereidings nou gemaak word. U kan ons help deur u intekening te hernuwe, deur vir u vriende in te teken as 'n feesgeskenk, en deur by u kennisse vir ons op te tree as voorspraak. Ons stuur graag op versoek nommers ter kennismaking. Die Tydskrif behoort nie te ontbreek in die woning van elke goedingeligte en opregte Afrikaner nie!

Ons Tydskrif word in steeds wyer kringe gelees waardeur die Afrikaanse Skrywerskring in staat gestel word om gesonde, opbouende leesstof te voorsien.

Ons sal u hulp by die verdere uitbreiding van ons leserskring ten seerste waardeer. Help ons leserskring uitbrei en u help ons voortbestaan verseker! Stuur net die name en adresse van moontlike lesers aan ons, en ons sal verder self sorg.

MEJ. S. VICTOR,
Administrasie Sekretaresse.

Posbus 57,
Northcliff, Johannesburg.
1 Desember 1959.

Intekengeld: 20/- per jaargang, vooruitbetaalbaar.

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

●
Redakteur: ABEL COETZEE

●
Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
W. A. DE KLERK
M. S. B. KRITZINGER
B. KOK
P. J. NIENABER
B. CONRADIE
J. KROMHOUT
ANDRÉ DEMEDTS

Administrasie: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff by Johannesburg.

Intekengeld: 20/- per jaargang, posvry.


●
JAARGANG 9

NOMMER 4


Let wel: a. Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur,
Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg.

b. Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie,
intekening, advertensies word gerig aan Mej. S. Victor,
Posbus 54, Northcliff, by Johannesburg.

DESEMBER — 1959



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services



M. SOLZ:

Lewenslyn

*O vreemde lewe wat deur ons sirkel
ons steeds aan ander mense
ander wêreld bind;
diep in ken ons jou, want ons
is jy, en jy is ons en al
jou aangesigte is van dieselfde.*

*Ons soek jou bron, jou doel
maar vind dit nooit
want 'n sirkel bly steeds voortbeweeg
en ken begin of einde nie.*

*En wat ons denke noem, bly soek
die reguit lyn — verydel steeds sy doel
omdat die lyn so eindeloos wegbuig
die Heelal in.*

*Voor ons oë staan geboorte, dood —
begin en einde — van die lyn
wat ons bewussyn trek, en so
die droewe ou illusie voort bly hou.*

Afskeid

*Hoe min het ek geweet toe hy
mistroostig in die middagson hier sit
en na die droë blare van die wilger kyk,
dat reeds om hom die newels van 'n ander wêreld vou
en hy nou, gelate en bedroef, die laaste afskeid neem
wetende dat ons nie weer so saam sou wees.
In swye het ons toe gesit terwyl die winterkoelte
stadigaan uit diep vergete holtes kruip, en vaal-wit
skimme dof op teen in koue koppies dryf
tot hy opstaan, strammerig, met moeë hand sy voorhoof vryf,
en sê: „Dis laat. Ek moet nou gaan.”*

Verdoemenis

*'n Woestynland het daar voor my uitgestrek
met sande witgeblaker teen die horison
'n brandende koepel was die geelwit lug
en nêrens nie 'n lasenis van sagte skadubron.*

God, het ek gevra, waarom laat U my
uit koele waters van die Gees
hier agter, sonder Woord en sonder snoer,
my liggaam onderworpe aan die Vrees?

O God, as ek as vrou so diep vergryp het,
U het my swaar genoeg gestraf
Ek moes die dood hier in die lewe bring
en die aarde bly nog steeds my graf.

Want hy, die man wat U oor my beveel het
na hom moet ek my oë, skrede rig;
tevergeefs my bede om wat waar en suiwer is
na eeue soek ek nog die groot en helder lig.

En ewig word deur my die gees gekerker,
in boeie van lyding en duisternis gebind.
Want ek weet dat hy, my woestyngelonde kind
Net deur U genade, Heer, die lafenis weer vind.

E. LIEBENBERG:

Waans . .

Ek sal maar liewer nie nou opkyk nie. Ek weet nie hoe lank ek nou al na dieselfde drie klippies kyk nie. Hulle lê dwars oor die paadjie en die een heel regs is amper rooi. Dis hy wat altyd aanskuif. Net soos ek my vinger uitsteek, die vinger met die lelike rooi litteken, dan skuif die klippie verder. En dis wanneer ek die hele lang ry kleintjies agter hom wil vang dat ek altyd val, net soos die dag op die plaas toe die riete my mond gesny het. Daar was toe ook drie klippies. Net diep onder die water. Miskien was dit ook nie baie diep nie, maar die water was so groen.

Wanneer ek nou val kry ek nie seer nie. Daar is altyd musiek as ek wakker word, en kaal wit mure.

Daardie dag het ek bloed gesien aan die afgeskeurde riete en toe ek dit wou afvee het Moeder my geklap. Ek dink dis daaroor dat my gesig aan die een kant so lelik is. Daar is lang, opgehewe merke wat altyd rooi lyk in die spieël teen die oorkantste muur . . . daardie spieël! Ek het dit dan gister uitgegooi!

Deur my lang sy-agtige oogwimpers betrag ek die fyn, skoon gelaat voor my en vee saggies met my mooi gevoelige hande . . . ek het dan nou nog niks van die rooiheid gesien nie! Meedoënloos swel die littekens en net voor ek tussen die skerp riete val, hoor ek snikke en voel nat trane. Iemand bid God om haar mooi te maak . . . iewers . . .

„Liewe Jesus . . .” het ons altyd gebid. Marietjie het altyd haar handjies, mooi, wit, klein handjies net soos ’n engeltjie s’n gevou. In die kerslig kon ek nie die hand met die drie vingertjies so goed sien nie, maar wanneer ek my hande ook so heilig voor my mond wou hou, het ek altyd die skewe lippe gevoel en vinnig my hande laat sak. Dan was my mond weer oop. Ek kon nooit „Liewe Jesus,” sê nie. My skewe lippies het gebewe en as ek eers my handjies tussen my knieë vasgedruk het, dan . . . dan . . . dan was die rooi gesiggie weer oop en het ek warm, lelike trane voel brand oor my wange.

Dit was altyd oor „Liewe Jesus.” Ons het altyd langs die visdammetjie met sand gebou. Groot, sierlike geboue soos hierdie een wat ek nou in bly. Marietjie het skoelappers se vlerkies afgebreek vir haar engeltjies. Ek kon nie engeltjies maak nie en ook nie skoelappers vang nie, want my een beentjie is mos korter as die ander.

Toe het Marietjie gesê ek kan nie vir Liewe Jesus maak

nie. Ek het my drie vingertjies uit die sand gehaal en oor die dammetjie gebuk om nog water te skep om vir Liewe Jesus te maak. Toe het ek weer my snaakse oë gesien en my vel was aan die een kant van my gesig so rooi . . . rooi en . . . so . . . opgeswel! En 'n geel vissie het weggeswem van my hand af. Dis oor my drie vingertjies! Die drie vingertjies en die rooi litteken! Dis oor Liewe Jesus!

Ek onthou hulle het my toe geslaan. Ek wou die venynige houe keer van my mooi gesig af en het gevoel hoe knak my een ou vingertjie. Dit was baie, baie seer en ek het belowe om nooit weer Marietjie se Liewe Jesus stukkend te trap nie. In die aande het ek deur my drie vingertjies — Marietjie sê ek het maar altyd net drie gehad — geloer, en as hulle aankom, het ek my handjies tussen my knieë gedruk en my kop gebuig sodat hulle nie my mond kon sien nie. Maar Moeder wou altyd hoor, en dan het ek altyd naargeword. Dit het altyd so van my kort beentjies opgekom en dan het ek gehuil. Lelike, seer trane uit my snaakse oë.

Gister het ek weer vir Liewe Jesus gemaak. Marmer dié keer. Dierbare, koue, gladde marmer wat presies gesplint het soos ek dit wou hê. Toe het hierdie mal spul met hulle heilige gesigte en wit klere gelag. My hand wat die drie vingers aan het, kon nie so mooi soos die ander een werk nie en Liewe Jesus het 'n skewe mond en lelike oë gehad. Die mooi een met die lang, blink hare het my beeld in 'n ronde bol gedruk. Toe het ek haar lang hare met my beitel probeer afsny soos hulle myne afgesny het. My hare was ook lank en blink en golwend totdat ek teen die muur geval het toe ek die rooi klippe wou optel . . . wag! Nou is hy nader! Nou sal ek hulle wys!

Stadig moet 'n mens kriip, met een vinger ver vooruit . . . Dis dan maar weer 'n ry kleintjies! My vinger is lelik en rooi en my gesig is ook nie meer mooi nie! Dis seker maar die water wat bewe. Net 'n klein entjie vorentoe leun; die riete is ver . . . een, voor is skerp en dreigend afgebreek en daar is bloed aan. Ek wil die arme beskadigde plantjie help . . . amper raak ek hom . . . maar dan val ek. Skielik en vinnig. Die riete skeur my vel. Ek vertrap Marietjie se Liewe Jesus, en voel harde, seer houe teen my drie vingertjies. Ek smee en gil: „Ek sal nie weer nie! Nooit weer nie! Ek sal bid vir Liewe Jesus! Ek sal! Ek sal bid!” En ek val snikkend op my knieë.

Die mure was koel en wit en kaal toe ek weer wakker word en op die tafeltjie het Liewe Jesus geglimlag. Sy mond was lelik skeefgetrek.

Ek dink hierdie is die Ewige Lewe. Ek was nog altyd hier. Die mure is van edelgesteentes. Dis daarom dat dit so blink en wit is. Dis 'n engel wat hier by my bed sit. Gister toe ek geval het was die bed kliphard. Vandag is dit lekker sag en koel en wit. Die een gekke wat hulle elke more uitdra in die son, sit nie vanmore op sy ou plek nie. Hy het seker reg geword.

Maar hier sal enige mens mal word! As dit nie is van die rye malles daar aan die sonkant van die tuin nie, sal dit wees van die glase vol bitter medisyne. Ek sal nog mal word hier! Hulle wil nie dat ek beelde maak nie en in die more lei een van die wittes my na hierdie kaal kol in die son. Dis kamtig omdat my een kort been my laat mank loop, maar ek weet dis omdat daar nie een gladde, rooi klippie is nie. Nie een nie hoor! Net wit sand.

Ek kyk maar liefwer nie op nie, want ek sal net wit sien as die engel wegloop. Hulle dink mos omdat my oë lelik is kan hulle nie sien nie! Maar daar lê hulle! Rye en rye van hulle! Lieflik rond en glad! Oor die paadjie waarmee ons gekom het lê drie. Die een heel regs, of is dit links . . . regs ja, die son blink ook so . . . hy is die rooiste.

A! Nou kyk niemand nie! Ek keer gladnie die vreugdevolle laggie wat skelm oor my lippe borrel nie. Ek weet my mond lyk seker lelik, maar dit is niks nie, want hulle sien my nie!

'n Mens moet saggies naderkruip, half geboë, met een vinger ver vooruit gestrek, stadig . . . amper raak ek hom! Daar is nou sommer baie ronde, gladde rooies! Ek hik-lag van vreugde en gryp na die rooi . . . Dis dan weer die merke aan my gesig! Kyk my oë! My kwykende mond . . . en ek het ook net drie vingertjies! Liewe Jesus grynslag van die tafeltjie af en ek wil my oë gaan regmaak, maar ek val skielik en vinnig. Riete skeur my sagte vel oop en daar's baie water in my oë. Stukke van 'n spieël vlieg by my verby en ek sien rooi littekens en swelsels in die skerwe. Hulle wil my gesig sny! Ek pleit en roep, ek huil en bid op my knieë dat Liewe Jesus my moet doodslaan. Marietjie bid ook met wit handjies gevou. Hulle wil my slaan en ek gil dat ek sal mal word as hulle my nie wegvat nie . . .

'n Engel sit voor my bed met wit klere, en iemand bid iewers dat Liewe Jesus haar moet mooi maak . . . iewers . . .

F. E. J. MALHERBE:

Beperkinge van die Afrikaanse Roman

Ons het vanjaar die wonder van Afrikaans gevier. Inderdaad is en bly dit 'n wonder van groei en prestasie in die korte tyd. Ook die laaste tien jaar bring verdere bloei, veral op die gebied van die poësie, versdrama, skets en kortverhaal. Dus naas ons volwaardige poësie is uitstekende prosa van die „kort baan” te noem — ook al weer om sy afgeronde stemming in die kort bestek, die tegniek van die „close-up”, verwant aan die liriese gedig, ons krag.

Ons romankuns is as sodanig nog nie op dieselfde peil nie. En waar ons nou aandag vra vir sekere kritiese oorwegings, wil ek geensins te kenne gee dat dit nie belangrik is of dat alles in ons moderne poësie, ook by die grootstes, vlekkeloos sou wees nie. Horisontaal beskou is ons romankuns reeds waardevol as spieël van wat ons mense materieel en geestelik beweeg het. Maar daarby het ons prosa tog ook al meer as slegs monumente van ware romankuns opgelewer. Ek hoef slegs te herinner aan die belangrike werk van J. van Melle, Frans Venter, Jochem van Bruggen, G. H. Franz, Holmer Johanssen, Hettie Smit, D. F. Malherbe, C. M. v.d. Heever, e.a. Selfs wat die roman uit die stad betref, waarna ek spesiaal sal verwys, het C. M. v.d. Heever, Abel Coetzee, W. A. de Klerk, Willem v.d. Berg e.a. waardevolle werk verrig.

Graag sou ek by meer plekruimte my waardering daarvan ook hier nader uitgewerk het, maar dit is ons slegs te doen om die *verdere* uitbou van ons literatuur waar ons tans oorgaan tot die aantoon van bepaalde gebreke en beperkinge.

Nadelige faktore vir die bloei van die roman is o.a. noodsaaklike kommersiële instelling van uitgewers om 'n bestaan te kan maak by sterk mededinging van sensasionele buitelandse lektuur, swak smaak en sensasielus van die algemene publiek, oorweging van wat geskik is vir skoolleerlinge met die oog op „voorskrywe” vir eksamens, en, moontlik gebrekkige aanleg vir dié genre.

Uitgaande van 'n lang lys groot romans uit agt lande het ek elders (O.E.B., XX/I) gemeen die volgende algemene karakteristiek te mag voorhou, waarteenoor ons dan, argumentshalwe en nie om te vergelyk nie, telkens bepaalde tekortkominge van ons eie sou kan oorweeg. Hier volg dit:

1. Aktualiteit: die roman waardeur die beweging van tyd en milieu golf, teenoor blote versinsels van situasie, karakter, intrige.
2. Dryfkragte van die maatskappy en hulle invloed op karakter, teenoor 'n „dun” verhaal.
3. Noodwendigheid of „noodlot” van gebeure teenoor bloot uiterlike beplanning.
4. Noodwendigheid van karakter teenoor bedagte kunsmatige figure.
5. Die nodige afstand en geestesvryheid t.o.v. die roman-gegewens teenoor bevangenheid, vooroordeel en taboes en hulle beperking van die gees.
6. Visie in die algemeen-menslike teenoor seksionele uitkyk, koloniale mentaliteit.
7. Objektiviteit van siening teenoor gedagte-wêreld van een figuur, of van die outeur self met voor- en afkeure.
8. Konkreetheid van voorstelling teenoor abstrakte toeligting.
9. Objektiviteit van styl teenoor lirisme.
10. Sosiale bewussyn teenoor individualistiese afsondering (soos in veel poësie).
11. Ruwe grondstowwe teenoor die eensydige prekkupasie met die „mooie.”
12. Vertelkuns (*tegniek* van vertelling t.o.v. tydsekwensie en *intrige* t.o.v. kousaliteit van gebeure, met oortuigende ontknoping teenoor hoofsaaklik beeldende talent).
13. Dramatiese waardes (vraagstukke van bou, dialoog) teenoor slapheid en dofheid.
14. Doeltreffende taal.

Om met laasgenoemde te begin.

Ons skyn nog altyd te soek na die regte taal in ons romankuns (soos ook in die versdrama nog geëksperimenteer word met die taal). Te veel kry ons nog òf stywe, swaarwigtige onnatuurlike, gekunstelde bloemryke of dorre boektaal òf liriek òf vermomde liriek òf plat taal op verkeerde plek. Die *onopvallende*, vlot beskaafde styl van die skrywer wat naartiglik in gedagte hou die beskaafde leser — soos van Flaubert gesê, wat origens heel goed die nuanses van elke sfeer en passende woord aangevoel het — die *natuurlike* styl vir die roman moet ons nog ontwikkel. Inderdaad skyn die taal nog 'n groot moeilikheid te wees van die Afrikaanse roman. Ons kom weer hierop terug.

Oor die algemeen draai die Afrikaanse prosaïs se ervaringswêreld nog te veel om homself, soos in die liriek

— vandaar ook die veel voorkomende lirisme. Maar die groot roman as epies-dramatiese genre, nou verbonde aan sy milieu en tyd, is in die objektiewe styl.

Tereg is opgemerk dat die liriese roman, soos dié van Joyce, wat nie die maatskappy nie maar die enkeling uitbeeld, waarskynlik beter (sluitender) kuns sou geword het in die versvorm.¹

Voorts wil ek wat nader stilstaan by die geestesvryheid wat nodig is vir 'n groot roman. Sal dit toegelaat word, so word gevra, dat *alles* in Afrikaans gesê word? Het ons te veel konvensie? Ja ook: In hoe 'n mate het ons kerk en Calvinisme invloed op die agterstand van die prosa?

Die agtergrond vir die vrae lyk my die volgende. Daar is bepaalde beperkinge van die gees van die romansier: maatskaplike, politieke, godsdienstige beperkinge deur historiese e.a. omstandighede opgelê by 'n volk wat, meestal uit selfbehoud (beleid of ook blote tradisie), enger kringe om dinge trek. Hierdie beperkinge belemmer 'n ruim, ope visie, soos die romankuns dit vereis. Hoe veel vryer daarenteen staan 'n skrywer van 'n wêreldryk soos E. M. Forster of ... Bernard Shaw! Ons skrywers laat hulself noueliks toe om slegs die kuns en sy wette te laat geld, of om geheel hulself te wees! Dit is te verwag dat hulle werk dan ook eerder eties, sosiologies en politiek belangrik sal wees as artistiek. Interessant hierby is wat Garnt Stuiveling opmerk oor gewestelike, Katoliek-Limburgse groepliteratuur:

„Een toegewijd vakmanschap, dat wellicht etisch van hoger waarde is, dan artistiek. Het is zeker heel wijs, zich te voegen binnen de grenzen die ons gesteld schijnen; maar juist degenen die hun grenzen wagen te overschrijden, behoren mede daarom tot de groten.” „Zolang een bevolkingsgroep bezig is zichzelf te worden, zijn er nog allerlei remmen en beperkingen, die ook de besten verhinderen geheel zichzelf te zijn. Het is de prijs die zij betalen voor de roeping-tot-volwassenheid, die echter eerst onbezwaard het deel zal kunnen zijn van de latere generatie.”²

As dit waar is van 'n groep, hoe veel meer van 'n ontwikkelende volk. In hierdie nasionale proses het ons skrywers 'n welbewuste en eervolle rol gespeel.

Maar ander tye bring ander verantwoordelikhede. En ek glo daar is die nuwe rol van ruim en suiwerder kunstenaar wees om die *hele* mens te gee, wat van nie minder nasionale

¹ Dr. M. de Villiers in Skrywer en Leser, *Die Huisgenoot*, 22.4.1949.

² *Het boek van nu*. Julie 1959, p. 210.

betekenis is nie, soos bewys deur ons voortreflike moderne poësie. Daartoe moet die skrywer opnuut sy verhouding bepaal tot die maatskappy en die kragte wat daarin werk, veral in 'n veel-rassige land, en by die verstedeliking van die Afrikaner.

Hoe konserwatief ons houding in die algemeen is, het onlangs weer geblyk uit die oorversigtige sensuur op buitelandse literatuur en die onversigtige voorstelle vir 'n binnelandse sensuur. Intussen baljaar dit in die kamp van smaaklose seksvoorstelling en — nog skadeliker — uitspin van ongure hofverslae, terwyl oor *noodsaaklike* openbaringe van die lewe ons die sluier trek.

Ons digters staan oor die algemeen innerlik vryer, ruimer in hulle verbeelding, vereenselwig hulle nie met 'n besondere ideologie nie, is minder vrees-bevange. Ons poësie is veel meer volwasse, het meer dramatiese visie op die lewe, daarin word dinge gesê oor God, geslagtelike verhoudinge, ander rasse, die bose, die stad, die universele en ewige wat die skrywer van die massa-medium, die roman, sou afskrik. In die roman word veeleer sekere konsessies gedoen aan die knusse openbare mening van die dag. Maar die intelligente leser vra om leesbare en volwasse romans. As hy dit slegs in Engels kan kry, lewer dit 'n gevaar op vir Afrikaans. Ook dr. H. v.d. Merwe Scholtz het in die S.A.U.K. se radioreeks „Wat van ons Letterkunde” (as brosjure uitgegee 1958) op die gevaar gewys:

„Dis nog geensins te laat om van ons mense, van ons intelligente en ontwikkelde mense, aan die Engelse taal en kultuur te verloor nie . . . Ons lewe 'n soort dubbele lewe: 'n respektabele maar dan ook nogal beskermdede een in Afrikaans, 'n avontuurlike en wye-wêreldse in Engels. Dit het al gebeur, en dit kan weer gebeur, dat hierdie heen-en-weer-lopery later 'n oorlopery word.”

Nog sterker klink dit by Van Wyk Louw (in dieselfde reeks):

„As Afrikaans vir die leser vereenselwig word met die swaar-op-die-handse, die gekunstelde, die onleesbaarbloemryke, en Engels daarenteen met die vrye, die vlotte . . . die taal, waarin 'n mens dinge kan lees wat diep in jou lewe ingryp . . . as dit gebeur, is dit klaar met ons taal.”

Reeds in die breedte is daar veel wat moet aangevul word. Waar is ons historiese roman oor die Groot Trek? Waar ons biografieë van ons volkshelde Kruger en De Wet? Maar veral moet daar veel *dieper* gegaan word na die wortels van ons bestaan, die donker ondergrond, die bose ook. Maar die groot objektiewe roman vra weer om 'n volwasse

publiek. En dan moet deur onderwys en verruimende kennis 'n volkome volwasse publiek gevorm word wat sulke literatuur dan sal kan *dra en nie net verdra nie*.

Ja, groot romankuns stel eise aan intellek en gees groter as dié waaroor ons skynbaar nog beskik. Dit kan gevra word of ons volk al ryp is vir die volwaardige roman. Want die roman *is* meer op die maatskappy gerig en *moet* op 'n groter publiek van lesers steun. Derhalwe sal dit ook meer in die teken van algemene volksontwikkeling staan as die poësie en moderne skilder- en beeldhoukuns, wat eerder uiting van die kulturele *avant-garde* is... 'n kuns van weiniges vir weiniges.

Maar, kla mnr. J. J. Human, die Afrikaners koop nie boeke nie en dit ten spyte van die feit dat „tussen 50,000 en 60,000 mense die afsluitingsfees in verband met die Wonder van Afrikaans in Pretoria bygewoon het en 70,000 lapelwapens met die ‚wonder‘ verkoop is.” „Vergelykings toon dat, na bevolkingsverhouding, die Engelssprekende Suid-Afrikaner gemiddeld drie keer soveel boeke koop as die Afrikaner (en dit maak voorsiening vir die Engelse boeke wat deur Afrikaners gekoop word); verder dat, in vergelyking met ander klein lande en weer na bevolkingsverhouding, Afrikaanse opslae gemiddeld eenkwart en die Afrikaanse jaarlikse boekproduksie gemiddeld die helfte is van wat dit normaalweg behoort te wees.”

Hy vervolg dat as dié toestand nie verbeter nie, as die huidige publikasie-moontlikhede van die Afrikaanse uitgewer nie vergroot word nie, die intellektuele Afrikaner hom nog meer as tans op geskifte in Engels, sy „tweede moedertaal,” sal moet verlaat.

En hy waarsku: „'n Mens hoef nie 'n genie te wees om te besef hoe rampspoedig dit vir ons hele volksbestaan kan wees as ons intellektuele gedagtewisseling hoofsaaklik deur medium van Engels plaasvind nie.”³

Ons kritikus het gelyk as hy die geringe belangstelling van ons mense in kulturele sake laat: dink ook aan die onvolwassenheid van ons publiek en gebrek aan belangstelling by kunstentoonstellings of musiekuitvoerings. Maar moet 'n gedeelte van die skuld dan nie ook tuis gebring word by genoemde beperkinge van die Afrikaanse skrywer en gebreke in sy taal en styl en 'n algemene saaiheid van aanbieding nie?

Ons skrywers bly nog onseker rondtas. Neem ons persoonlike lewe in die roman: daar is die dobbering tussen

³ *Die Huisgenoot*, 11 Sept. 1959.

naakte lewensonthulling en Calvinistiese tradisie van afkeer van die „wêreld.” Of neem ons grootste maatskaplike vraagstuk, dié van kleur: daar dobber ons skrywers tussen die eise van ons *voortbestaan* (soos òns dit sien) en die eise van onbevangene kuns en gemeenskaplike *menslikheid*. Dink maar aan die so populêre idilliese voorstelling deur G. A. Franz van naturelle wat meer bekommerd is oor die Boer se toekoms as oor hul eie — alles liefsoos ver weg moontlik van die brandende aktualiteit!

So stel ons ons nog altyd tevrede met 'n sekere mooi-doenery — selfs by die lelike want dié gaan nie diep nie; van die angstige, skrikwekkende, bese, bly ons liefsoos weg.

Ons romankuns mis die gekompliseerde lewe, dit mis diepte, passie, hewigheid, gloed.

Wat nou die konvensioneel liriese in ons prosa betref, ons Afrikaanse literatuur was nog altyd 'n landelike en so is ook die idilliese en selfbeskouende lirisme daarin verstaanbaar. Landelik-patrioties en idillies was selfs die sg. realisme van Van Bruggen se armblankedom: provinsiaal *leuk* sou die Hollanders Ampie en Goor Dawid se kaskenades noem! Maar nou dat ook die platteland sy idilliese karakter verloor het en Afrikaners vir meer as die helfte in die stede sit: sou hierdie feit miskien belofte inhou vir meer dramatiese visie in die roman van die toekoms? Moontlik, maar dan moet die Afrikaanse skrywer sy sentimentaliteit oor die vermeende deugde van die platteland en die ooreenstemmende ondeugde van die stad laat vaar en die stad as sy natuurlike milieu eers leer ken het, in harmonie gekom het met homself. Tot dusver het die Afrikaanse skrywer in die stad weinig essensiële siening gebring. Die verwagte dramatiese verruiming en verdieping van ons realisme by ontdekking van die grootstad — soos dit in Vlaandere rondom 1910 die geval was — dit het nog uitgebly, omdat ons skrywers nog altyd dobber tussen stad en land. Ons stede is ook nie stede in die Europese sin van die woord nie: ou gevestigde setels van nasionale kultuur nie, maar moderne industrie- en nywerheidsentra en die Afrikaner wat daarvoor skrywe bly stilstaan by growwe, patetiese kontraste van ryk-arm, of lug nostalgies sy verlange na die plaas, of gee 'n karikatuur van die stadslewe vanuit sy (nog oorgehoue) plaasmentaliteit. Ons is steeds bewus van die outeur, sy voor- en afkeer van mense en dinge, sy verlange na die verlore „boerevolk.”

Maar die „verlore land” sal moet herwin word *in* die stad. In die stad sal die Afrikaner sy volksdeugde moet aankweek, in watter nuwe manifestasies dan ook, en dáár sy eie

beskawingsvorm ontwikkel. En eers as hy die krisis in ons beskawing deur verstedeliking te bowe gekom en as stads-mens die nodige maatskaplike en kulturele ewewig bereik het, en ruim en vry kan staan in sy oortuiging en dit só natuurlik dat hy hom nie meer daarvan bewus is nie! — sou hy die moontlikheid wat die stad bied van naakter lewensmanifestasie, groter en noodlottiger spanninge by kompakte maatskaplike lae en bewoëner ritme van bestaan kan aanwend vir 'n groot roman. Die stad dan as teelaarde nie net vir 'n groot stadsroman nie, maar óók van 'n roman oor die *muthos* van die volk, maar dan gesien met ruimer perspektief as in die so verdienstelike aanvoorwerk van Malherbe se Bybelse en pionierromans.

Afrikaans sal 'n stadstaal word namate die Afrikaner hom daar inleef. Terloops noem ek nog die invloed wat stadsgesprekke, by sterk verskillende sosiale lae, vir die taal van die roman kán hê, as ons dink aan die dialoog in die Engelse en Franse romans soos dit geslyp is onder invloed van die konwersasie van die Engelse hoëre midde-stand en die Franse salongesprekke. (Maar asseblief! ons wil geen kleurlose, society-voorkamer-Afrikaans hê nie!)

As ons landelike literatuur dan beperk is tot tyd en lokaliteit, begrens is in sy gemoedlike uitkyk op die lewe en meer aan die konvensionele onderhewig, dan sou die vrye en diepwortelende roman van die toekoms produk van die stadsbeskawing kán wees. Maar eers wanneer die Afrikaner homself (en sy taal) in die stad volkome sal gevind het.*

Maar, zoals Lo Duca terecht vasstelt: zodra de kunst, al was het dan maar op dubbelzinnige wijze, erotisch wordt, verdwijnt zij meteen als kunst; want het kunstwerk is bij definitie een schepping van de geest. — Raymond Brulez, Nieuw Vlaams Tijdschrift, XIII/2, 1919, bl. 221.

* Voorlesing voor die Afrikaanse Skrywerskring, Jaarvergadering September 1959.

LORENZ SCHULTZ:

Ouma Kytie wil Huistoe

Dit was weer eens Kersfees!

Ouma Kytie sug. Ag, ja, hoeveel keer het sy nou al Kersfees gevier? Nee, sy weet nie meer presies nie, want sy wou nooit die Kersfeeste van haar kinderjare meetel nie. Sy het toe mos nog nie behoorlik besef wat Kersfees beteken nie. Maar sedert die jaar dat sy wel volkome begryp het, het sy die geboortedag van OnsliewenHeer al seker 'n keer of tagtig gevier.

Vandat sy klein was, deur al die jare heen, was hierdie dag altyd gevier met kerkbesoek. Eers na die kerk was daar die feestelike stemming tuis: eers by vader en moeder en toe later in 'n eie huis met eie kinders. Hulle was bekeerde mense en het nooit aan die uitspattighede van die ander bruinvolk deelgeneem nie.

Rykdom het sy nooit geken nie en dit was maar baie selde dat sy geld in haar hande gehad het. Nie dat dit juis saak gemaak het nie, want met Kersfees was daar nog altyd 'n stuk melktert met skilferkors, 'n lekker stukkie skaapvleis en dikwels selfs 'n vet hoendertjie. Sy en haar oorlede man — hy was skrynwerker en het ook 'n bietjie messelwerk gedoen — het mekaar dan geskenke gegee, hy vir haar 'n stuk sisgoed vir 'n eenvoudige voorskoot of 'n kleurige kopdoek en sy vir hom 'n paar stukkie klere wat sy met wasgoed verdien en later mooi gelap en gestop het. Meer kon hulle nie bekostig nie.

Ja, dit was ware feestelikheid, want hoe kon 'n mens dan anders as om bly, bly, baie bly te wees dat OnsliewenHeer gebore is, liewen Jesus by wie elkeen en almal steun kon vind en krag kon put as die ou lewe opdraans loop.

Maar nou was Ouma Kytie stoksielalleen in haar verweerde huisie agter die klompie silwerstam bloekoms, heeltemal eenkant van die rooikleiplatdakhuse van Vaaldraai, aan die rand van 'n klein-Karose dorpie. Die rietdak is al verweer en stukke riet hang met lang slierte oor die mure wat jare laas 'n witkalk-kwas geken het. En tog sal sy hierdie huisie nooit vir 'n ander ruil nie, want hier het sy saam met haar man kom woon na hulle troue, hier het sy haar enigste kind grootgemaak, hier het sy haar man se oë toegemaak en hom self help kis. Toe hulle dogter swanger geword en na Johannesburg weggeloop het, om haar skande te verberg, was die slag vir hom te swaar.

Voor sy dood het hy nog 'n muurtjie en ruwe bankie vir haar aan die windkant van die baksteenstoepie gebou. Hier het sy op winter-Sondae gaan sit en mymer en saggies gewyde liedere gesing as die smart en verlange vir haar te veel geword het. Gedurende die week het harde werk agter die wasgoedbad en die stryktafel gehelp om die swarigheid in haar hart opsy te stoot, maar op Sondae en veral op Kersfees . . . Hulle het nooit baie kuiermense ontvang nie — daar was nie baie van hulle „opstêrs-soort” op Vaaldraai nie — en al haar kennisse het al gedurende die afgelope paar jaar na die wonings van die Vader verhuis.

Die dogter het sedert sy weggeloopte het, nooit weer van haar laat hoor nie, totdat gister 'n foto met 'n kort briefie daaraan hier aangekom het. Gelukkig het eerwaarde gistermiddag kom besoek en die brief voorgelees — haar ou oë sien alles vaal. Dit gaan goed met Dina, sy het 'n goeie man en saam met „die eerste een” het hulle nou vier kinders. Die „eerste een” kan goed leer en is nou in die hoërskool. Hoe gaan dit met vader? Is moeder nog gesond? Op die foto staan 'n netjiese huis met 'n blomtuin daaromheen en die gesin sit op die stoepmuurtjie. Die kleinste hou 'n kat vas.

Ouma Kytie sug en met die een asemtog blaas sy die drome, kommer en gedagtes van baie jare weg. Alles is nou goed en soos dit hoort. Nou het sy nog net een wens oor. Elke mens, ryk of arm, is geregtig op 'n wens op Kersdag. Hierdie keer weet sy dârem nie wat sy moet wens nie. Miskien as sy 'n paar Psalms en Gesange sing . . . Wag, sy wil nog 'n slag na die foto kyk.

By die deur rus sy so 'n bietjie voordat sy verder die netjiese huisie binnesukkel. Sy het vanoggend vroeg al aankant gemaak, slegs die allernoodsaaklikste weliswaar, maar as 'n mens oud is en alleen bly, is daar ook nie juis baie om skoon te hou nie. Buitendien, sy het die meeste werk op die dag voor Kersfees voltooi. Swaar-leunend op die eenvoudige buffet haal sy uit 'n ou teeblikkie die foto en die brief. Sy neem die Psalm- en Gesangeboek van die tafel af en soek-soek weer die paar tree na die klipbankie op die stoep af.

Sy tuur lank na die foto voordat sy die Psalm- en Gesangeboek oopslaan en saggies begin sing, sonder om egter in die boek te kyk. Dit was immers nie nodig nie, want elke lied in hierdie boek staan in haar hart geskryf. Sonder dat sy haar daarvan bewus is, slaan sy die boek toe en voel met die toppe van die krom vingers oor die ruwe leerbuiteband met die letters „Psalmen en Gezangen” daarin gedruk. Dan hou sy skielik op met sing, want sy

weet nou wat sy wil wens. 'n Sterk verlange om huistoe te gaan het hom van haar meester gemaak. Sy sluit haar oë.

„Liewen Heer, gee vir my vir 'n Kersgeskenk die voorreg om huistoe te gaan, werklik huistoe. Ons Vader, laat nog net hierdie een wens van my vervul word.”

Sy maak haar oë oop maar sien nie die dinge om haar heen nie — die donkies wat hangkop en sloffend met die sandpad aanstap, die lekkerlyf jong wat, ghitaar onder die blad, langstryk stap na 'n paartie op Vaaldraai.

„Liewen Heer, as ek dan by die hemel kom, sal Liewen Heer natuurlik na my toe loop en vra of ek nou tevrede is en of daar miskien nog iets is wat ek wil hê. Dan moet ek sê dat ek regtig tevrede is, maar aangesien Liewen Heer tog nou vra, ek sal graag 'n paar nuwe voete wil hê. Ek kan nie met hierdie twee siek, rimmetieervoete saam met die Engelskaar van blydschap om U vreugdetroon dans nie. Liewen Heer sal dan vir my 'n paar nuwe voete skink en so sal dit goed wees, so goed dat ek nie sal waag om nog iets te vra nie. En Liewen Heer sal my nuwe voete gee en so sal dit goed wees.

„Maar sê nou maar Liewen Heer kom my daarna weer vra of Hy nie regtig nog iets vir my kan gee nie, dan sal ek eerlik moet wees en sê my oë is nie meer so goed nie en dat hulle al meer as negentig jaar lank vreugde en ook baie verdriet gesien het. Liewen Heer sal dan sekerlik vir my nuwe oë gee waarmee ek na Liewen Heer se ewige groen weivelde kan kyk. Hier was die veld maar selde lank groen. Daar was so baie droogtes. Ja, Liewen Heer sal vir my nuwe oë gee. Maar dan sal ek vir baie, baie lank niks meer durf vra nie.

Is dié tyd dan nou eenmaal verby en Liewen Heer kom weer terug en vra of daar werklik nie meer iets is wat Hy vir my kan skink nie, dan sal ek vir Hom 'n nuwe hart móét vra. Hierdie een wat ek nou het, is nou al gedaan en op. Ek het soveel mense liefgehad en soveel daarvan al weggee dat daar min van die ou hart oorgebly het. En miskien . . . miskien sê Liewen Heer dan:

„Ja, ek sal vir jou 'n nuwe hart gee, ouma Kytie. Ja-nee, jy kry 'n nuwe hart omdat dit die waarheid is dat jy so baie liefgehad het en so baie uit jou hart vir ander gegee het dat hy verslyt geraak het.”

„En as ek dan 'n nuwe hart het, dan . . . nec-nec . . . nec dan is daar heeltemal niks anders wat ek wil hê nie. Dan is alles goed so . . . baie goed . . .”

Die ou hart van Ouma Kytie het toe so bly geword dat dit

uiteindelik kon gaan rus, dat hy vir oulaas nog eenkeer geklop het met so 'n klein bly springetjie en toe gaan stillê, sodat Ouma Kytie se wens vervul is en sy dié Kersoggend na haar werklike huis gegaan het.

Het boek is gegroeid uit de innerlijke ervaring van de schrijver, de donkere diepten van zijn zieleleven, uit de verrukkingen van zijn vreugden, uit de woestijnen van zijn leed, — en nu komt de lezer dit boek tegemoet met een andere wereld, zijn wereld. Is doorleefde lektuur geen toetsen van de eigen waarden aan de diepe bewogenheid van een boek? Is lezen geen konfrontatie van eigen ervaring en levensinzicht met de visie van de schrijver op mensen en dingen? — E. van Hemeldonck [Dietsche Warande en Belfort, Jul. 1959/6, bl. 382/2].

ANDRÉ ROUX:

Quid Est Veritas?

I

*Herodes, ons sal nie verder twis.
Gee my die wensbeen van 'n duif
en laat ons trek
en so besluit oor wie van ons
moet beslis en vonnis vel
oor hierdie Mens.*

*Bring water! Skep die oseane leeg.
Só sal ek die onreg wat ek pleeg
op ander werp.*

*Hierdie Mens móét sterf.
Ek ken die wet wat my aan Rome bind,
maar hierdie Wet, dié ken ek nie.
Hierdie Mens wat sonder sonde is,
hoe pas hy in by ons sisteem van reg, verkeerd?
Wat is Waarheid? Is Hy die antwoord?
Dan móét Hy sterf.*

II

*Die trein van Warskou na Petersburg
sit volgepak en iewers in die derdeklas
beef prins Myshkin, sonder jas.*

*Dostojefski wou 'n Christus skep
maar wis nie van die Ander Wet
en eindig met 'n Idioot.*

III

*Pär Lagerkvist vind 'n God,
'n ou man wat by 'n klein lantern
in die donker blokke hout opsaag.*

„Is U God? En wat het U met ons bedoel?”

*„Ek het gehandel so goed Ek kon,
en met die lewe het Ek
niks merkwaardigs ooit bedoel.
Ek het gehandel so goed Ek kon.
Al het ek jul in smart en pyn gelaat.
Ek dra 'n groter las,
Julle kan tog eendag sterf, maar Ek?
Ek sang.
Ek IS, en daarom moet ek leef,
vir ewig leef, en saag.
DIT is die Wet, my IS.”*

Die Verlore Skaap

*U het hom na U beeld gemaak,
hom uitgesmyt op straat:
die blinde met die wit stok van sy vrees,
die houtbeenman wat aan die toe deur klop.*

*Uit watter turfgrond kom die stof,
U maaksel, U wat IS,
of moet hy om 'n Adam boet?*

*Hy het U met sy klein verstand gesoek,
gereeld die kerk besoek
en niks gevind.*

*Toe slurp die draaikolk van 'n dwarrelwolk hom op
en slaan die kruiddamp uit hom uit.*

*'n Kewer stroop die bas
wat om sy stam en takke was.*

Die aarde suig sy bene vas.

*U het hom na U beeld gemaak
— 'n weekdier sonder dop —
hom naak gelaat.*

*Hy val.
In die turf het U hom gevind.*

Twee Mossies

(Matth. 10:29)

*Bedags
krimp hy in sy skuilplek weg
en slaap die pynverwarde slaap,
die eenoogslaap,
of lek die poot wat nie wil loop.*

*Maar snags
kruip hy na die rant
se hoogste knop en roep
die jakkalsroep,
die noodkreet van die jakkalsvolk.*

*Sy weeklag is
'n styfgespanne veer
wat losskiet oor die donker veld,
spiraal
die Kosmos in, verby die grens
van alle syn.*

*Uit die Donker Land
kring die antwoord terug:
„Sonder My
kan geen skepsel ly.
Dis Ek
wat met die mossie op die aarde val.
My linkerpoot
is ook verlam.”*

Balansstaat

Ek skuld vir jou,

jy skuld vir my.

Dis swart vir jou,

dis rooi vir my.

Dis rooi vir jou.

dis swart vir my.

Wie skuld wat, vir wie?

*Maar nou's dit afgesluit
en oor ons staat van skuld, krediet,
het God 'n streep getrek,
die Dik Rooi Streep
van Sy Besluit.*

M. S. DU BUISSON:

Bestaansworsteling by die Jonger Afrikaanse Prosaïste

In hierdie kort toeligtig bepaal ek my hoofsaaklik by enkele jongere Afrikaanse prosaskrywers en dan spits ek my in besonder toe op die lewende prinsipes of idees in die geesteslewe van die skrywer waarvan die geskrewe teks die uitdrukking is. Ons soek in die kunswerk na die menslike gees wat daarin gekonkretiseer is. Ons bepaal ons derhalwe by die worstelende lewe wat in die kunsskepping geestelike betekenis vir die kunstenaar verkry.

Alles wat geskrywe is, het uit die mens ontstaan. Wie is daardie mens? In watter houding kom hy te staan teenoor die hom omringende wêreld, teenoor sy medemens, teenoor homself, teenoor God? In watter wyse is sy werk 'n weerspieëling, 'n verwoording van sy stryd om die sin van die bestaan, 'n vertolking van sy besef as geworpe-syn?

Hierdie ontleding bring vanself mee dat die lewensbeskouing van die skrywer skerp onder die soeklig kom.

Ons kan vyf probleme noem wat die wêreldbeskouing van die skrywer kan bepaal en beheer en wat aan sy kunswerk 'n lewensboodskap met algemene draagwydte kan gee:

1. die religieuse probleem, met die verskillende spanningsverhoudinge tussen mens en God, verganklikheid en onsterflikheid;
2. die probleem van die menslike lot, met die spanning tussen vryheid en noodwendigheid;
3. die natuurprobleem, met die menigvuldige verhoudinge tussen die mens en die natuur;
4. die probleem van die verhouding van die ek en die medemens;
5. die probleem van die liefde en die dood.

Die lewensbeskouing wat om hierdie vyf grondprobleme opgebou word, word herlei tot die mens self as uitgangspunt, as kern van en vir die probleme. Hierdie mens, die skrywer van die roman, is 'n empiriese gegewendheid, tydelik, ruimtelik; maar terselfdertyd is hy die beliggaming van ewige kosmiese magte; hy is tegelyk eindig en oneindig, immanent en transendent.

Elke menslike wese, elke skrywer, is 'n unieke individu met sy eie besondere belange, met sy unieke eieaard, met sy onherhaalbaarheid.

In sy worsteling staan die mens alleen, absoluut alleen.

Hy moet alleen die raaisel probeer oplos, hy moet alleen die probleme deurworstel. Hy is ruimte- en tydgebonde — en dit is sy ongeluk. Daarom poog hy voortdurend om hierdie tyd-ruimtelike begrensing te ontsnap, om die menslike begrensheid te transendeer; om 'n vreemde wêreld te skep. Die mens is nie staties nie, hy is nie, hy *word*. Die mens is werklikheid-in-wording.

Die mens het 'n hartstogtelike belang in sy eie eksistensie en tegelykertyd 'n hartstogtelike vrees vir uitwissing. Sy besorgdheid oor sy eie bestaan gaan gepaard met sy worsteling weg van die afgrond van die nie-bestaan. Bestaan en nie-bestaan is vir die mens aaneengeskakel; die eksistensie sluit die moontlikheid van die nie-eksistensie in.

Die kunstenaar het tot taak om deur te dring tot die diepere, eintlike wese van die *ek*, die ek as eksistensie met die moontlikheid tot nie-eksistensie.

By etlike van ons jongere prosakunstenaars het ons daardie indringing in die lewe, in die sin van die bestaan, in die grondprobleme wat die wêreldbeeld vorm. Die skrywer is gekonfronteer met sy eie syn, die syn as syn-tot-die-angs, as syn-tot-dood, maar ook as syn-tot-die-lewe. As eindige wese kom hy te staan teenoor die Oneindige, as tydruimtelike wese kom hy te staan teenoor God as die Bo-tydelike, die Bo-ruimtelike. Hy neem stelling in teenoor die probleem van die menslike lot, die natuurprobleem, die probleem van die verhouding tot die medemens, die probleem van die liefde en die dood.

DIE IDEOLOGIESE BY W. A. DE KLERK

Ons begin met 'n aanhaling uit De Klerk se brief aan prof. A. J. Coetzee, April 1958, waarin hy die hooftema van sy kunswerk saamvat as „die filosofie van die gebroke mens, die mens wat te staan kom voor sy eie alleenheid, ontredde, maar tog nooit sy moed en waardigheid verloor nie.”

In *Die Grenslose* val die soeklig op die mens, Anna. Sy het baie spronge gewaag, baie keuses gedoen. Met die laaste sprong het sy geval — en sy kies die kortpad uit die lewe wat verwarring geword het.

In *Die Wolkemaker* moet die lewe persoonlik verwerp word. Die oorskrydingsdrif is die grootste prikkel tot heenreiking anderkant die situasie waarin die mens hom bevind. De Klerk sê hiervan: „nie *sum* nie, maar *sursum*. Ek is nie. Ek *word*.”

In *Nelia Bell* word 'n ander wysgerige situasie belig. Die skrywer kom tot die slotsom: „Die hooffiguur kan uit-

eindelik nie die mas opkom nie en soek 'n ander kortpad, nl. deur die kwade te wil uitroei. Maar hy sien die *kwade* as essensieel deel van die mensbestaan: „die kwade het 'n eienaardige noodwendigheid, d.w.s. ons kan eintlik nie daarsonder nie.”

In die *Uur van Verlange* is die skrywer weer eens besig om na die oplossing van dinge te soek, om die bestaan te deurgrond. Die lewe bly vir altyd krisis, vernuwing, wording. Die mens aanvaar die een uitdaging van die onrus na die ander. „Die ritme bly krisis, daar is 'n ewigdurende staat van eb en vloed, van triomf en neerlaag, van alleenwees en saamwees, van „afskied” en „tuiskoms” van rus en onrus. Die reis het geen einde nie,” sê De Klerk.

In *Die Eensames* het ons dieselfde gedagtes. Die mens is „vreemd” in hierdie lewe; heimatlos, soos Hölderlin dit stel; „die wêreld is (sy) tuiste nie,” in die woorde van Totius.

Die ontstellende besef dring egter tot hierdie soekende siel deur dat die lewensritme slegs moontlik is as die draer van die kwade aanwesig is — weer die ineengestrenghedheid van die bese en die goeie.

O, Heilige Onrus bevat 'n herhaling van die grondtemas, van die worstelinge om die gesitueerdheid te oorskry, om die self te transendeer; weer eens die herhaalde krisisse en die terugkeer na die lig. Die heilige onrus is eintlik die wyse waarop die begrip van die Oneindige op die mens inwerk.

Die groot rigtingslyne in *De Klerk* se werk vat hy soos volg saam: „Afskied, alleenwees, terugkoms, die tegemoetgaan van die chaos (kwade), vernuwing uit onrus, die sigvoortuit-wees, wat die sprong in die donkerte is, die vreemdheid wat jou tref wanneer die lig van die heelal oor jou breek.”

In sy werke worstel De Klerk om die tydruimtelike situasie te oorskry, om die oplossing in die transendente te soek; maar steeds kom hy met 'n skok tot die besef dat hy aardgebonde is, dat die goeie aan die kwade verstrengel is. Hy hunker na die onbereikbare, maar hy bly vasgekeer in 'n kou; hy wond sy vlerke soos hy soek na 'n uitvlugmoontlikheid, maar dan staan hy sukkelende weer op en worstel opnuut om die krisis van lewe en dood te bowe te kom.

De Klerk is nie die nihilistiese soeker nie; hy is aardgebonde, maar bly steeds hunkerend na die ewige en die oneindige; hy belewe die krisisse, maar hy aanvaar dit as inwerkinge van die Heilige Gees van God in sy wese om hom deur die onrus tot nuwe keuses te dwing.

Met die jarelange worstelinge in sy werk om tot die lig te kom, met sy verdieping in die moderne Wes-Europese wysgerige denke, met sy inherente krag om die menssyn te deurgrond, om sterk karakters te beeld, kan De Klerk deur inspanning en oorgawe en met jarelange toewyding aan een enkele werk, die groot roman in Afrikaans lewer, waarop ons almal reikhalsend wag.

ABEL COETZEE EN SY STRYD OM DIE SYN TE DEURGROND

By Abel Coetzee wil ek slegs na een werk, sy novelle *Lewenslank*, verwys.

Dit is 'n kunswerk wat die diepte van 'n enkele mens se vlugtige verskyning in sy tydruimtelike dasein peil. Hierdie verskyning word gesitueer in 'n stadsmilieu, wat slegs as toevallige raamwerk dien vir die sinsbestaan in die „Onrus,” die grootstad in die verhaal.

Dit is die verhaal van die soeke van die enkeling na ewige waardes. Hierdie soeke beweeg op verskillende niveaus. Eerstens is dit 'n worsteling om die tydstruktuur te deurgrond; hierdie moment, waarin die „ek” hom bevind en wat „die hede” genoem word, is slegs 'n stippeltjie in die volmaakte, kring, sonder begin, sonder einde, waar die verlede en die toekoms in die hede onlosmaaklik verbind word.

Die worsteling vervloei in die vraag oor die syn van die „ek”: Angs omknel die syn as hy sy bestaansin probeer deurgrond, ang wat geprojekteer word uit die angsmomente van die kinderjare.

Met besondere diepgang word verwoord hoe die syn weë en middele vind om die knellinge in die bestaan in die tyd, in „Onrus” te ontvlug. Dit geskied in die droom, in „nagvlugte”, in die opsoek van rustiger oorde. Dit geskied in die droomvlug na Moskou en in die vlugte na die idilliese plaasjeugbestaan.

Die moderne eensaamheid waarin die syn gewerp is, word deur die skrywer deurworstel. Die enkeling, bewus van sy eensaamte, wil hom al meer en meer aan my medemens onttrek.

Terwyl ons etlike vlakke in die stof en die aanbieding kan ontleed, is daar een bepaalde vlak wat al die ander oorkoepel en wat die hoogste sin aan hierdie stryd om die bestaan kan verleen, die vlak naamlik, van die Bowe-Sinnelike; die hunkering van die mens terug na die oerstilte waaruit die syn buite sy wete tydelik tot vorm gewek is. Hierdie vorm-

gewing in die tyd en in die ruimte is wat ons „lewe” noem. Daarbuite is God wat nie aan die vorm, dit is aan die tyd of die ruimte, gebonde is nie. Die aardse bestaan verkry derhalwe sin en betekenis in die soeke na die Oneindige, nie in die worsteling tot aardse onsterflikheid nie, dit impliseer dat die tydelike of nie-ewige verewig word, wat immers 'n onmoontlike teenstrydigheid bly. Vir die skrywer verkry die aardse bestaan uiteindelik sin in die geestesvlugte „na reiniging uit die besmetting van die stoflike,” na „bevryding uit die vorm wat jou aan die stof bind”; dit is 'n worsteling teen die hede, teen die aardse, teen die vorm, alles faktore wat die syn tot 'n karikatuur van die skepsel wat God gewil het, maak. Dit is vir die mens as geesteswese 'n kastyding om in die tyd, in die vorm te eksisteer, vir lewenslank, tot die einde daar is.

God is die Oneindige, die Bo-Kosmiese, wat die enigste doel van die bestaan vorm. Hier in die tydruimtelike wat die antitese is van die wese van God, hier is die bestaan 'n „Onrus”; en sonder God is hierdie bestaan-in-die-vorm doelloos, wesenloos, inhoudloos.

Lewenslank is die vergestaltung van die syn wat worstel om uit die omstrengeling van die stof los te kom, wat besef dat die uiteindelige vrywording van die gees slegs moontlik is deur die transendering van die stof.

Hierdie werk probeer om 'n antwoord te gee aan die synsvraagstukke, waarmee die ontredderde twintigste-eeuse mens worstel.

Dit is 'n nuwe geluid in ons prosaliteratuur — maar of die skrywer in staat sal wees om 'n werk van groter omvang om dieselfde verlossingstema te lewer, sal die toekoms ons moet leer.

J. S. RABIE SE EKSISTENSIALISME

Ek wil my hoofsaaklik bepaal by twee van Rabie se bundels kortverhale en sketse, t.w. *Een-en-twintig*, en *Dakkamer en Agterplaas*. Sy jongste werk, *Ons, die Afgod*, hou vir my te veel opsetliks in om na groot kuns te reik.

In die twee betrokke bundels vind ons Rabie as die wysgerig-lewende mens, worstelende om die eksistensie. Laat ons vooraf nadruklik verklaar dat daar ongetwyfeld spore van beïnvloeding is van Sartre, Heidegger, selfs van Camus en Kafka — maar dit doen nie af aan die egtheid van die beleving van sy stofgegewe nie.

Die verworping van die Westerse kultuur, die onstellende enkel-wees van die menssyn, die krisis van elke keuse, die

geworpenheid in 'n situasie — dit alles kom meermale voor in Rabie se verhale en toon duidelik die geestelike dampkring waarin hy beweeg.

Ek beskou die twee bundels nie as meesterwerke nie, maar as ryke beloftes. Die beloftes bestaan eerstens daarin dat ons in hierdie prosa die mens vind in sy grootmenslikheid: hy kom te staan teenoor ewigheidsmomente, en tog is hy onafskeidelik deel van die tydsgebeure; hy is die eensaamste van alle geskape wesens, afgesonder van God en die medemens, en tog kan hy nie in die eensaamte sy bestaan verwesenlik nie, hy soek na die medemenslike; hy het afstand gedoen van die ou menslike waardes, en tog het hy die nuwes nie verwerp nie; hy is die individueelste van alle skepsels en tog verloor hy sy individualisme.

Die ondergang van etlike van die karakters in sy verhale is te wyte aan die nihilisme van die bestaan. Daar is geen transendentale vlak waaraan die mens in sy ontredde in die tydruimtelike kan vasklou nie: hy is troosteloos verlate en eensaam in hierdie bestaansituasie en moet daaraan ondergaan.

Die skuldbesef van 'n Heidegger vind ons verkonkretiseer in *Die man met die swaar been*; dit word hier 'n syn-tot-die-skuld, nie slegs die skuld van die *ek* nie, maar die skuld van die ganse mensdom.

Die skuldbesef en die absurde lei dikwels in sy verhale tot die waansin. Vir die ontredde mens is die oplossing slegs in die waansin nog moontlik.

In sy bundel *Een-en-twintig*, in die verhaal *Droogte*, het ons 'n besonder geslaagde siening van ons kleurprobleem: die verhaal van die witman en die swartman wat saam 'n huis bou. Die huisbouproses word versimboliseer tot die omvattende kern van die kleurprobleem in ons land: die distansiering wat onbewus tussen wit en swart plaasvind, totdat elk in sy eensaamheid, afgesonder van die ander, roep om hulp en toenadering.

In *Dakkamer en Agterplaas* is duideliker spore van die eksistensialisme sigbaar: die geworpe-wees, die deur God en mens verlate wees, die syn-tot-die-angs-begrip. Hier het ons die skrynende besef van alleenheid, gestel as antipool teenoor die lyflike drang tot gemeensaamheid.

In die geheel het Rabie beslis 'n nuwe geluid laat hoor. Maar hy moet waak teen opsetlikhede, teen bewuste simboliek, teen filosofie in plaas van die verhaal. Die wysgerige beskouings moet steeds die ondergrond vorm, die fondament waarop die verhaal gebou word; dit moet egter nooit die bouwerk self word nie.

Laat ons dit duidelik stel: Rabie se twee bundels kortverhale hou die belofte in van groter werk, werk wat ontstaan om die probleme van die syn as geworpe-wees.

*

Dit ontbreek my ongelukkig aan die nodige ruimte om 'n kort ontleding van ander jonger skrywers in wie se werk die ideologiese tot uiting kom, te gee; ek verwys slegs na skrywers soos F. A. Venter, Anna Louw en Elise Muller.

Ek beweer dat die jongste prosa op 'n ontwaking dui, waar etlike skrywers reeds ernstig worstel om die sin van die bestaan te deurgrond; dat die groot prosawerk binne die volgende paar jaar geskryf sal word, waardeur ons prosakuns opnuut op 'n hoë vlak geplaas sal word. Die botsels is reeds daar; die ryp vrug sal binne afsienbare tyd gepluk word.*

Maar zodra er in Vlaanderen geen enkel Frans opschrift te vinden is op winkels en vrachtauto's, zodra bijna niemand in Vlaanderen nog Frans verstaat, krijgen de Fransen automatisch veel meer behoefte aan kennis van het Algemeen Beschaafd Nederlands. En als de Belgische Vlamingen dat meesterlijk beheersen, dan zullen ze de Fransen die de weg vragen voortaan in die taal te woord staan. En elke Vlaming die nog in Frankrijk gaat wonen, zal er trots op zijn om z'n Algemeen Beschaafd Nederlands te blijven gebruiken en hij zal zelfs daar z'n kinderen van die trots doortrekken.

Er zijn geen kleine landen en geen kleine volkeren; er zijn alleen kleine zielen! — Dr. P. C. Paardekooper [Ons Erfdeel, III/1, Sept. 1959, bl 5].

* Voorlesing voor die Afrikaanse Skrywerskring, Jaarvergadering, September 1959.

Oupa

*In die dae toe ek 'n kind was, het ek Oupa gevra —
een middag toe hy koffie sit en drink het op die stoep:
„Sê, Oupatjie, hoe sit die léwe inmekaar?”
Sy spierwit baard het hy nadenkend vasgevat,
sy staalgrys hoof geknik, en stadig toe gesê:*

*„Sien, elke mens, my kind, word hier teen sy sin
gebore (so dink hy), en sterf ook teen sy sin.
Met 'n skreeu van pyn sê jy die wêreld dag,
maar jou tot siens is net 'n sug of 'n snik.
Soos die vrug van die boom swel, so swel ook jy
tot jou bestemde grootte uit, dog daarna
en wéér op jou tyd, begin jy te krimp,
al hoe kleiner, tot jy droog soos 'n rosyn
of vol fyn plooitjies soos 'n winterappel is . . .*

*„Jy gaan baie nagte so snaakserig verlang,
wakkerlê, allenig met jou hartseer in die donker,
en as niemand hoor nie — hulle dink mos jy slaap —
sal jy maar jou snikke in die kussing gaan versmoor.
Maar stadigaan leer mens dat alles ook oorgaan,
om eendag so klein in die verlede te lê.*

*„As jy so 'n knaap is wat al spog met sy baard,
sal jy na iets oor die aarde begin soek;
al die plase platry, maar as die mense vra,
'Ou Nefie, en wat soek jy?' dan hou jy maar jou mond,
moet die antwoord vir jouselwers ook maar kwalik bly . . .*

*„En gewis, my kind, sal die Here jou beproef,
want elkeen moet mos leer wat swaarkry is; onthou
dat jou Pappa noual die plakriem moet laat fluit
omdat jy blý stout wees, en gladnie wil hoor nie!*

*„Ja, Pyn gaan jy om elke draai ontmoet,
sal sy steekmes deur merg en been voel sny!
Lank sal jy begeer om die Liefde teë te kom,
totdat jy ontdek dis maar 'n ander soort van pyn.
Vlees en sy nukke sal jou opdraande gee:
Dit gaan sukkel-sukkel om sy grille te regeer;
hy is te dwars — soos 'n halfgeleerde perd!*

*„En al die swaarkry en kreppeer en sukkelry, my kind,
sal jou op jou knieë voor die Here bring, laat smEEK
dat Hy jou van jouselself, van jou eie aard, moet red.*

As mens klein is soos jy, lyk die lewe vir jou lank,
maar vir my wat al oud is, en sy laaste skof trek,
lyk die pad wat verby is net soos 'n hanetree.

„Die jare vlieg verby mens soos warrelwinde wat
binne 'n oogknip oor die breedte van die stofpad dans;
voor jy weet, lê jy op jou sterfbed en luister
hoe jou mense rondom so suutjies vir jou bid:
„Ag Vader, wees U arme ou sondaar tog genadig!” ”

De Weddenschap

Zij zaten tegenover elkander in de trein, die naar hun geboortestadje in het westen raasde: mijnheer Valère en Mark Algaert. Die eerste wist dat hij een onweerstaanbare jongen was. Hij had golvend haar, een gouden ring aan zijn wijsvinger, een gouden zegelring aan zijn pink en een sigaret, die hij nooit verder dan de helft oprookte voor hij ze wegwierp. Mark Algaert leek vijf jaar ouder dan zijn medereisiger. Hij had een gezicht dat een vage gelijkenis met de trekken van de Judocus Veydt van het schilderij van Van Eyck vertoonde, een nikkelen polshorloge en een pijp, die hij voortdurend liet uitgaan en toch niet missen kon. Hij zat met zijn rug naar de lokomotief, hoewel hij liever over de toekoms droomde dan hij het verleden achternastarde, maar hij was een man die anderen gunde wat hij zelf wenste en dus kreeg hij slechts wat hij verlangde, als hij alleen met zijn verlangen was.

Zij waren laatste-jaarsstudenten in de medicijnen en deden hun stage in een universitaire kliniek. De vader van mijnheer Valère had gaarne gezien dat zijn zoon naar het buitenland ging, om zich in vrouwenziekten te specialiseren.

— Ik doe het echter niet, zei mijnheer Valère, want het vergt een inspanning die niet beloond wordt.

Het werd hoog tijd dat hij van het leven begon te genieten en dat leek hem onmogelijk zo lang hij met de wetenschap van de professoren moest rekening houden.

— Wat weten zij meer dan de boeken, die gediend hebben om hun kursussen op te stellen? De geneeskundige praktijk is een zakelijke aangelegenheid, waarbij het meer op durf en mensenkennis dan op geleerdheid aankomt.

Algaert luisterde met opgetrokken wenkbrauwen. Hij zou gemeend hebben dat het lot hem verwende, had hij over voldoende geld mogen beschikken om verder te studeren.

— Wanneer zullen wij genoeg weten? vroeg hij zich af, een bekentenis die aan zijn medereiziger de bedenking ontlokte dat weten en weten twee is en, hoe minder men weet, hoe minder men moet vergeten.

Algaert moest zijn pijp voor de zesde maal aansteken en streek daarop met zijn hand langs zijn voorhoofd, zoals hij het later zo dikwijls zou doen, dat de inwoners van het dorp waar hij zich gevestigd had, hem de hoofdstrijker zouden

heten. Dat zou evenwel meer als een troetelnaampje dan als een spotternij bedoeld zijn.

— Zodra ik in het bezit van mijn diploma ben, begin ik te werken, zei hij. Mijn ouders kunnen het niet langer betalen. Ik koester ten andere geen buitensporige verwachtingen. Als ik kan rondkomen, acht ik mij tevreden.

— Hum, zei mijnheer Valère. En huwen? Denk je daar soms niet aan?

Algaert begon te blozen als een schoolknaap, die een ondervragen over de aangelegenheden van zijn hart moet doorstaan. Weer bleek dat de gelatenheid waarmede hij met zijn rug naar een rijdende lokomotief zat, een geschenk van de goden was. Zijn vader was een meubelmaker met zeven kinderen. Alleen Mark had mogen studeren, omdat hij de jongste was. Zijn ouders, broeders en zusters hadden voor hem gewerkt en hij achtte er zich toe verplicht hen schadeloos te stellen. Daarvoor bestemde hij nu reeds het geld, dat hij in de eerste jaren zou verdienen.

Niettemin was er iemand van wie hij hield. Zij heette Irène en was de dochter van een kleine fabrikant. Hij had haar op een liefdadigheidsfeest leren kennen en voor één keer dat hij zijn hart de vrije teugel liet, had het een dwaasheid uitgehaald, waarvan hij niets dan onrust had geogst. Het vermoeden dat zijn liefde niet alleen niet beantwoord, maar zelfs nooit bekend zou worden, was hem een bron van verdriet. Hij was voorbestemd om een platte-landsdokter van de oude stempel te worden. Een man met een verfofmaaid boordje en een hart van was, een tikje belachelijk om zijn wijze edelmoedigheid en gewaardeerd als een tovenaer, die nog kan helpen waar gewoon menselijke tussenkomst machteloos blijkt. Irene van Maldegem was niet veroordeeld om aan de zijde van zulk een figuur de legende in te gaan.

— Huwen? Ik denk er nog niet aan, antwoorde Algaert.

Mijnheer Valère glimlachte toegeeflijk, met een mildheid van gemoed, die hem door zijn tienmaal rijker levenservaring gerechtvaardigd scheen.

— De mensen van uw stand trouwen over het algemeen toch vroeg genoeg, merkte hij niet zonder een tikje misprijzen op. Hij beschouwde zich als boven de massa verheven, zoals een volwassen mens boven een bende kinderen.

— Wat heb je nog aan een vrouw, als je de vijftig nadert?

— Wie weet, want dat is de leeftijd waarop je geen moeder meer hebt.

— Toch zal ik niet zo lang wachten. Mijnheer Valère boog naar voren om tot vertrouwelijkheden over te gaan en Algaert rook de zoete geur, die uit het mooie haar van zijn medereiziger opsteeg. Ik heb nu eenmaal een meisje op het oog — je kent haar trouwens ook! — dat me niets zal kunnen weigeren en waarmede ik waarschijnlijk in kennis zal blijven.

— Waarschijnlijk? Ben je er maar zo zeker van?

— Een verstandig man neemt in de liefde geen verplichtingen op zich, want het kan altijd gebeuren dat hij straks iemand ontmoet, die hem beter bevalt.

— Weet zij niets van je gevoelens af?

— De meisjes zijn niet zo naïef. Als een jonge kerel op een bepaalde manier naar hen kijkt, geven zij daar de juiste betekenis aan.

Mark ontweek de zegezekere blik van mijnheer Valère, zich afvragend welk meisje er werd bedoeld. Als het een gemeenschappelijke kennis van hen beiden was, kon de keuze niet zeer uitgebreid zijn. De meisjes met wie hij op voet van gelijkheid moech omgaan, waren zeker de belangstelling van mijnheer Valère niet waard. Dese was immers de zoon van een handelaar, die al verschillende keren rijk als Kresus of arm als Job was geweest. Nu scheen hij weer een ononderbroken voorspoed te genieten.

— Een meisje dat ik kan, wierp Algaert op, kan geen goede partij voor je zijn.

— Toch wel! Hij smakte even met zijn tong en verklaarde: Het is Irène Van Maldegem.

— Onmogelijk! liet Algaert zich ontvallen. Irène was te fijngevoelig, zij had te veel verstand en verbeelding, om zich door een opgeblazen rund te laten inpalmen.

— Onmogelijk?

Algaert betreurde zijn onbedachtheid te laat.

— Onmogelijk? herhaalde mijnheer Valère. Wat durf je erop verwedden? Als hij tegenstand ontmoette, was dat een gewoon voorstel aan hem.

— Wij zullen wedden voor zoveel als je kunt missen. Honderd, vijfhonderd, duizend frank?

Niet voor duizend of vijfhonderd frank, want zoveel geld had Algaert niet. Honderd frank en een ontredde hart, dat was het hoogste bedrag dat hij kon besteden.

— Afsproken. Wij zullen haar morgen samen gaan opzoeken.

Morgen was het zondag.

— Zoals je verkiest, was Algaert's besluit, want hij hoopte dat er toch niets van in huis zou komen.

Mijnheer Valère stak zijn zesde sigaret op, terwijl hij met grote zelfbewustheid door het raamje naar de toekomst keek. Ook Algaert keek door het raampje, maar aangezien hij met zijn rug naar de lokomotief zat, zag hij hetzelfde landschap altijd iets later dan zijn reisgezel. Het was voorzomer en er stond drogend hooi in de weiden. Mijnheer Valère zag eerst de oppers in de verte en rook daarna de geur die door het open raampje naar binnen drong, terwijl Mark eerst het hooi kon ruiken en daarna de oppers zag, als een verzameling negerhutten, die vlug achter de kimlijn verdwenen.

Het was zondag en tegen elf uur zouden zij het voorgenomen bezoek brengen. De zuster van mijnheer Valère was bevriend met Irène en eerst had hij eraan gedacht op haar bemiddeling een beroep te doen. Maar weldra had hij het kinderachtige van die handelwijze ingezien. Waarom zou hij niet zonder meer komen en gaan waar hij het goedvond? Niet iedereen had de kans het bezoek van zulk een rijke en knappe jonge man te ontvangen.

Daarentegen begreep Algaert zeer goed dat hij een dwaasheid begaan had, door zich tot een onvergeeflijke lomphed te laten verleiden. Nu schaamde hij zich over zichzelf! Was hij niet eerlijk als goud geweest, hij zou de moeilijkheid waarvoor hij stond ontweken hebben, door van huis weg te gaan en mijnheer Valère zijn weddenschap alleen te laten winnen. Hij was in zichzelf verdeeld, zoals allen die met een overdreven verantwoordelijkheidsgevoel zijn gezegend en zo liet hij de tijd in besluiteloosheid voorbijgaan.

Nog had hij niet uitgemaakt wat zijn plicht van hem vergde, toen mijnheer Valère met een open auto kwam aangereden.

— Ben je klaar? vroeg hij uit de hoogte.

— meen je het werkelijk?

— Je kent mij voldoende om te weten dat het niet mijn gewoonte is, mij op een onernstige manier aan te stellen.

Het valt te bezien, dacht Algaert, wat we door ernst dienen te verstaan.

Wat verder plaatsgreep, gebeurde als in een droom. Mark stapte in de wagen en zij reden weg, met luide ontploffingen van de motor en een blauw wolkje benzinedamp, dat nog enige sekonden in de straat bleef hangen, tot het opstijgend tussen de huisgevels in de blauwe ruimte verdween.

Na weinige minuten waren zij voor de woning van Van

Maldegem aangekomen. Louter toevallig stond de fabrikant in de hall toen de bel overging en zo kwam het dat hij zelf de deur opendeed. Want hij was een doordrijvend man, terwijl het hem niet aan mensenkennis en een gezonde neiging tot sehalkse humor ontbrak. Hij kende mijnheer Valère voldoende, door de toevallige betrekkingen die hun families onderhielden, om over zijn bezoek een verwondering te doen blijken die hij niet had.

— De heren zijn net op tijd gekomen, stelde hij vast. Nu kunnen wij samen een glas port drinken, als mijn gezelschap u niet onaangenaam is. Ik heb er namelijk een hekel aan, als ik alleen moet drinken, want dat is een zeer vervelende zaak.

Zij dronken een glas port, rookten een sigaar en luisterden welwillend naar de vermakelijke geschiedenissen van de fabrikant. Hij seheen ze opzettelijk te rekken, alsof hij de reden van hun bezoek vermoedde en niets gezelliger vond dan een heimelijke vrolijkheid om de gegeneerdheid van anderen.

Eindelijk kreeg mijnheer Valère de gelegenheid om met zijn verzoek voor de dag te komen. De heren wensten zich even met juffrouw Irène te onderhouden.

— Ik had die bedoeling kunnen voorzien, zei haar vader, was ik niet zo zeer met mijnzelf ingenomen geweest. Ik ben ervan overtuigd, dat zij zich niet minder vereerd zal voelen dan ik.

Hij glimlachte met één van de vele glimlaehjes die hij zich aangewend had, want hij hield er, even verseheden als zijn kollektie dassen, een hele verzameling op na.

Hilde verseheen en mijnheer Van Maldegem trok zich terug. Tegen alle eisen van het gezonde verstand in, leek zij niet in het minst door hun bezoek gevleid. Zij bleef reechtstaan. Het was alsof zij hun wilde doen begrijpen dat zij niet wenste haar tijd met hen te verbeuzelen.

— Wij hebben een weddenschap aangegaan, verklaarde mijnheer Valère zonder te verpinken.

Voor hem was het de gewoonste zaak van de wereld, dat iedereen goevond wat hij deed.

— Ben ik daarbij betrokken?

Algaert had er net gebogen hoofd bijgestaan. Nu keek hij haar eventjes aan.

— Het is een onverkwikkelijke geschiedenis, verontschuldigde hij zich, en met uw toestemming zou ik liever dadelijk weer weggaan.

Haar blik rustte niet begripend en toch niet onwelwillend op hem.

— Er zijn gevallen, waarin nog alleen een volstreekte eerlijkheid ons kan redden. Gisteren zaten mijnheer Valère en ik samen in de trein . . .

Mijnheer Valère vreesde dat zijn zaak er nadeel bij zou lijden, als hij de andere partij alleen het woord liet voeren. Daarom onderbrak hij het verhaal waarmede Algaert van wal wilde steken. Hij liet zijn ringen glinsteren en zei:

— Ik heb hem de verzekering gegeven dat ik een lief meisje ken, op wier genegenheid ik mag vertrouwen.

Nadat hij vijf sekonden gewacht had, om de ontzaglijke betekenis van die woorden tot haar recht te doen komen, ging hij verder:

— Hij heeft gemeend dat te mogen betwijfelen, zodat ik hem op een weddenschap uitgedaagd heb.

— Is dat juist? wende zij zich tot Mark.

In zijn grote trekken stemde het met de waarheid overeen. Alleen had mijnheer Valère er nog niet toegevoegd wie dat meisje was.

— Dat heeft juffrouw Irène reeds geraden.

Nu zijn vernomen had waarom de jongen heren gekomen waren, wilde zij spoedig een einde aan hun gesprek maken. Maar een nieuwe blik op Algaert's ontreddering, bracht haar over haar ergernis heen. Zij ging zitten en ook mijnheer Valère strekte zich behaaglijk in een zetel uit. Het was immers niet de eerste maal dat hij bij de fabrikant aan huis kwam en wij kennen elkander te goed, schertste hij, om geheimzinnig te willen doen.

— Wat wenst u toch van mij?

— Een opheldering, zei mijnheer Valère.

— Liever een woord van vergiffenis, bekende Mark. Ik heb liever alles te verliezen en uw achting te behouden.

Hij stond meteen op om weg te gaan en verwachtte niet dat iemand zou trachten hem van zijn voornemen af te brengen. Waarom had hij zich gisteren door een opbruising van zij gemoed laten medeslepen? Waarom had hij zich door het gezwets van mijnheer Valère van de wijs laten brengen? Op welk recht had hij gesteund om die snoeverij te doorprikken? Overmoed wordt altijd gestraft. Iemand die zoals hij tijdens zijn humaniora met de Griekse dramaturgen had gedweept, had beter moeten weten.

— Ik ga voort, zei hij.

In zijn verlegenheid haalde hij onhandig uit zijn brieven-tas een biljet van vijftig frank, dat hij tot honderd frank aanvulde met pasmunt, die hij uit zijn broekzak opdiepte. Het geld was voor mijnheer Valère bestemd.

— Ik heb toch alles verloren, zei hij met een onwaarschijnlijke glimlach.

Mijnheer Valère raapte het geld achteloos op, waaruit kon blijken dat het ongewoon voor hem was met zulke onbenullige bedragen verveeld te worden. Maar op het gepaste ogenblik kon hij ook grootmoedig zijn en daarom liet hij opmerken, dat juffrouw Irène nog het beslissende woord niet gesproken had, hoewel er over de inhoud van dat woord niet veel twijfel kon bestaan.

— U hebt gelijk, beaamde zij. Ik zal niet langer wachten. U hebt het geld gewonnen, mijnheer Valère, en u zult het mij niet ten kwade duiden dat ik de verliezer vergezel, althans tot aan de deur.

— Wat bedoelt u?

— Als het alleen op kiezen moest aankomen, zou ik met hem medegaan, zelfs verder dan de deur.

Zij huwden vijf jaar later. Mijnheer Valère blies verachtelijk door zijn neus toen hij het hoorde en prees zich gelukkig, omdat hij aan een groot gevaar was ontsnapt. Iemand met zulke laag bij de grondse opvattinge als de dochter van mijnheer Van Maldegem, die geen onderscheid tussen een vermogend man uit de goede stand en een plebejer met een diploma kon maken, was zelfs niet waard dat er met medelijden aan haar werd gedacht.

Maar het was schoon weer en de klokken luiden.

J. L. STEYN:

Mensbeelding in Bart Nel

(J. VAN MELLE)

Bart Nel is 'n karakterroman waarin historiese gebeure aangewend word om lig te werp op die karakters en karakterontwikkeling van die mense wat as hooffigure in die verhaal optree. Ons het hier te doen met 'n subtiële spel van sielkundige faktore in 'n menslike verhouding wat in die diepte deurskou en blootgelê word.

Waar die hooffiguur in die verhaal 'n rebel is teenoor wie die skrywer simpatiek staan, verbaas dit ons nie dat die Rebelleie simpatiek gesien word nie, maar — en dit is geen geringe verdienste nie — die ander kant, die regeringskant, word nie karikatuuragtig voorgestel nie. Daarvoor het die skrywer ook te veel meegevoel met Fransina, die ander hooffiguur, wat teen die Rebelleie gekant is. Selfs 'n in hierdie krisis tussen-die-boom-en-die-bas-figuur soos Ferdinand Basson word nie eensydig aan ons voorgehou nie. Van Melle, die kunstenaar, kies nie kant nie. Hy oordeel nie oor wie gelyk het nie. Hy stel belang in die mens as mens in die eerste plek en nie in die mens as verteenwoordiger van 'n groep nie. Deurgaans word ons getref deur sy milde, objektiewe siening van mense.

Bart Nel is nie 'n breedopgesette roman nie. Ons leer hier nie 'n groot aantal karakters van naby ken nie — eintlik net twee. Die roman dek nie 'n lang tydperk in die lewens van hierdie mense nie — slegs 'n paar jaar, met die kortstondige Rebelleie as sentrale episode. Tog kry ons in die iets meer as tweehonderd van hierdie kleiner formaat bladsye van hierdie boek 'n onuitwisbare lewensbeeld. Bart Nel en sy vrou neem lewe aan en hulle huweliksverhouding is ten volle uit die lewe gegryp.

As ons met die twee hooffigure kennis maak, is daar volkome eensgesindheid tussen hulle. Later verneem ons uit Fransina se bepeinsinge dat hulle wel hulle struwelinge in die verlede gehad het, maar dit was nooit onoorkomelik nie. Man en vrou het mekaar altyd weer gevind en die twee kinders, veral Annekie, hul oudste, was 'n sterk band tussen hulle. As die verhaal open, heers daar reeds die politieke onrus wat die Rebelleie voorafgegaan het, maar Bart en Fransina is beide ondersteuners van genl. Botha teen genl. Hertzog. Dan kom die berig dat die Botha-regering besluit het om Duits-Wes aan te val. Hiermee kan Bart Nel hom

nie versoen nie. Hy verwyder die portret van genl. Botha van die sitkamermuur en laat dit verbrand, betekenisvol is dit dat Fransina op hierdie stadium niks sê nie. Dit is eers die volgende dag dat Bart onraad merk uit haar houding teenoor hom. Hierdie swye is oortuigend: sy moes eers met haar probleem worstel want haar houding sou nie van verbygaande aard wees nie. Haar eerste woorde in hierdie verband teenoor Bart dra besondere gewig: „Jy is 'n maklike een om om te praat, nè?” Hierdie woorde dui daarop dat Fransina haar man nie goed begryp nie. Die leser weet beter: Bart het hom nie laat ompraat nie. Wat hy van homself sê, is waar: „Ek was altyd vir Botha. Nou is ek teen hom. Nie deur Pieter nie en nie deur Fransoois nie en nie deur iemand in die wêreld nie, maar omdat ek weet dat geen egte Boer sal wil sien dat ons volk vir Engeland in 'n oorlog gaan nie.” Fransina keur die regering se optrede nie goed nie, maar sy vertrou Botha.

Op hierdie stadium lyk dit bloot na 'n politieke meningsverskil tussen man en vrou, maar Van Melle is te veel kunstenaar om dit daarby te laat. Daar moet 'n dieper waarheid in hierdie huweliksverhouding onthul word. Voordat hy daarby kom, moet hy ons meer inlig in verband met hierdie twee mense se gevoel vir mekaar. Na die onaangename woordewisseling lees ons dat Bart dink: „Dis nou beroerd dat ons twee in hierdie kwessie moet verskil. Die ding is tog al naars genoeg, maar dat ons moet rusie kry hieroor, is Botha met sy hele gevolg van papbroeke nie werd nie.” Fransina is ook nie ongevoelig teenoor haar man nie. As hy die aand tuiskom, pleit sy by hom soos 'n vrou pleit by die man wat sy liefhet. Sy wys hom op die gevaar wat die onderneming vir sy persoon inhou want hy is veldkornet. Sy verwys ook na hulle ander moeilikheid, nl. die swaar verband op die plaas, maar hy hou voet by stuk. As hy nie gaan protesteer teen die Regering nie, wil hy „nie meer Bart Nel wees nie.”

Die konflik sny nou dieper. Dit is nie meer op die politieke vlak nie, maar dit raak die wese van hierdie huweliksverhouding en ons sien twee botsende persoonlikhede teenoor mekaar. Hierin is die eintlike konflik in die verhaal geleë, en dit is die dieper waarheid wat blootgelê word. Bart kan nie anders as getrou wees aan homself nie, anders verloor hy sy selfrespek, wil hy sy naam nie meer hê nie. Fransina het ook 'n sterk, selfstandige persoonlikheid. Dit is wat hulle aan mekaar bind: nie een van die twee kan respek hê vir 'n swakkeling nie. Dit is die positiewe element in hulle huwelik, maar deur die krisis word die negatiewe in

hierdie verhouding gestimuleer en die delikate balans versteur. Fransina voel dat haar belange geraak word deur Bart se houding en dat hy haar nie inagneem nie. As sy vrou wil sy deur hom erken wees, as sy vrou wil sy haar laat geld, maar Bart bly onwrikbaar. Een van die ander figure dink só oor Fransina: „'n Mooi vrou, maar ongemaklik, lyk dit my, as dit nie gaan soos sy dit wil hê nie.” Met 'n sug besef Bart: „Hierdie paadjie sal ek alleen moet loop.”

Beide Bart en Fransina is nie mense van baie woorde nie. Hulle voel diep, maar hulle word oortuigend aan ons voorgehou as mense wat nie 'n saak kan uit- en regpraat nie. As hulle hier van mekaar op gespanne wyse afskeid neem, voel ons dat dit twee mense is wat in die woorde van die Oppermangedig *Eilandgroep* sou kon sê:

Wild staan die palms bo die water,
palms, bamboes en die gras,
maar in onbewuste dieptes êrens . . .
êrens is ons aan mekaar nog vas.

Ten spyte van alle wrywing en verwydering kan ons tog begryp waarom hierdie twee mense man-en-vrou is. Van Melle slaag daarin om die verwickeldheid van hierdie menslike verhouding te suggereer. Hy slaag ook daarin om die dieper verband tussen skynbaar teenstrydige dinge te ontdek.

Ter ondersteuning van Fransina se standpunt van afsydigheid misluk die Rebelle, maar Bart se woord bly óók waar: „Net jammer dat ons so min is, Oom, maar beter 'n paar wat opstaan as glad niemand nie.”

'n Volgende belangrike moment in die ontwikkeling van die verhaal is die brief wat Fransina aan Bart skryf terwyl hy in die Fort in Johannesburg sit. Sy skryf aan hom dat Ferdinand Basson met haar wil trou en sy vra: „Wat dink jy Bart? Moet ons skei of moet ons nie.” Hoe het die skrywer hierdie wending sielkundig verantwoord, m.a.w. wat het met en, veral, wat het *in* Fransina gebeur na Bart se vertrek op kommando? Ten spyte van haar dreigement teenoor Bart om na haar ouers te gaan, bly sy op die plaas en probeer die beste van die saak maak. Daar kom groter helderheid t.o.v. haar houding teenoor die tydsgebeure. Sy is geen Bothaïet nie en ook geen rebel nie. Sy begin insien dat Bart gelyk het in sy veroordeling van die regering, maar sy kan hom nie vergewe nie: hy moes stilgesit het, ook aan haar gedink het. Vir 'n volledige begrip van Fransina se houding moet onthou word dat sy hierin 'n kind van haar ouers is. Hulle

het ook min of meer soos sy gevoel en gedink. Fransina is nie blind vir Bart se voortreflike eienskappe nie, veral sy manlikheid word deur haar waardeer. Sy is bekommerd oor sy veiligheid en dit tref haar diep dat hy nie aan haar skryf nie, maar sy besef ook dat dit die gevolg is van die spanning tussen hulle. Intussen ondervind sy moeilikheid met Bart se rekeninge, veral die Landbank raak ongeduldig. Hierdie finansiële moeilikhede bring haar weer in aanraking met Ferdinand Basson, haar jeugminnaar wie se vrou intussen oorlede is.

Die voorstelle van Basson is insiggewend vir Van Melle se kyk op mense. Basson kon maklik ontaard het in die konvensionele romanskurk, maar Van Melle sou nie toelaat dat 'n vrou soos Fransina haar met 'n skurk ophou nie. Basson word aan ons voorgehou as 'n man wat bewus is van sy swakhede en dit ruitelik erken. Dit stel hom in 'n simpatieke lig. Waar Fransina nou stuit teen Bart se onbuigzaamheid, is dit begryplik dat die ander man se buigzaamheid op besondere wyse tot haar spreek, maar ons voel deurgaans dat haar man, ten spyte van alles, nog die eerste plek in haar hart inneem. Tog skryf sy die ongelukkige brief. Dit doen sy juis omdat sy Bart liefhet, omdat sy twyfel aan sy liefde, omdat sy nie vrede kan hê met sy onverskilligheid nie. Dit is die tragiese misverstand in hierdie verhaal. Die leser weet Bart het haar lief. Dit is die tragiese en ironiese in hierdie gegewe. As sy dan daartoe kom om die brief te skryf, hoewel sy dit nog nie ernstig oorweeg om met Basson te trou nie, besef ons dat dit iets noodwendigs is. Van onkuisheid is daar by Fransina geen sprake nie.

Na 'n week antwoord Bart: „As jy wil skei, my goed.” Die skrywer oortuig ons nogeens dat hierdie man sy vrou liefhet, maar, heel aanneemlik, laat hy hom haar brief só interpreteer: „Wat dink jy Bart? Sou dit nie meer die beste wees nie? Ek dink so.” Net soos Fransina aan sy liefde twyfel, glo Bart nou ook dat sy hom nie liefhet nie, en so word sy norse reaksie nou ook 'n onafwendbaarheid.

Vir Bart is alles nou verlore wat sy huwelik betref, maar as die boek hiermee geëindig het, sou dit ons nog nie oortuig het nie. Twee mense gaan nie so maklik op grond van 'n misverstand skei nie. Fransina het dit nie só met haar brief bedoel nie. Voordat sy van haar man afsien, moet daar nog ander faktore in die spel kom. Sy ontwikkel nou tot die insig dat hulle dinge te ver gedryf het en dat sy ook skuld daaraan het. Sy besluit om 'n versoeningsbrief aan Bart te skryf, maar dan gebeur daar iets noodlottigs. Haar ouers

kom praat met haar oor haar verhouding met Basson wat rugbaar geword het. Sy weet sy was nie gemeen nie, maar haar gewete kla haar tog aan omdat sy toegelaat het dat 'n ander man met haar, 'n getroude vrou, oor liefde praat. So ontstaan daar by haar 'n skuldgevoel wat daartoe lei dat sy 'n verband sien tussen Bart se reaksie en die skinderpraatjies. Sy meen nou — en nie heeltemal ten onregte nie — dat hy gemene dinge van haar glo. Bart se wantroue sal sy, bewus van die delikate balans in hulle huwelik, nie die hoof kan bied nie. So word die egskeiding en haar huwelik met Basson oortuigend voorberei, maar hiermee is die grondkonsepsie van die boek nog nie volledig verwesenlik nie. Hierdie konsepsie word goed weergegee deur die subtitel *En ek is nog hy*.

Die huweliksverhouding is 'n belangrike element in *Bart Nel*, maar waar dit eintlik om gaan, is die uitbeelding van die mag van die persoonlikheid wat hier 'n noodlotsmag word. Twee mense sit vasgevang binne die grense van hulle botsende persoonlikhede. Hieraan kan hulle nie ontkom nie. Hierdie tragiese werking van die persoonlikheid voer Van Melle verder deur in die lewe van die hooffiguur.

As Fransina en haar tweede man Bart na sy vrylating eendag op die dorp in die verbygaan sien: 'n somber, eensame gestalte, so anders as die ander rebelle, dring sy meteens deur, soos nooit tevore nie, tot die waarheid in Bart se karakter: „toe het sy hom meteens deurskou as 'n man wat veel en moeilike paaie alleen geloop het en wat verdriet het, verdriet om haar.” Met hierdie insig en haar gevoel van jammerte nou vir hom, verval haar griewe. Dit word aanneemlik, veral ook vanweë haar gebrek aan 'n diep gevoel vir Basson, as sy 'n poging aanwend om Bart terug te wen, maar hy, getrou aan homself, en in ooreenstemming met die grondkonsepsie van die roman, wys haar aanbod beleefd dog beslis af.

Toe Bart gerebelleer het, het hy aan Fransina gesê dat hy nie anders kan nie, anders wil hy nie meer Bart Nel wees nie, en aan die einde sê hy: „Ek is Bart Nel van toe af, en ek is nog hy.”*

*Voorlesing voor die Afrikaanse Skrywerskring, Jaarvergadering, September 1959.

BAREND J. TOERIEN:

Die Seevaarder

(Vertaal uit Angelsaksies)

Laat ek my lied vertel van louter waarheid,
my reis-relaas, hoe ek ruwe swaarkry-dae,
foltering, dikwels deurstaan het;
bitter hartpyn het ek ontbeer,
geken aan boord die anskruis
en bange branders. Daar het ek baie maal
norse nagwag gehou in die voorstewe
wyl die skip naby rotse ruk. Rou koue
vang my voete, verkluin deur die ryp
in ysige klemme; kommer omkleef
my hart en honger knae aan my,
maak my sat van die see. Dit besef hy nie,
hy wat op grond die gelukkigste lewe,
hoe ek, kommer-omknel, op yskoue see
die winters verduur, 'n wees,
'n balling van stambroers berowe,
omkleef deur yskegels wyl haelkorrels hamer
en niks hoorbaar is buiten die honende see
en gure golf. Vir my genot
was daar soms die swaan-skreeu en die seevoël-sang;
die duiker-lawaaï was lieflike gelag
en die meeu se gehuil my heuning-drank.
Storms slaan daar teen rotse; die seemeeu smyt 'n antwoord
met ysige vlerke terug. Die valk met dou-nat vere
skreeu baie maal. Geen bloedverwant
kan die behoefstige hart ter see behoed.
Dit glo hy moeilik, hy wat mooi huislik
lewe in stede, 'n vreemdeling vir swaarkry,
wel-af en wyn-warm hoe ek, uitgeput,
die oseaan-teistering moes ondergaan het.
As die nag-donker nader sneeu dit uit die noorte,
ryp gryp die land vas, hael val omheen,
daardie koudste van korrels. Dog altyd nog klop
die gedagtes van my hart dat ek hoë golwe,
die bangmaak branders moet bereis en uitdaag.
Nou en vir altyd vreet die verlange
en hunker my hart dat ek vaar na ver hawens.
Daar is geen groothartige man op aarde,
vrygewig met geskenke, grootslewend in sy jeug,
in sy dade vol durf, en dierbaar vir sy heer,
wat see-vaar nie vrees nie en God se doel met hom.
In harp-speel het hy geen behae, nóg in ringe-gee,
nóg in vroue-vreugde, nóg in volheid van die wêreld,
nóg in enigiets anders buiten die golf se geweld;

want altyd verlang hy om te vaar op die water.
Die bos gee sy bloeisels, die dorpies verhelder,
landerye word lieflik, die landskap herleef; —
ál hierdie is waarskuwings vir die hunkerende hart,
die gedatge wat golf-waarts beur; hy besluit
om op vloedwaters ver te vertrek.

Net so klae die koekoek, met knaende note
sing hy somerwaarts, 'n voorbode van smart
en bitterheid vir die hart. Dit ken die landlui,
die voorspoedige nie, wat diegene verduur
wat die pad van ballingskap enduit betree —
Nou nog bars my hart uit my borskas
en sweve my gees op die seegolwe
wyd oor die walvis-wêreld.

Op land hoor ek dikwels die lied weer,
die gehuil op die wind, gretig en honger
wat onweeraanbaar my lok na die walvispad,
na die water-wêreld.

Maar die Here se heugenisse

gee hoër genot aan hierdie lyk-liggaam,
hierdie aalmoes op aarde. Ek glo geensins
dat wêreld-voorspoed vir ewig voortduur.
Drie dinge bedreig ons, daar's slegs twyfel welke
— siekte of ouderdom of die swaard-dood —
die siel sal sleur uit die sterwende liggaam.
Dit vir 'n graaf vir glorie: dat vertellers,
dat lewendes hom loof, hul laaste woorde hom prys,
dat hy hard gewerk het voordat hy voort is;
op aarde vasgestaan het teen vyande se haat;
met daade van durf die duivel oorwin het,
sodat almal hiernamaals hom sal prys
en sy lof vir altyd sal leef onder die engele,
en sy ewige lewe sal beteken:
geluk met die geluksaliges. Daardie dae is verby,
al die verrukking in die wêreld se wondere.
Daar's nou geen konings meer en geen keisers,
geen goud-gewers soos daar eenmaal gewees het
wat gewedywer het om verkryging van roem,
en geleef het in luisterryke prag en glorie.
Verlore is die luister, die verrukking vervliet;
minderwaardige mense bly oor en is magtig,
en lei lamlendige lewens. Heen is die luister;
aardse roemrykheid verouder en verrimpel
soos ook elke mens op die aardbodem
oorrompel word deur ouderdom. Sy gesig verbleek;
witkoppig beweën hy vriende wat weg is,
kinders van adel afgegee aan die aarde.
Nou kan die vlees-bedekking van die gees geskei
nóg soetigheid smaak, nóg smart ondergaan,

nòg 'n hand ophes, nòg dink met die hoof.
 Al gooi hy die graf toe onder goud,
 al begraaf hy by sy bloedbroer se lyk,
 langs sy sy, skatte van ontelbare waarde,
 wat help dit die siel vol van sonde
 teenoor die toorn van God? Wat baat goud-gifte
 wat verberg was toe hy geleef het?
 Groot is Gods toorn, daarvoor bewe die aarde;
 hy het die stewige grond tot stand laat kom,
 die eindes van die aarde en die hoë hemele.
 Dwaas is hy wat die Here nie vrees nie; die dood kom onverwags.
 Salig is hy wat in ootmoed lewe; hy sal in die hemel ge-eer word.
 God behoed die siel wat in Sy geweld glo.
 Jou wil moet nie wankel, jy moet dit beheers;
 wees erbaar teenoor mense en lei 'n skoon lewe;
 bly staande en beveg die bose gedurig;
 laat geen kwaad geskied, nòg aan jou vyande, nòg aan jou
 bemindes.
 God is groter as ons kan begryp met ons verstand.
 Laat ons in gedagte hou die huis wat ons het
 en ag slaan opdat ons daar aanland,
 en reik na die heuglike, ewige vreugde.
 Lewe ontstaan deur Gods liefde,
 asook hoop in die Hemel. Daarom dank Hom, die heilige,
 omdat hy ons ophes; dank aan die Heerser van die Hemel,
 die Heer ewigdurend, dwarsdeur die eeue. Amen.*

* Hierdie vers, anoniem soos die meeste geskryfte in Angelsaksies (of oud-Engels) wat vir ons bewaar gebly het, is heelwaarskynlik in die agste eeu neergeskryf deur 'n geestelike wat vanaf reël 64 — hier aangedui deur die nuwe halfreël „Maar die Here se heugnisse” — 'n piëtistiese wending gee aan die uifers persoonlike liriek van die oorspronklike sanger. Maar dis blote gissing. Hoe dit ook al sy, die tweede deel is konvensioneel, slap en word selfs vervelig. As die laaste 10-20 reëls weggelaat word, maak die vers 'n baie sterker indruk; maar ek het besluit om vir volledigheidshalwe dit nie te doen nie.

Ek het probeer om 'n amper woordelike weergawe te gee en slegs in die tweede plek iets te laat deurskemer van die ruwe krag en skoonheid van die oorspronklike, asook van die Angelsaksiese versbou — die 4 heffinge in elke reël met 'n pouse in die helfte, die 3 alliterasies per reël, die saamgestelde naamwoorde, die hegte taalstruktuur, ens.

Weerklanke van hierdie (heel moontlik) eg-Germaanse versbou vind ons by uiteenlopende digters; om 'n paar te noem: Skelton, Goethe („Parzen-lied”), Robert Graves, Auden, Van Wyk Louw („Van die gekwestes wat op die slagveld lê”; „Fragment” uit „Nuwe verse”); terwyl iets van die Angelsaksiese „manier van sê” nog in ons dae te vind is by manne soos Gerald Manley Hopkins en die Kelt, Dylan Thomas.

Jan Tande Kry vir Kowa

„Jan Tande was 'n klein ou Boesmantjie al was hy al heeltemal volgroeï,” vertel oom Hennie Albertyn. Om tyd te win vee hy sy neus se punt heeltemal diékant toe en met die terugkom van dié hand vee hy sommer sy lippe ook af in voorbereiding van die lekker-vertel wat gaan volg en sy blou ogies lag al klaar by die voorsmaak daaraan: „Die naam Tande het eintlik by Jan se oupa begin. Die was 'n baasbakleier. Met kopslaan was al sy maters dood. Toe hy sommer nog jonk was, het hy in 'n bakleier die ander een só met die kop toegetakel dat drie voortande losgestamp het. Die het toe maar so skuins na vorentoe bly uitsteek en in die posisie vasgegroeï. Met die tyd het dit so onmenslik lank geword dat hy dit nie behoorlik met sy lippe kon toekry nie. Dit het hulle baas die bynaam van Tande besorg en sy familie na hom het Tande-mense geword en Tande-mense gebly.

„Die Jan-Tande van wie ek wil vertel, het maar baie na sy ou voorouer geaard al was daar met sy eie tande niks verkeerd nie. Hy was ook die vinnigste hardloper van die hele kontrei en as jy hom ingeloop het, kon jy hom nie hou nie want hy het soos 'n stuk seep uit jou hande gegly en hom uit die pad gemaak. Net so vinnig was hy met sy bek ook. As hy lostrek moes jy vas luister of jy raak agter. Nee, hy was sommer 'n uithaler onder die jong Boesmans en het ook gevry na die uitsoekmeisie van daardie kol. Dit was ons bure, die Pienaars van Wasklip, se kokmeid. Kowa was haar naam en sy was 'n voorslag van 'n bediende, dit help nou nie.

„Die mense van Wasklip wou nie daarvan hoor dat sy haar vergooi op Jan Tande nie want in hulle oë was hy 'n niksnuts van die eerste water en buitendien was daar 'n hele paar ander jong Boesmans uit wie sy kon kies en wat almal verlief was op haar.

„Tande het hom net niks aan hulle opinie gesteur nie. Nag vir nag het hy oorgewielie na Kowa toe. Daar het hy kaartman gespeel en met sy gladde bek aanmekaar stories vertel tot die oumense gaan inkruip dan het die vryery begin. Eers teen hoenderkraai het hy weer koers gevat huis se kant toe. Gewoonlik was hy net op tyd vir die handewas vir die melkery.

„As hy met die koeie by die weiding aankom was sy gō

al klaar uit. Die diere kou nog aan hulle eerste bekke gras dan slaap Jan Tande al weg voor en droom aanmekaar van sy mooi meisie op Wasklip.

„Die koeie het die storie al uit hulle koppe geken en nes hulle wagter in sy drome langs Kowa se vuur gaan sit, stryk hulle aan na Gert Pienaar se koringlande toe. En dis net hier wat die moeilikheid tussen Kowa se witmense en Jan Tande begin het.

„Oom Gert het al mooi met die jong gepraat, hy het hom al pak belowe maar niks wou help nie. Toe kom hy na Pa toe en glo my hy het trane gehuil van die skone ergernis toe hy al die skades opnoem wat Pa se melkkoeie al aan sy graan gedoen het.

„Pa sê toe hy moes nooit vir Tande slae belowe het nie, hy moes hom uit die staanspoor vasgetrap het en hom 'n afgedankste loesing gegee het. Maar oom Gert sê Pa kan maklik praat van loesing gee, hy dink nie daaraan dat 'n mens darem eers die vabond in die hande moet hê voor jy kan slaan nie. En hoe dit reggekry! Hy het al probeer maar nie eers met die perd kon hy vir Tande inhaal nie.

„Pa belowe hom toe dat hy die Boesman nog daardie selfde aand onverhoeds sal vastrap en so sal looi dat hy sy ouma vir 'n eendvoël sal aansien. Maar dit was nie na oom Gert se sin nie, hy wou self slaan, sê hy. Hy wou sy woede op die slegte ding self koel. Pa moet hom net help dat hy die skepsel in die hande kry!

„Hulle moet die ander jong volk se hulp inroep, sê Pa. Almal is hatig op Tande oor hy hulle hand in die as slaan by Kowa. Hulle sal niks liever wil doen nie as om Tande in die pak in te help nie.

„Die twee buurmans het hulle planne mooi agtermekaar ingespan en die vryerkêrels het met hart en siel by alles ingeval.

„In oom Gert se groot skuur sou hulle 'n dans gee vir die twee buurplase se werksmense. Sommer 'n voordans, met wyn soos water en vleis soos bossies. Pa en oom Gert sou die eet en drink voorsien en Kowa sou sorg vir die gaarmaak en die uitdeel. Nee, dit sou 'n vóórdans wees!

„In die twee weke voor die groot aand het die Boesmanmense net klere bymekaar gemaak vir die groot spog voor mekaar. Kowa se wit gestyfde voorskoot en haar spierwit kopdoek het self reggelê maar van die twee base se planne wis sy nog minder as niks nie. Hulle het haar net aangesê om al die plesiersoekers in die skuur in te vat en vir elkeen aan te wys waar hy moet sit. Dis al.

„Tande het sy nuwe baadjie aangehad. 'n Oue van pa maar

nog diensbaar genoeg en hy het hom wát verbeel al was dit taamlik aan die groot kant vir die klein skepseltjie, want Pa was 'n pure blok van 'n man. Maar die groot baadjie het hóm nie gehinder nie, toe hy in daardie skuur instap sou jy sê hy is die baas van die plaas. Windmaker is nie die naam daarvoor nie. Die volstruisveer in sy hoed was nie waffers nie en as hy sulke passies maak van die skone uitgelatenheid, het die baadjie se some so ampertjies in sy waaie gekap. Nee, hy was nou sommer plesierig. Dit kon Pa en ek en oom Gert uit ons wegkruipplek baie goed sien.

„Met 'n swaai het hy sy hoed afgehaal toe hy by Kowa aankom maar hy het nog nie mooi haar hand vasgevat nie of oom Gert storm soos die bul van Basan op hom af. Dit was die teken vir die ander om voor te keer, vas te vat en oop te spalk sodat baas Gert se karwats kan praat met hy wat Jan Tande is.

„Oom Gert het almal goed laat verstaan dat nie een van hulle mag slaan nie. Dit sou sy werk wees. Sý plig en sý voorreg. En hy het hom ook verlekker met sy handsambok. Jy kon sien hy is besig om 'n baie ou woede te koel.

„Die arme klong het geskreeu soos 'n maer vark. Kortkort het een van die vashouers ook geskree as die hou miskien oor sy hand val. Dit het baie gebeur, want die lig was maar flou en die gespook om los te kom was nie hierdiekant toe nie.

„Maar oom Gert was 'n man wat sy maat geken het en toe hy dink Tande het genoeg gehad, hou hy op en sê Kowa moet hom 'n ordentlike dop gee om hom te troos en dan kan die ander maar met die joligheid begin.

„Maar wie sê! Sy woorde was nog nie koud nie of hier praat Tande van buite af. Kowa, sê hy, moet tog as haar grootste blief vir hom sy nuwe baadjie bring wat hulle so daar in die grond vertrap. En hy lag so uit sy keel. Ka-ka-kaa!

„Ja, dit was Tande. Die einste hy. Hy moes uit sy ou groot baadjie geglip het en in die gespook het oom Gert op sy eie staljong Jannewarie sambok ingelê terwyl Tande van buite af staan en toekyk.

„,Vat hom, kêrels,' skree Pa en soos 'n spul honde wat 'n haas gewaar, vloog die spul jonges agter Jan Tande aan. Maar ta was nog altyd vir hulle te vinnig. Hy het oopgelê in die donker en hulle het nooit eers aan hom geruik nie.

Kowa het sy baadjie van die grond af opgetel, uitgeskud en aan 'n spyker teen die muur opgehang en Jannewarie se mond het sy volgestop met vleis en wyn sodat hy nie moles kon maak oor sy onverdiende pak slae nie. Gou was

hy ook poegaai en het hy sommer daar op die grond die wyn en sy seer lê en afslaap.

„Van plesier was daar die aand geen sprake nie. Toe die voordansters sonder Tande terugkom was hulle so moeg dat hulle net geëet en gedrink het en toe ook maar soos Jannewarie gemaak het.

„Terwyl Kowa nog daar in die skuur rondstaan en goed wegpak, kon sy darem nie help om te lag oor haar kêrel die ander so om die bos gelei het nie. Nee, kyk, Tande is nog nooit elke dag se mansmens nie! Hy het vanaand gewys dat hy nie net met die voete en die tong vinnig is nie maar met die kop ook. Só moet 'n man mos wees, dink sy.

„En net toe staan Tande voor haar in die skuur se deur. ‚Hartjie,‘ sê hy. ‚Gee bietjie daai baadjie. ‚n Mens moet darem ordentlik lyk as jy jou gaan oorgee, of hoe?‘ ‚Oorgee?‘ vra Kowa. ‚Aan wie? Aan die spul vrot hardlopers? Skaam vir jou!’

„Nec, Hartjie — ek gaan my pak vat by baas Gert. More, nes die son uitkom.’

„Mooi so,‘ moedig sy aan. ‚n Bek wat so praat, moet suiker kry.’

„Gee my liewers 'n soen,‘ sê hy en kry dit.

„Die volgende more toe oom Gert by die kraal kom, wag Tande hom in. Hy het honderd woorde teen die baas se een. Nee, hy kom vat sy pak soos 'n man, sê hy. Maar hy wil tog net vra of hy daarna as Baas Gert se grootste blief maar vir Kowa kan kry. Sien, sê hy, as hy nou 'n getroude man is sal hy tog nie snags rondloop en vrou soek nie. Nee, hy sal slaap soos enige ‚ordentlike‘ man doen. En in die dag sal hy fris wees en met oop oë sy koeie oppas dat hulle nie weer in die baas se lande kan vernielwerk doen nie.

„Dan het hy ook nog só gedink. Hy hét nou die baadjie en die skuur is leeggemaak. As die baas nou tevrede is dat hy vir Kowa kry en hy het hom klaar kasty kan hy mos sommer dorp toe hardloop om hy en die meisie se gebooie te gaan opgee by die sendeling. Lank voor sonder sal hy weer terug wees en kan hulle dit sommer goed en ‚ordentlik‘ vier. Daar is seker mos nog genoeg oor vir die eet en drink, of hoe?

„Ek voel tog nie vanmore na pak gee nie, Tande,‘ sê oom Gert toe die jong asem skep. ‚En as Kowa tevrede is kan julle maar só maak. En — as jy nie bang is vir die ander jonges nie, kan julle maar vanaand die gebooie vier.’

„Maar Tande was nie vir een van hulle bang nie en ook nie vir almal saam nie. Maar hy dink nou so, as die gebooie loop sal hulle mos weet Kowa is hulle neus verby dan sal

hulle vir hulle ander meisies soek, want die ou nasie is mos nie geplant nie, my Baas, hulle staan mos soos gras in die veld. Of praat hy nou verkeerd?

„Natuurlik het Tande sy punt gewen en daardie nag is die gebooie se dans gedans soos daar nog selde in daardie skuur gedans is.

„En Jannewarie? Daarvoor was Kowa nie verniet die kaptein van die eet en drink nie. Sy het geweet om hom stil te hou. As hy nie besig was om sy maag vol te maak nie het hy gelê en slaap. Wat wil 'n Boesman nou meer hê!

„Jan Tande wou darem nog vir Kowa hê en net soos met alles was hy hier ook 'n haastige kêrel. Hy het elke Sondag van toe af kerk toe en terug gehardloop sodat hy met sy eie ore kon luister hoe die sendeling die gebooie aflees en toe die eerwaarde die dag met die laaste aflees klaar was, kan jy maar sê het Tande met Kowa reg gestaan vir die trou.

„En nes hy hoeka voorspel het, toe hy nou die vrou het, het hy in die nag geslaap soos dit hoort en die moeilikheid van die melkkoeie en die buurman se koringlande het net daar 'n end gekry.”

Jochem van Bruggen 1881—1957

Kuns in al sy vorms is nie net maar die verhaal van 'n droom nie, die verhaal van 'n droom wat los staan van die lewe nie. Kuns het altyd 'n ernstige bedoeling en die kunstenaar is altyd naby aan die kern van die mens se bestaan. In die kuns sal ons altyd 'n openbaring, die eerste aanvoeling, die vroegste vormgewing aantref van wat in die diepste verborgenheid van die menslike gees aan die broei, aan die kiem is. Dit is so dat aan die voorpunt van enige nuwe ontwikkeling wat tot uiting kom in die gees van die mens 'n kunstenaar staan, iemand wat die verborgene in die siel van die mens van sy tyd aangevoel en na die lig aan die oppervlakte gebring het. Veranderinge in die gees van die mens kom tot uiting in die wefsels van die kunswerk, maar meer nog: ook veranderinge in die omringende wêreld, in die sogenoemde werklikheid, kom in die kunswerk tot uiting.

Werklikheid of realiteit is 'n woord wat ons so maklik gebruik, maar wat so moeilik is om vas te lê in woorde. Miskien is dit geregverdig om te sê dat die werklikheid of realiteit iets is wat net in ons gees leef; werklikheid is die manier waarop elkeen van ons die dinge gewaar word wat om ons is. Die dinge om ons het slegs betekenis omdat ons dit met al ons verskillende sintuie waarneem. Ons kan dan sê dat die werklikheid iets is wat gebore word uit die wisselwerking van die mens met sy omgewing.

As dit 'n geregverdigde manier is om die werklikheid te omskryf, dan is dit meteens ook duidelik dat die werklikheid nooit blywend kan wees nie, nooit staties nie, nooit onveranderlik nie. Ons dink byvoorbeeld aan die werklikheid van die Griekse wêreld soos ons dit leer ken in die verhale van Homeros of van die klassieke dramaturge of aan die werklikheid van DIE SEWE DUIWELS (J. L. Cachet) of van die PATRIOTTERS, dan kry ons 'n indruk van iets blywends. As ons dink aan die werklikheid van ons eie tyd, kry ons 'n indruk van vervlugting, van dinamiek, van beweging. Nog maar gister was Van Bruggen by ons, vandag het hy verdwyn. Waarom die Homeriese werklikheid of die werklikheid van die Patriotters vir ons aandoen as blywend, as onveranderlik, is omdat bepaalde kunstenaars 'n beeld daarvan vir ons in woorde vasgelê het, terwyl ons eie werklikheid meestal ongeag aan ons verbysnel.

Aan die kunstenaar is dit gegee om 'n werklikheidsbeeld

te vorm en om dit vas te lê in kuns sodat ons, die waarnemers van die beeld (verhaal, skildery, gedig) telkens weer die beeld kan oproep tot lewe.

As ons dit nou neem as uitgangspunt, en ons stel die vraag: Watter waarde het Jochem van Bruggen se kunstenaarskap vir die letterkunde van ons volk? dan beteken dit dat ons ook vra: Hoe het Jochem van Bruggen die werklikheid van sy tyd gesien? Hoe het hy vorm gegee aan die dinge wat geroer het in die gees van sy volk? Ons vra verder ook: Hoe staan Van Bruggen se kunswroegting in 'n beeld van sy tyd? Hoe sien ons, die nageslag, Van Bruggen se kunstenaarskap? M.a.w. Wat is sy bydrae, sy blywende bydrae aan letterkundige waarde en inhoud tot die stroom van wat ons die Afrikaanse letterkunde noem?

Wanneer Van Bruggen, wat in 1881 in Nederland gebore is, as elfjarige in Suid-Afrika land en 'n inwoner word van die Suid-Afrikaanse Republiek, waarvan hy later burger en ook wapendraer word, dan is die worsteling tussen twee lewenswyses reeds aan die gang en dit het reeds so ver gevorder dat 'n beslissing in die een of ander rigting in sig is. Oppervlakkig gesien het ons hier in die Transvaal, binneland van Suid-Afrika en brandpunt op allerlei gebied, 'n botsing tussen twee taalgemeenskappe, 'n botsing tussen twee kulture: Afrikaans-Hollands aan die een kant en Engels aan die ander kant. Die kern van die stryd lê egter dieper, en as ons dit sien as 'n botsing tussen die Republikeine en die Uitlanders, kom ons nader aan die waarheid, naamlik 'n botsing tussen landsbestuurlike opvattinge. Die volle waarheid is dit nog nie. As ons dit sien as 'n ekonomiese botsing kry ons moontlik die regte kyk op sake. Enersyds het jy 'n groep mense gehad wat hartstogtelik gesoek het na 'n eie vaderland waar hulle in rus en vrede kan woon tot in lengte van dae met volle besitreg, volle en volwaardige bestemmingsreg, met 'n rustige oorpeinsing van die mens en sy lot in die lig van die Bybel. Ons het dus 'n ouer bevolking wat 'n landelike bestaan voer, dit wil bly handhaaf, en wat die boerdery beoefen as 'n lewenswyse en nie as 'n bedryf nie. Teenoor hierdie groep ontwikkel die tweede groep wat saamhang met die ontdekking en ontginning van diamante, steenkool en goud en die ontstaan van geweldige nywerhede wat naderhand uitloop op die versameling van groot geldvermoëns.

Vir 'n rustige betragter van die toestand van destyds moet dit duidelik gewees het dat die ou agrariese ideaal feitlik kort na die uur van sy ontvangenis onuitvoerbaar geword het as ons land ontwikkel moes word om 'n veilige en genoeg-

same bestaan aan al sy inwoners te besorg. Die omstandigheid waarin die stoflike ideaal of die nywerheidsideaal die land binnegekom het, het die twee lewenswyses vyandig teenoor mekaar te staan gebring in plaas van aanvullend langs mekaar in verstewigende wisselwerking tot behoud en binding van die hele volk. Soos die twee groepe teenoor mekaar opgestel was, moes die agraries-idealistiese onafwendbaar ondergaan, ook al het dit nie op 'n skietoorlog uitgeloop nie. Die botsing het verhoogde vereensaming van die ouer bevolking veroorsaak, toenemende lewensvreemdheid en 'n stygende graad van stoflike verarming. Hierdie toestand word sorgwekkend teen die afloop van die negentiende eeu en dit word in sy ellendige uitwerking verhaas deur die Tweede Vryheidsoorlog. Na afloop van dié oorlog was die betreurenswaardige stoflike toestand van die landelike burgers 'n naakte werklikheid vir almal om te sien wat in staat was om te begryp wat hulle waarneem. Die uitwerking van dié ellende sou wees 'n toenemende stroom sorgbehoewendes wat na die nywerheidsstede verhuis uit die landelike omgewing, en in die landelike omgewing self 'n onvermoë om uit die dooierus waarin die negentiende eeu uitgeloop het los te ruk en 'n nuwe begin te maak. Hierdie stroming in ons volkslewe het 'n hele streep versukkeldes nagelaat wat orals vasgevang sit, vasgespoel in die uithoekies van die volkslewe waarin die groot gewoel daarbuite hulle nie kon bykom nie, en in die stede sit hulle verskuil in die verval en lusteloosheid van agterbuurtes en onaansienlike randdorpie.

Die Tweede Vryheidsoorlog het geestelik 'n verandering gebring veral in die gemoedere van die jeug van destyds. Die ondergang van die noordelike republieke het die besef gebring dat die eie volkspersoonlikheid op die spel is, en dat slegs 'n geweldige inspanning op die gebied van die geesteslewe die Afrikaanse identiteit as aparte volk sou kon red. Dit het veral aan ons universitêre inrigtings, in ons verenigingslewe, in ons redaksionele kantore, in die partypolitieke groeperinge van die tyd die jongmense gedwing om 'n blik na binne te rig, en hieruit is gebore die veelgeroemde Tweede Afrikaanse Beweging wat met soveel lewensaanvaarding aan die gang gebring word deur die jongeres onder aanwring en aanvoering van ouer en ervare manne. Hier is 'n nuwe idealisme gebore wat sy krag sou put in die liefde vir die volkseie, en wat die taal van die moeder, Afrikaans, aangryp nie net as wapen in die stryd nie maar tegelyk ook as gedeeltelike doelstelling en as reddingsboei.

Naas die oorheersende stoflike en vreemde van die nie-

Afrikaanse stede, bestaan daar nou 'n dubbele stroom in die Afrikaanse kultuurgroep: 'n gevoelstroom van verslaenheid, van verlorenheid, van ontredding, met as teenhanger die wil om te bestaan, die wil om die eie volkse te behou, te bou en te verstewig.

Dit kom meteens tot uiting in ons na-oorlogse letterkunde. Leipoldt se oorlogsverse, feitlik die ganse verskuns van Totius, die vroegste verse van Jan F. Celliers is daar bewyse van.

Maar gou hoor ons 'n ander klank deurslaan: Preller, Celliers van later, Langenhoven, D. F. Malherbe, Fichardt. Tomlinson en talle ander — 'n breë stroom van akademiese geskooldes wat gaandeweg aangroei en uitswel en wat uiteindelik uitloop op wat ons kan noem die amptelike letterkunde.

Hierteenoor, nie in opposisie nie maar in 'n newestroom, staan van die begin af Jochem van Bruggen se kunstenaarskap. Van Wouw sou die heroïse Afrikaner en die tragiek van sy ondergaan vaslê in klip en graniet, die ondergang van 'n stoere voorgeslag. Pierneef sou effens later die aandag meer toespits op die bonkige, die hoekige veral van ons naturomgewing. Van Bruggen, die derde geniale gebore Nederlander wat in hart en niere Afrikaner geword het, sou vir ons van meet af, enduit die smadelike verval toon waarin die nasate van die trotse Voortrekkeradel roemloos beland het. In 'n hele ry staan hierdie soort figure opgestel in sy werke: Liepie Stols van Teleurgestel, Neelsie Sitman van Bywoners, Oom Lood van die Burgemeester van Slaplaagte, Ampie, Flip Staander, Goor Dawid en ou Mal Bet — almal uit *Ampie I*, en dan Lambertus Bredenhend uit die *Sprinkaanbeampte van Sluis*. Nugter en rustig beeld hy vir ons uit wat hy in ons volkslewe gesien het: die een persoon na die ander van goeie Voortrekker geslagte wat die slagoffer word van uitwendige omstandighede: misoeste, onvermoë om te boer of 'n boerdery te bestuur as 'n sakeonderneming; 'n taaie konserwatisme en verkleefdheid aan aloue instellings wat nie die volk in staat stel om homself te handhaaf in die moderne tyd nie en wat die reeds bestaande agterstand daagliks nog groter laat gaap, plaasverdeling en armoede en 'n sukkelbestaan waarin allerlei knutselwerkies aangegryp word om staande te bly: skoenmaker, steenmaker, bywoner, dagloner by die stedelike slagpale en rioleringsdiens, koster, karweier, handwerker. In lewende lywe staan hulle die een na die ander opgestel om ons te laat sien watter ellende daar onder ons mense is en hoe groot daardie ellende is.

Joehem van Bruggen se kunstenaarskap sluit nie aan by die reeds aangeduide akademiese stroming nie, sy werk is meer volksaardig, die beskrywing van die roue en ruwe werklikheid uit die volkslewe. Maar vir geen oomblik mag ons uit die oog verloor dat Van Bruggen ook 'n idealis was nie. Hy teken nie net die verval nie, maar hy dui ook die oorsaak van die verval aan, en dan suggereer hy die weg van herstel. Sy idealisme is dus die idealisme van die goeie, deeglike outydse skoolmeester wat leer, en wat lerend in diens staan van die gemeenskap wat hy wil ophef. Hy benader dus deur die werklikheid heen 'n toestand van idealisme — die houding van die sogenoemde didaktikus in die verhewe betekenis van die woord. En daarin verskil sy werk opvallend van die werk van die meeste van sy tydgenote, daarin lê sy eie toonaard as kunstenaar, sy eie krag, en dis dít wat aan sy romankuns blywend 'n plek besorg in die Afrikaanse letterkunde.

Die kunstenaar is 'n produk van 'n bepaalde volk of kultuur op 'n bepaalde tydstip. Hoe hoog sy kunstenaarskap reik, hoe diep hy die wesenlike van sy tydsges deurpyl en beeld, word bepaal deur sy eie geeskrag, sy eie aanleg en ontwikkeling, sy eie talente. Hoe breed sy kuns uitgolf, hoe stewig sy kuns gegrond is in die tydgenootlike lewe van die volk, hang andersyds af van die geestes aard en algemene ontwikkeling van die volk self. Die kunstenaar staan gekruisig in die lewe: die stam van die kruis, die penwortel is hy self en sy vermoëns; die dwarsbalke van die kruis, die arms daarvan, is die volk met die spanningslewe wat dit openbaar. Hoe breër die arms is, hoe hoër en dieper sal die stam reik. So sien ons dan die beperkinge van die kunstenaar as die beperkinge wat voortvloei uit of opgelê word deur sy samelewing. Die Afrikaanse samelewing van Joehem van Bruggen se werklikheid is 'n samelewing wat met algehele verbokkeling en ondergang bedreig word, maar tewens 'n samelewing wat gered kan word. Dit is sy realiteit: bedreiging deur verval. Sy eie bydrae, die stam van die kruis: volksliefde en die ideaal om deur liefdevolle lering en tug op te voed tot bruikbaarheid en verantwoordelikheid. Daarom bestempel ons gewoonlik sy kuns as realisties-didakties.

Maar as ons van realisme praat in hierdie verband, moet ons ook aan die letterkundige strominge in Van Bruggen se geboorteland dink teen die tyd dat hy na Suid-Afrika verhuis. Daar het ons die negentiende eeuse realiste en na-Tagtigers aan die woord, en onder hulle is dit veral A. M. de Jong se MERIJNTJE GIJZEN en M. J. Brusse se

BOEFJE wat bydra tot Jochem van Bruggen se vorming as kunstenaar. Daar is ook nog ander leermeesters soos hy self getuig het, maar De Jong en Brusse, albei didaktiese realiste, is by uitstek die voorgangers van ons kunstenaar. Hier kan geen sprake wees van navolging nie, net maar dat Van Bruggen by hulle 'n voorbeeld gesien het van iets wat in sy eie gees hewig aan die vormvat was en wat sou uitloop op 'n reeks romanverhale wat in alle opsigte en onmiskenbaar wesenlik Afrikaans is.

Maar meer nog. Ons onthou dat Van Bruggen se werk nie opgaan in wat ek aangedui het as die akademiese stroom nie, maar meer tuis hoort by die volksaardige. Nou sal ons onthou dat Afrikaans as kunstaal, ondanks die 25-jarige arbeid van die Genootskappers, ná die Tweede Vryheidsoorlog feitlik van die grond af gebou moes word. Woordeboeke, grammatikas, skoolboeke, handleidings vir die soeker wat wegwys wou word, die het net nie bestaan nie. Van hierdie geslag skrywers moes elkeen maar sy eie moeilikhede probeer oplos so goed of so sleg as wat dit gegaan het. As ons nou opnuut AMPIE I van 1924 aandagtig deurlees, veral met die oog daarop dat dit in Nederland gedruk is sonder die bemoeienis van 'n Afrikaanse proefleser, dan tref dit ons hoe werklik moeilik Van Bruggen dit aanvanklik gevind het om hierdie nuwe volkstaal aan te wend as kunstaal. Op elke bladsy vind ons voorbeelde van sy Hollandse agtergrond wat deurslaan, naas die suiwerste voorbeelde van Afrikaanse volksuitdrukkings en vergelykings. Dat hy tog nog die taak aangedurf en met soveel welslae deurgevoer het, is een bewys meer van die drang wat daar by hom bestaan het om sy binnelewe in die vorm van 'n verhaal te giet vir elkeen om waar te neem.

Wat was nou die reaksie van Jochem van Bruggen se tydgenote van destyds? Ons merk dat daar dadelik ná die verskyning van AMPIE I 'n hele skool skrywers opstaan wat die armblankevraagstuk as tema aanpak: C. M. van den Heever, Abr. H. Jonker, Dawid Coetsee, Johan Holmersen en later J. Albert Coetzee en H. S. van Blerk, terwyl ook Mikro se romankuns wesenlik hier tuishoort. Hierdie stof oorheers 'n tydperk die letterkundige landskap en dit sou byna twee dekades duur voordat die sogenoemde jongeres op die gebied van die prosakuns 'n nuwe rigting inslaan weg van die sosiale of maatskaplike na die persoonlike verhouding wat ons ken as die eksistensiële. En ná AMPIE I vind die eerste volkskongres plaas oor die armblanke, 'n vraagstuk wat reeds sedert 1898 groot kommer gebaar het. Dit loop uit op die werksaamhede van die bekende Carnegie-

Kommissie en hulle vierdelige verslag wat soveel opspraak verwek het. Dis dus 'n openbaring dat Van Bruggen, die kunstenaar, duidelik kon aanvoel wat die heimlikste beroeringe was in ons volksiel, en dat sy uitbeelding daarvan gelei het tot daadwerklike pogings om 'n oplossing te vind. Dis nie dikwels dat 'n roman wat as kunswerk bedoel is, op sodanige praktiese ondernemings uitloop nie.

Ook ander dinge wat in ons volk se diepste wese roer, die rassevraagstuk, het hy al daar in 1931 met BOOIA aangevoer en ook hier die bewys gelewer dat dit gewoonlik die kunstenaar is wat die vraagstukke van 'n volk se bestaan die daglig indryf.

En nou, ons die nageslag, wat het ons te sê oor Jochem van Bruggen se kunstenaarskap?

Dit: Die eerste karakter in ons Afrikaanse kunsprosa wat met lewenswarmte en lewenswaar uitgebeeld is en wat deur die geslaagde uitbeelding 'n hele roman tot lewe gebring het, is Ampie Nortjé, seun van ou Goor Dawid en ou Mal Bet, soos ons dit vind in die roman AMPIE, DIE NATUURKIND (1924). Voorheen het hierdie soort persoon reeds geslaagde beelding in onderdele beleef: Liepie Stols (Teleurgestel), Neelsie Sitman (Bywoners), en daarna vind ons 'n ewe geslaagde uitbeelding in Lambertus Bredenhend (SPRINKAANBEAMPTE VAN SLUIS), maar tereg word die beelding van Ampie geroem as Van Bruggen se blywendste bydrae tot ons letterkunde. Enige studie oor die Afrikaanse realistiese roman moet by Ampie begin; geen beskrywing daarsonder sou histories, letterkundig en esteties volledig wees nie.

Daarna en daarnaas het Jochem van Bruggen nog heelwat geskryf. Ons dink aan sy bundel kortverhale IN DIE GRAMMADOELAS, aan sy groot opgesette roman KRANSKOP, aan die DIE DAMWAL en STRYD, maar nêrens het hy die oorspronklike direktheid van sy AMPIE-trilogie bereik nie.

Ons, as nageslag, dink in stilte en eerbied aan 'n kunsbroer wat ons geslag vooraf gegaan het en wat soveel bereik het om die oë van sy volksgenote oop te maak vir die Afrikaanse werklikheid wat hulle omring. Daardie werklikheid het verander, dit het verbygegaan, net soos die geslag waaraan hy behoort het, op 'n enkele uitsondering na, ook haas verbygegaan het.

Ons, ons betree 'n nuwe dag. Die oue is afgehandel en verby. Swaar lê die hede op ons.*

*Huldigingsrede by die onthulling van 'n gedenkplaat van die Afrikaanse Skrywerskring op sy graf, 23 September 1959.

ANDRÉ DEMEDTS:

De Vlaamse Letteren tijdens het Voorbije Jaar

Ons boekenjaar gaat in met oktober en eindigt met juli, wanneer de verlofperiode begint. Sedert onze laatste kroniek („Tydskrif vir Letterkunde”, desember 1958) is in ons land de normale letterkundige bedrijvigheid ongestoord verder gegaan. In het Nederlandse taalgebied, Nederland en Vlaanderen samen, werden in 1958 7.817 boeken uitgegeven. In 1957 was dat 7.284 en in 1940 (een slecht jaar wegens het uitbreken van de oorlog) 4.885. Daarvan waren er in 1958 926 romans, 786 jeugd- en kinderboeken, 85 verzenbundels en 58 toneelwerken. De Vlaamse schrijvers komen in die produktie voor ongeveer een vierde tussen. Opmerkenswaard is het grote aantal herdrukken en vertalingen, die vooral door de verschillende uitgevers van „zakboeken” (pockets) op de markt gebracht worden.

Op het gebied van het tijdschriftenwezen zijn geen belangrijke nieuwe verschijningen te vermelden; de voornaamste bladen hebben zich op een ernstig peil kunnen handhaven. Wij betreuren het verlies van Blanka Gyselen (geboren in 1909), die op 29 mei j.l. overleden is. Zij verwierf naam door haar poëzie, die aanvankelijk de vreugde van een aards zinnenleven en van het moederschap heeft vertolkt. In haar laatste bundels, die na de oorlog ten dele in gevangenschap geschreven werden — Blanka Gyselen werd door een krijgsraad wegens haar optrede tijdens de Duitse bezetting veroordeeld — sprak zij over het leed en de eenzaamheid, die zij doorgemaakt en de godsdienstige inkeer die zich in haar zieleleven voltrokken had.

De rumoerige strijd tussen de eksperimentele en traditionalistische dichters, of tussen de eksperimentelen onderling, is onverpoosd verder gegaan, hoewel daarvan weinig tot het grote publiek doordringt. Het is namelijk zo dat er, ondanks het feit dat er steeds meer boeken gelezen worden, ook minder en minder belang aan literaire manifesten en twisten wordt gehecht. De eksperimentelen kunnen rekenen op de steun van „De Tafelronde” van Paul Devree en van sommige ouderen als Jan Walravens, zelf romanschrijver en letterkundige redakteur bij het dagblad „Het laatste Nieuws.” Ook bezitten zij enige kleine tijdschriften, die op zeer beperkte oplagen verschijnen.

In boekvorm komt er van hen weinig uit, dat een blijvende indruk maakt. Het beste dat wij in de laatste

maanden gelezen hebben is „Apoteek” van Mareel Wauters en „Ondersehept” van Jaak Brouwers. De inhoud van de eerste bundel ligt in de lijn van het humanitaire expressionisme; de lyriek uit de tweede vertoont, ook naar de vormgeving, verwantschap met de sobere, strenge beeldpoëzie van Jos De Haes, die, hoe weinig hij ook schrijft, een onzer belangrijkste dichters is.

Over een afstand van jaren heen, sluit Gaston Bursson (geboren in 1896) bij de jongeren aan. Zijn nieuwe bundel „Adieu” werd met de Belgische staatsprijs voor de poëzie bekroond, een onderscheiding die wel enige deining veroorzaakt heeft omdat sommigen van oordeel waren dat De Haes, Christine d’Haen, Van Herreweghen of Van Wilderode er veeleer voor in aanmerking kwamen.

Onder onze traditionalisten treft men verschillende godsdienstige dichters aan. Twee onder hen publiceerden nieuw werk. Het zijn Gery Helderberg met „Legende der Heiligen” en Albe met „Magnificat” en „Paian voor Apollon.” Het beste dichtwerk is evenwel door tussenfiguren geschreven. Zij trachten de verworvenheden van het verleden te bewaren en tegelijk een hernieuwing door te voeren, die op de oorspronkelijkheid van hun kijk op het leven en op een persoonlijke zeggung steunt. Vijf verzenbundels verdienen een bijzondere aandacht. De neerslag van de hedendaagse wijsbegeerte ligt erin bezonken. Vooreerst de tegenstelling tussen rationalisme en geloof. Sedert jaren heeft Herwig Henson in zijn gedichten en toneelstukken een wereld opgebouwd, volkomen klaar en logisch, waarin er geen plaats voor metafysische realiteiten is. Een louter stoffelijke wereld is het, waar alle leven en beweging, door natuurlijke wetten beheerst wordt. In zijn jongste bundel „Het Venster” is de rust, die de vrucht van de zekerheid was, nu verstoord:

„Voortaan gaat seherp in mij een wanhoop aan het knagen,
waar vindt mijn roep nog cenmaal een gehoor,
en houd ik uit: waarom, waarvoor?
Nutteloos zijn de dagen.”

Die onrust niettegenstaande een zekerheid, die misschien niet de waarheid is, heeft Frans Buyle in „Proeve van Alchemie” tot een beheerste uiting van wanhoop gebracht. Het bestaan is zonder zin en toch moet het hoe dan ook verder geleefd worden. Op die vraag naar het waarom van het zijnde, antwoorden anderen door een belijdenis van hun geloof in God en zijn tussenkomst in het leven. Pieter G. Buckinx zette zijn werk voort met „De Oevers van de Stroom,” een bundel gedichten, die hij van een verblijf in

Kongo medegebracht heeft. Hij klaagt erin over de verschrikking van de tropische natuur, waarin hij de aanwezigheid van duistere machten speurt, slechts in bedwang gehouden door zijn vertrouwen in de eeuwige Geest, die liefde is en de dood tot een bevrijdende overgang maakt.

Ook „Gedichten II” van Hubert Van Herreweghen is ten dele aan een reis in den vreemde, hier in Portugal, te danken. Hij wijdt nochtans weinig aandacht aan de steden en het landschap; hun beelden zijn hem als dragers van zijn eigen leven en van alles wat er omheen beweegt, lokt en dreigt, verschenen. Ook hij ziet de tegenstelling, waar Buckinx het over had, maar spreekt erover in een gewoner, soms rauwer toon, wars van zoetvloeiende klanken en daardoor des te prangender met een harde, mannelijke ontroering geladen:

„Honderd vogels, mijn ziel uitgebroken,
vlerken van heimwee, krijsen luid,
schilfers op water, en ik, gedoken
in de oevers, kijk mijn ogen uit,
ziende mijn ziel, versplinterd geweten
met bekken tegen elkander scherp
kijvende en stout de vleugels gesmeten
in wind die ze vouwt en openwerpt.”

Tenslotte is buiten die denkrichtingen Christine d’Haen een alleenstaande figuur. Eindelijk heeft zij haar losse bijdragen uit verschillende tijdschriften in „Gedichten” gebundeld. Daarin is zij er tot op zekere hoogte in geslaagd zinnen en geest, de heidense wereld van het oude Griekenland met de leer en levenshouding van het kristendom, te verzoenen. Waar dat gebeurt bezit haar poëzie het schone evenwicht van een antieke ode. Maar in een ander deel van haar werk heeft de smart om de eeuwige tegenstelling tussen droom en werkelijkheid haar onbekommerdheid verbroken:

„De mens alleen bedroeft zich, al de stoffen
bedroeven zich niet om zichzelf als hij
droef om zichzelf is. Zijn hovaardij
eenzame droefenis onovertroffen.”

In onze romanletterkunde wordt de traditionalistische vleugel gevormd door de heimatkunstenaars, die hun inspiratie binden aan gegevens, gegrepen uit het leven van mensen, die zo innig met hun woonplaats vergroeid zijn, dat zij er een geheel mede uitmaken. Zo komt het dat er tussen hun bestaan en zijn omwereld een voortdurende wisselwerking is. Ernest Claes heeft in „Leuven, o Dagen, schone Dagen” een nieuw deel aan zijn herinneringen toege-

voegd. Van Emiel Van Hemeldonck verscheen „Hier zijn mijn Handen,” de roman van een vrouw die tegen haar eenzaamheid niet opkan en onwillekeurig tot een misdaad gedreven wordt. Even tragisch is „De derde Hoofdzonde” van Fred Germonprez, waarin de strijd verhaald wordt van een man die zijn geluk moet bevechten op het leed dat hem door de ontrouw van zijn vrouw berokken wordt. Eveneens gesteund op een positieve levenshouding zijn de mooie novellen „Grüsz Gott” van Johan Daisne en „Het Huis aan de St. Aldegondiskaai” van Rose Gronon.

Met Gaston Duribreux komen wij in de problemen-literatuur terecht. Sedert jaren strijdt hij tegen die houding die in de hedendaagse letterkunde, o.a. door Graham Green, tegenover de zondaar aangenomen wordt. In „Kantwerk en Zwanen” wil hij de banaliteit van het overspel doen uitschijnen. De liefde, die anderen onweerstaanbaar en boven alles verheven achten, weerstaat volgens hem noch aan de verveling noch aan de tijd. De mens is te klein om zijn zondigheid op een grootse manier te beleven. Opvallend was „Requiem voor Kristine,” het debuut van Jos Ghysen. Een man wekt door zijn optreden tegenover een knaap en een vrouw van verdachte zeden het wantrouwen van zijn omgeving op. De vrouw gaat ten onder door de machteloosheid van een goed menende om de anderen van zijn zuiver inzicht te overtuigen. Het ontroerende verhaal van die mislukking is des te boeiender omdat het gesitueerd wordt in de Limburgse mijnstreek, met haar talloze vreemde inwijkelingen, een wereld die totnogtoe in onze letterkunde haar beschrijvers niet gevonden had.

Eén der beste boeken van het jaar, om zijn knappe psychologie en sierlijke taal is „Xanthippe” van Paul Lebeau. In deze roman verdedigt hij de vrouw van Sokrates tegen de beschuldiging van twistzieke wispelturigheid, die een legendarische figuur van haar heeft gemaakt. Niet minder handig, intellectueel en tot de kern van het leven doordringend, lijkt ons „De Dioskuren” van Bernard Kemp. Het is een roman over een tweeling. Robert en Herman, de ene kunstenaar en de andere ambtenaar, verschillen schijnbaar veel van elkander. Maar als zij er toe komen dieper op hun verhouding in te gaan, blijkt dat zij een onverbrekelijk geheel uitmaken. In hun bestaan wordt de mensheid gesymboliseerd.

Zoals wij vroeger reeds aangestipt hebben, bestaat er in onze letterkunde een kleine maar belangrijke groep naturalisten. De oudste onder hen is Louis Paul Boon, die onverstoorbaar verder gaat met nieuwe verhalen aan zijn

vrij omvangrijk werk toe te voegen. Van hem verscheen „De Paradijsvogel,” dat weinig weerklank gevonden heeft en zoals al zijn boeken uit de jongste tijd onder de druk van een seksuele obsessie geschreven schijnt. Meer belangstelling verwekte „De zwarte Keizer” van Hugo Claus. Daarin staat ondermeer de prachtige novelle „Suiker.” Claus is een schitterend verteller, die het eenvoudigste gegeven met warme menselijkheid kan bezielen. Vaak is hij even onkies als Boon, maar zijn horizon is ruimer en daardoor verwekt zijn kunst een gevoel van openheid, dat het werk van de eerste niet heeft. Hij is de overgangsfiguur naar onze moderne realisten.

Vermelden we onder hen in de eerste plaats de diep ontgoochelde en om die ontgoocheling grimlachende Marnix Gijsen. Hij gaf de novellenbundel „Mijn Vriend, de Moorenaar” uit, waarin een paar zeer fraaie verhalen zijn opgenomen. Ook Piet Van Aken, wiens novelle „Klinkaart” onvergetelijk blijft, deed om „De wilde Jaren” van zich spreken, ditkeer evenwel omdat zijn boek slechts weinigen bevredigd heeft. Het handelt over de misdadige jeugd, een verschijnsel dat in verschillende landen en ook bij ons, een verontrustend karakter aanneemt. Maar door gemis aan natuurlijkheid overtuigt het minder.

Beginnelingen met talent zijn Georges Hebbelinck met „Het Meisie in de Kelder,” Piet Vandeloo met „De Muur,” Carla Walschap, die met „Hart om Hart” de hoogte waarop haar eerste roman stond niet kunnen bereiken heeft en haar broeder Bruno Walschap met „Solo op het Kerkhof”. De toekomst zal moeten uitwijzen of deze dochter en zoon van Gerard Walschap zich blijvend zullen doen gelden. Van de hand van hun vader kwam „De verloren Zoon” op de markt, een parafrase van de Evangelische parabel, die niet de betekenis van „Zuster Virgilia” of „De Francaice” heeft. Het land waar Gerard Walschap’s “verloren zoon” thuis hoort en waar hij zelfs tweemaal naar terugkeert is Vlaanderen. Dat biedt de schrijver de gelegenheid om nogeens al de gal uit te spuwen, die hij tegen zijn vaderland heeft. Het boek werd met gemengde gevoelens onthaald. In ieder geval zal het de beste vrienden van de schrijver bedroefd hebben, omdat het blijkbaar ingegeven werd door een verbitterde minachting die na meer dan twintig jaar nog niet overwonnen werd.

Veel verwachtingen worden gesteld op de jonge realisten Libera Carlier en Ward Ruyslinck. Eerstgenoemde danken wij „Action Station — Go”, de beste weerstandsroman over de tweede wereldoorlog, terwijl Ruyslinck met „Wierook

en Tranen", dat een uitstekend verhaal is, zijn bewonderenswaardig talent heeft bevestigd. Hij vertelt daarin de wederwaardigheden van een jongen en een meisje, twee kinderen nog, die in de tragische meidagen van 1940 voor de Duitse inval op de vlucht geslagen zijn. Zij verliezen hun ouders en zetten dan te zamen, te midden van de hoogst denkbare verwarring hun tocht voort, tot op zekere dag het meisje door soldaten verkracht wordt en daarvan sterft. Ruyslinck is door zijn zin voor evenwicht en zijn warm gevoel een groot stylist.

De eksistentialistische strekking was gedurende het voorbije jaar vertegenwoordigd door „De Vlucht van Zigmunt Sablinsky" van Albert Van Hoogenbemt. De hoofdpersoon uit dit werk is een Israëliet, die geminacht en vervolgd is geweest. Eindelijk ontmoet hij een vrouw, die zich aan hem hecht. Als evenwel blijkt dat hij verplichtingen tegenover haar zou kunnen hebben, onttrekt hij zich aan zijn verantwoordelijkheid door naar Kongo uit te wijken. Daar ziet hij, even voor zijn dood afrekening houdend met zichzelf, dat hij slechts een lafaard is geweest. De mens is te zwak om mens te zijn. Daardoor zal hij altyd doen lijden en zelf lijden, maar het verschrikkelijke is dat het lijden geen voordeel oplevert.

Op het gebied van het essay dient vooraf de meesterlijke studie van Albert Westerlinck over „De Wereldbeschouwing van August Vermeylen" genoemd. Die schrijver toont aan dat de filosofische vorming van Vermeylen tussen zijn 17e en 24e levensjaar voltrokken werd en hij later slechts geput heeft uit de gedachten die hij toen opgedaan had. Karel Jonckheere publiceerde een reisboek „Kongo met het blote Oog" en een bundel beschouwingen met in- en uitvallen over de poëzie, die „De Poëziemuur doorbreken" getiteld werd. Verder zijn twee reeksen monografieën over schrijvers vermeldenswaard. In de eerste, door ons Ministerie van Openbaar Onderwijs" uitgegeven, wordt alleen over Vlaamse auteurs gehandeld; in de andere, die een vrije onderneming is, komen ook deeltjies over vreemde schrijvers uit. De beste nummers uit beide reeksen waren tijdens het laatste jaar een studie over Albrecht Rodenbach door Prof. Dr. A. Westerlinck, over Karel Van de Woestijne door Prof. Dr. P. Minderaa en over Anton Van Duinkerken door Prof. P. Brachin. Deze laatste is een geboren en getogen Fransman, die aan de Sorbonne te Parijs Nederlands doceert en onze taal meesterlijk kent.

Het toneel werd door nieuw werk van enige jongeren en de inspanning van sommige gezelschappen op peil gehouden.

De grootste suksessen van het voorbije jaar zijn „Suiker” van Hugo Claus en „Voorlopige Vonnis” van Jozef Van Hoeck geweest. Dit laatste drama werd eveneens in Zwitserland en . . . Zuid-Afrika opgevoerd. Wij zijn gelukkig erop te kunnen wijzen dat ook in ons land de belangstelling voor het uwe toeneemt. Dat is goed merkbaar voor wie dag aan dag de kranten en tijdschriften doorneemt. Een tentoonstelling van Zuidafrikaanse schilderijen en het uitvoeren van Zuidafrikaanse muziek, het optreden van de zangeres Mimi Coertse en van regisseur-deklamator Jannie Geldenhuys, werden algemeen gunstig onthaald. Nu hopen wij dat die ontwikkeling verder zal gaan en het eerlang zal gebeuren dat belangrijke Zuidafrikaanse boeken bij ons in een Nederlandse omzetting kunnen verschijnen.

Vondel en die Skilderkuns

1

Daar is genoegsame bewysstukke in die oeuvre van Vondel, en in die kritiese werke oor hom om vas te stel dat hy 'n liefhebber van die fyner kunste was, veral van die skilderkuns. By geleentheid van die Sint Lucas Feest te Amsterdam, het die poëte en liefhebbers van die dig- en skilderkuns Vondel 'n ereplek toegeken en hom met 'n lourierkrans bekroon (Geeraardt Brandt: Het Leven van Joost van den Vondel, bl. 44). Verder sê Brandt: „Hier werd Appelles en Apollo, de schilder en de dichtkunst vereenigt, als door eenerhanden bandt van onderlingen gemeenschap verknocht en gelyk vermaagdschapt: gelyk men ook van oudts de schilderij een stomme Poëzy, en de Poëzy een sprekend schilderij noemde. (Brandt, bl. 44—45).

Kuns was vir die 17e eeu 'n openbaring van die goddelikheid in die mens sodat 'n kunswerk hom dikwels opgevoer het tot God. In „'t Lof van Jubal” noem hy die musiek van snaarinstrumente die gesang van engele; die skoonheid wat hy in Isabelle Benzi aanskou het, het Vondel laat sing:

„Dees schoonheit word met recht van kenners aangebeden,
Of liever Godt in haar die op de Godheit wijst,
De bron van al 't schoon.”

Selfs die poësie moet deug en godsvrug bevorder. In die voorrede tot die „Gulden Winckel” noem hy die oogmerk van skrywers: „Het schoon bekrante Beeld van d' oprechte Deugd, de Bruijt daar het al om danste.”

Sy vertaling van Horatius se „Lierzangen” dra Vondel op aan die kunsgenote van St. Lucas te Amsterdam as blyk van waardering vir die guns wat hulle hom op hul fees verleen het. In sy opdrag tot „Gebroeders” toon Vondel hoe die skilder en musikus te werk gaan; in die klag aan Joachim Sandrart by sy vertrek na Beiere word „De blijde Poëzij en de schoone Schilderkuns twee zusters zoet van aert,” genoem. In die „Aanleidinge ter Nederduitsche Dichtkunste” word „de aenkomende Poeët” by 'n skilderleerjong vergelyk.

Vondel was terdeë bewus van die noue verwantskap tussen poësie en die skilderkuns. Hierdie aspek blyk ook uit Vondel se taalgebruik. Soos die skilder met sy kwas en verf die juiste effek aan sy skildery wil verleen, eweso het hy gedurig sy taal gesuiwer en gepoleer. Daar was, soos Kalff dit uitdruk, 'n strewe „naar steeds meerdere volkomenheid

in rijkdom van afwisseling, volheid van geluid, ooreenstemming tussen inhoud en klank der verzen" (Nederlandsche Dichters der 17 Eeu, bl. 76).

Dit blyk dus duidelik genoeg dat Vondel 'n liefhebber van die skilderkuns was en onder die invloed van groot kunstenaars verkeer het. En tog was hy geen ware kenner van die skilderkuns nie. Hy het eenvoudig die kleureffekte en voorstellings van groot skilders bewonder. Hierdie bewering verneem ons uit 'n staaltjie wat Brandt ons meedeel oor 'n skildery wat die aartsbiskop van Mechelen, Jacob Boonen, aan hom gestuur het. Eers was Vondel baie ingenome met die skilderstuk, maar toe hy deur kuns-skilders verseker is dat dit 'n swak afdruk is, het hy dit aan sy suster Katherina gestuur: „Niet willende die hatelike gedachtenis der armelike vergeldinge langer onder zijn ooggen te zien" (Brandt, bl. 68). Verder blyk sy onkunde uit wat hy oor skilders en skilderye geskryf het. Vondel het meestal op die voorstelling gelet en nie op die siel van die kunstenaar daarin te ontdek nie.

Kalff meen, omdat Vondel nie as ware kenner die kuns waardeer het nie, hy al te dikwels deur die voorstellings van skone, naakte vrouens en amoreuse taferele meegesleep is. Sulke voorstellings was vir sy ligbewoë gemoed soms te veel. Op 'n Italiaanse skildery van Susanne lees ons onder ander: „Kan doove verf ons borst vol sneeuw en ijsgang, blaecken?" En verder:

„Had Joseph deze vrouw haer schoonheid zien ontkleên,
Zij hoefde hem met kracht den mantel niet 't ontrukken
Hij hadze zelf gesmeekt . . ."

En tog was Vondel nie heeltemal onkundig nie. Hy het gewet hoe om die tegniek van groot skilders te waardeer. Die Italiaanse skilders word deur hom geprys om „'t wel schicken, de kroon van hunne werken" (Berecht voor Jeptha). Verder word die perspektief in een van Lastman se skilderye ten volste deur Vondel geniet. Vir hom was dié skilder van groot betekenis omdat hy die lewe na die werklikheid geskilder het. In sy „Aenleidinge ter Nederduitsche Dichtkunst," skryf Vondel: „Wie de natuur allernaest volgt, die is de rechte Apelles."

Die Italiaanse skilderkuns was vir Vondel dus baie dierbaar. Pieter Lastman, Jan Pinas en Rubens word deur hom hoog geprys omdat hy by hulle die heilsame invloed van die Italianers opgemerk het.

2

Dis veral by die studie van Vondel se dramas waar 'n mens die inspirerende invloed van die skilderkuns die

sterkste opmerk. Dikwels het die dramaturg sy hele voordrag eers as 'n skildery gesien alvorens hy dit gelewer het. In die „Pasche” wil hy, „den gheheelen stand en conditie der wereld afbeelden ende een ijeghelijken als een levende schoon-verewigh schilderije voor oogen stellen.” In „Gebroeders” word hy „belust om door Rubens, de glori der penseelen onzer eeuwe heerlijke en koningklijke tafereel als een natuurtoneel te stoffeeren” (Opdracht aan Geraerd Vossius).

Besied met 'n wakkere gees, is Vondel net soos sy meester Rubens ywerig om sy kunstuk te voltooi. „Gebroeders” is in baie opsigte 'n groot skilderstuk. Op die voorgrond sit David. Met 'n swarmoedige uitdrukking staar hy deur die oop poort na die dor-kwynende veld wat onder 'n droogte geteister lê. Bo aan die pragtig versierde marmer en sederhof is daar engele wat rondvlie; elkeen net soos 'n vernuftige skilder dit sou doen. Onder ander is daar een met 'n half-oopgevoude perkament wat die vonnis van die gebroeders bekendmaak; 'n ander een, met 'n gesluite waterspuit, stel die geslote hemel voor; 'n ander met 'n fakkel en 'n waaier, die skroeiende hitte. Die engel met die vrolike gesig, kroon en septer, stel Juda voor, die ander een met 'n bedrukte gelaat Benjamin. 'n Ander maak weer kettings klaar waarmee hulle die misdadigers wil vasbind. Die engel met die weegskaal druk die regverdigheid van die strawwe uit. Saul se verwese nakomelinge staan voor die regterstoel terwyl Benajas, die lam Mepheboeth, en die klein Micha, op 'n wenk van die koning, vorentoe tree. Aan weerskante staan die Gabaonners, met wraaksugtige en gloeiende oë wat op hulle regte aandrang. Aan die ander kant staan die bedrukte Michol, met trane in sy oë. Dit is min of meer wat ons op die „doek” van Vondel se drama sien.

In „Adam in Ballinschap” kry ons die eerste mensepaar geskilder in hulle glorieryke paradys, hulle verval in sonde, en dan uiteindelik hulle verdrywing uit die paradys. Hier kry ons die toneel as 'n geheel waarvan die paradys die agtergrond vorm. Maar op die toneel is daar allerlei tafereeltjies wat iets bekend maak. Ons verkeer in 'n soort droomwêreld, in 'n wondertuin van verbeelding en werklikheid wat saamvloei deur die „kwas” en „verf” van die kunstenaar, Vondel.

As die gordyn opgaan is die toneel in duisternis gehul, met slegs hier en daar ligskakerings wat die koms van die naderende dag aankondig, en in dié lig verskyn Adam en Eva, gekleed „in zij der Erfrechtvaardigheid”:

„Hij zwaait een mirt; riekt een roos, versch afgeplukt.”

So stel 'n mens hom dit voor sou 'n Rembrandt of 'n Rubens hierdie toneeltjie op sy doek vasgelê het.

As die son eers op is, kry ons 'n skildery vol heerlikheid: die wind suis saggies deur die bome, die lelies en rose pronk in volle prag, die bekies oorvloei van melk en heuning, en in die sonlig wat ewig is, verlustig die voëls hulle in hul kostelike vere. Net soos 'n musikus fyn-genuanseerde toon-effekte gebruik, of die skilder allerlei tooisels om aan sy skildery lewe te gee, net so maak Vondel gebruik van allerlei voorwerpe om die nodige atmosfeer aan sy stuk te verleen: die eekhorinkie staan en spieël hom in die helder bron, en die goue sonneblom begroet die eerste sonstrale. Die eerste mensepaar word verheerlik deur die engele. In 'n ander hoek van die skildery kan Lucifer gesien word wat met sy „hellewacht” beraadslaag hoe hulle die mensepaar tot sonde kan verlei. Dan weer word Adam en Eva aanskou in hulle volle vreugde: Gabriël ontvou voor hulle die majestueuse skepping, die hoogste verrukking wat hulle deelagtig word. As die heerlikheid op sy hoogste is, kom die val van die mensepaar; hulle word die paradys uitgedryf, en twee engele bewaak die poort.

So word die menswording en die menseval deur Vondel as 'n grootse skildery gesien wat hy in woorde in 'n treurspel verwerk het.

„In Gijsbrecht van Amstel” kry ons die treurspel van Amsterdam se ondergang. Dis 'n samestelling van gebeurtenisse uit die stad se geskiedenis. Ons aandag word beurtelings by die een of ander besonderheid bepaal wat so goed in volgorde gerangskik is, dat ons, net soos in 'n simfonie van die een stemming na die ander meegesleep word, of soos in „eene schilderij, de onderscheidene plans, ons van 't licht naar het donker voeren” (Simons: Studies en Lezingen).

Ons verneem die dankbare boodskap van Gijsbrecht wat jubel oor die verlossing van sy stad na 'n lang beleëring. In die volgende tafereeltjie word ons angs gewek as ons verneem van die verraderlike aanslae van die vyand. Ons word deur die stad na die kasteel gelei waar ons verneem hoe Badeloch deur 'n droomgesig Gijsbrecht waarsku teen gevaar. Hy verwerp dit, maar dit word bewaarheid. In die klooster verneem ons van die sterwensmoed van die Biskop en die nonne; in die donker nag die treurverhale van Arend, Badeloch se angs oor haar troue vriend en sy redding uit die sinkende Amsterdam.

Alles skyn verlore. In die laaste aanval word die dapper Arend gedood, maar daar flikker nog 'n liggie van hoop,

deur die aanduiding van die vyand se afgesant vir die lyfsbehoud van Gijsbrecht en sy gesin, maar dit word deur die fiere Gijsbrecht van die hand gewys. Hierna volg die benarde skeidingsuur tussen man en vrou, gepaard met liefde en sorg, 'n toneel vol hartstogte en ontroering, met geen ander uitkoms voor oë as die dood alleen nie. In die duistere uur verskyn die liggende engel aan die hemel met 'n behoue vlug, troos in onheil, om Amsterdam se toekomstige grootheid te voorspel onder die beskerming van 'n Hoër Hand.

Die hoofmotief in hierdie treurspel is die verwoesting van Amsterdam en nie die nederlaag van Gijsbrecht nie. Die feit het Vondel sorgvuldig in ag geneem; daarom het hy sy figure nie alte los en vol van die agtergrond geskilder nie, sodat hulle nie meer die aandag van die toeskouer sou trek as die stad self nie. Net soos 'n skildery wat as muurversiering moet dien waarop die figure sodanig vervaag is dat die aandag meer by die muur bepaal word as by die voorstelling, eweso vertoon Vondel sy persone in hierdie drama op die doek. Juis daarom het hy verkies om die stuk in die duisternis te laat afspeel waarin die figure soos skimme teen die lekkende tonge vuur staan wat op die agtergrond die stad verwoes.

Om hierdie treurspel met vlakke muurversiering te vergelyk, is die onderskeie dele met rande van simboliese tekens onderling aanmekaar geskakel. So word daar aan die end van elke bedryf 'n liersang gevind wat die stemminge van die voorafgaande gebeurtenisse saamvat en uitdruk. So het Vondel sy taferele in passende omlystings geplaas.

3

Vondel as liefhebber van die skilderkuns blyk dus duidelik uit sy dramas. In sy opdrag aan Joachim van Wichevort (as aanvoegsel by „Joseph in Dothan”) sê hy: „Josephs verkooping se schoot ons in den zin door het tafereel van Jan Pinas.” En verder om „met woorden des skilders verven, teickeningen en hartstoghen” na te volg. Van Vondel as liefhebber van die ander fyner kunste word veel minder melding gemaak as van die skilderkuns. Die enigste instrument wat hy self bespeel het, was die luit wat blyk uit die skone, „Gebet uitgestort tot God” waarin ons lees:

„Als ick om tijd-verdrijf met mijne stem ga pozen
Dan weerklanck van mijn luyt en zangerige snaren.”

Kalff sê dat Vondel se krag in die eerste plek nie in sy uitbeelding van handeling en karakters lê nie, maar in sy beskrywing en skildering. In die „Leeuwendalers” laat

Vondel ons in die oop veld tussen die klawervelde rond-
dwaal waar die bekies ruis en die môrewind deur die bome
suis. In „Lucifer” verkeer ons in 'n droomwêreld waar ons
in die ruimtes van die hemel rondsweef.

Samevattend kan ons sê dat Vondel miskien nie 'n ware
kenner van die fyner kunste was nie, maar die begenadigde
kunstenaar wat klank en kleur kon waardeer. In die siel
van Vondel was daar altyd, soos by die Tagtigers, 'n skoon-
heidsdors.

Tog was die kunsdrang by Vondel iets anders as by Perk
byvoorbeeld. Die skoonheid het Vondel nie as 'n God aanbid
nie; hy het die godheid in die kuns ontdek.

In hierdie artikel was die bedoeling slegs om die aandag
te vestig op 'n prikkelende onderwerp waarvan die opset
groot moet wees en wat mens na diepgaande vorsing in sy
volle betekenis sal kan openbaar.

ABRAHAM FOUCHÉ:

Sonroeper

(Cicada)

*Ek het gesien hoe dat die son
in die Koebango blink,
hoe wilde Boesmans hom vermoor
met byle, en sy lys, vermink,
tot hy mensvreter-krappe sink!
Heiseb dan na die son rondhark
met sparre van die dagbreekboom
tot dat uiteindelik, ook hy,
verduyn in daardie donker stroom
waaroor sy asem nou nog damp
al of hy in doodspottte stoom!*

*„Jy sterf as jy teen ons getuig!”
So het die Boesmans my bedreig . . .
Maar, lank daarna, toe plots 'n mis
rooi op uit die Koebango styg,
het ek geweet my hart sou bars
as ek die moord nog sou verswyg!*

*„Kom, red my, Hemelgod!” roep ek, „O kom
my in 'n dienskneg van die son omskep,
en my teen die Boesmans, op my spoor,
wat oor die Omaheka trek,
met blom, en blaar, en tak, bedek!”*

*Nou woon ek as sonroeper op
die vuurherd van die son en gier
dwarsdeur die dag: „O Tsom, bly staan!
Maar word jy verder wes gestuur,
pasop uit die Koebangrivier!”*

M. STEYN VAN ROOYEN:

Hy Wat Moes Sterf

*Waar Koreaanse berge bonkig-wit die vertes breek
en die vlieënier sy formasie hegter snoer —
sit hy met arendskop en gelaat verbleek
in sy Mustang-vegter, die jongste Boer.*

*Vir hom, so jonk nog — en glansend van hart,
is die oorlog 'n avontuurvolle orde,
sonder weemoed, sonder persoonlike smart —
as hy optrek teen die Mongoolse horde.*

Oorkant kronkel die Yalu-rivier
en in sy stuurkajuit kraak die radiobevel:
„Breek formasie” — elke man, elke Vlieënde Tier!”
Van onder af sing lugafweerkartetse ’n lied van die hel.

Swart verkleumde rook pluim wasig oor die ystoneel
van vyandelike staal- en dieselfbedrywe —
as hy met oë oor die instrumentpaneel
sy doelwit indeel in sektorskywe.

Hy boor nou hoër die wit lug binne
met kragtige wenteling van ’n vliegtuigskroef,
as hy met liggaam en siel en sinne
hom inskakel by ’n geestesproef

wat in eteriese hoogtes hom louter.
Hoër — nog hoër na sy hart se neiging
as sy vliegtuig teen die horison opklouter —
waarom, O waarom die roekelose styging?

En toe vind sy jong gedagtes vorm,
staan hulle suiwer in blink reliëf —
soek hy ’n lewenswaarheid, ’n onbetwisbre norm
in die wonderlike filosofie van Turgeniev.

„As ons wat mense is, die minderes net kan wees,”
so het die meester sy wysheid oorgedra,
ook aan hom wat sonder sweem van vrees
met napalmbom sy vlerke spreid oor Noord-Korea.

Die oomblik het nou aangebreek
om met vuurpyl, brisant en napalmbom —
in duikvlug sy vliegtuig in te steek
sonder denke, sonder vrees — so kom hy om.

En nou brand geboue en fabriek
op ysbevange oewers van die rivier —
lê krygstuig, kanon en meganiese —
ook die as van die Suid-Afrikaanse Tier.

J. P. MALAN:

Die Guns

Dit is geen guns
wat uit jou wring
’n lied wat sing;
maar dis ’n guns
van Hom wat skep
en skepper maak van jou,
sodat jy skep
die lied wat streel en bou,
gebore uit ’n liefdesgloed
en diep gedoop in hartebloed.

Goue Dae

Goue dae
sonder plaë,
vol van teerheid,
skone reinheid
en die vreugde
vol van deugde,
harteblydskap
sonder knegskap,
net soos drome
langs die strome
en geen kommer,
geesteshonger,
maar die sinne
vol van minne
en die harte
sonder smarte,
geen verlange,
lofgesange
van tevrede
hartevrede.

Die Moed

Die moed is soos die see, my vrou,
vandag in vloed en more eb,
waaruit jy elke dag bly skep
die pèrels van volhard en trou.
Die eendag min en dan weer veel,
tog kry jy jou beskeie deel
om voort te gaan, al op en af,
soos golwe op 'n trippeldraf.

PIROW BEKKER:

Ballade van die Siek Herder

Dis die wolkaros
wat sagste slaap,
en nie die kroo en hondestink
bedags agter die skaap.

*Ek is Taaibos, basie, ek.
Ek sal die witbos syner kap,
en die sekketaars se dooie klou
sal dié siekte uit my krap.*

*Ek het mense, want die hart's
'n skepding wat bly lol.
En nou gaan Mampo nog 'n klong . . .
Die bak is amper vol.*

*Ek moet die klong nog leer
van die veld rondom die kraal.
Die boerbok kom vanself, maar wat swak is,
moet die wagter huis toe haal.*

*Spuit maar, basie, spuit maar diep,
dalk is jou toorgoed goed.
As die wilde-als nie help nie,
help my met die boek.*

*Want daar's kraaie, basie,
waar die blylê-ooi slaap.
En wie sê ek's nie Taaibos nie,
Taaibos van die skaap?*

Stadig Vou die Sag Papawer

*Stadig vou die sag papawer
blaar op blaar sy kelkie oop,
sprei sy blare afsonderlik
so weerloos oop, so wonderlik.*

Oupa Onderplaas

*Oupa Onderplaas lank dood leef orals voort
met op ons onontkoombaar sy viriele
merk gedruk as erfreg, soos in Tulbaghpoort
gegroeë lê spore van ons voorvaders se wiele.*

Kwatriyne

*Die mis wat om die huis kruip, duim vir duim,
geleidelik die bome vul, die voëlsang stil,
is bloed dieselfde bloed wat in my are stoot
en in die poplierblare silwer tril.*

*Die dodes, herken hul ooit hulself?
Onthou hul ooit, gemetamorfiseer
tot stof en wind en blou gewelf
hul eie vroeër vorme weer?*

*Eens het ek in my hande gehou
vinkeiers, hul was hemelsblou,
en kaal kleintjies voor hul gesmyt word teen
die wal probeer nog aan my vingers klou.*

*'n Ritsel in die sandpad, en skoon! o skoon, 'n slang
vloei daar soos water, met skubbe wat die sonlig vang,
is skoonheid wat verskriklik is, soos van 'n tier,
'n arend, of elke pragtige en genadelose dier.*

*Die ou teefhond deur sweep afgrondelik
verneder, lek haar folteraar tog hondelik,
maar val hom snouend aan eendag
toe hy dit allermins verwag.*

*Aanskou die paddas want hul bring
tuis die futiliteit van rypwording;
want hul wat vroeër vissies was
word eelterige platannas.*

By die Jongeres

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk publiseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief).

A. A. SNYMAN:

Die Voorbode

Die nag met klein Gieljam se geboorte, het sy pa, ou Floors Bontrok die onderdeur se skarniere losgestamp en sy bakbene laat koersvat na Meraai Kolhaas-hulle se modderhuisie toe. Hy was lankal verby die kleinhuisie toe hoor hy nog steeds Gieljam se skree soos 'n langasem-kriek agter hom uit die twee-vertreksinkkaia met sy goor houtbalke dreun. Sy arms het soos die suiers van 'n waterpomp langs sy sye gewoel en kort-kort het hy met 'n duim vol ou barste die een lappies kruisband wat gedurig oor sy skouerknop geglip het, gehaak, en dan maar weer vinniger aangestryk.

Verbeel jou net: (het hy geloop en herkou) my eie klein Gieljimpie, spekvat en met 'n stem wat al klaar met die eerste skree gebreek het! Hy lyk nie verniet op 'n hiller druppelwater na sy pa nie. Maar gee hom nog so 'n rukkie kans en hy sal 'n bees van 'n mens word. Hy het nie verniet agt pond . . . of was dit nou agtien? . . . agtien pond geweeg nie . . .!

„Vanaand wil ek darem sien hoe Meraai Kolhaas die blou-wille-boeppens-stuipe kry as sy van hierdie ding hoor!” besluit hy toe hy eenkeer byna op sy sitvlak te lande kom in sy haas om die afstand so gou moontlik af te lê.

Hy het Meraai se agterdeur sommer onbeskof oopgestamp en deur gedrafstap kombuis toe.

„Meraai! Meraaiiii!!” toe sien hy haar waar sy die kinders se gebarste wintersvoete staan en paraffien- en kersvet smeer. „Hy's daar, Gieljam, hy't gekom. Lesya het gesê ek moet jou kom haal en . . .”

„Floors!” Meraai se groot omvang dy nog 'n slag groter

en die piering smeergoed glip uit haar vingers. „ . . . Floors, jou ou duiwel!” dan bestorm sy hom en hy verdwyn byna onder die voorarm-dryfhou tussen sy blaaië. „En jy laat weet my niks nie, swerkater! Hoefel het hy toe geweeg?”

„Agt . . . e . . . en . . . AG-EN-DERTIG pond!” Hy het haar 'n oomblik triomfantlik aangestaar asof hy sy eie woorde nie kon glo nie. „Maar jy moet hom self sien, sy wange is bottervet soos daardie langsnoot sog s'n wat ek laas week by ou Koos Luis gekoop het. Hy't sy ma se wille oë en my eie matraskop! Lesya sê hy het 'n drie-dubbele helmit oor sy kop gehad, en nou sweer sy hoog en laag dat hy die dood van elkeen en ieder op die punte van sy vingers sal ken.”

„'n Helmit, Floors?” Meraai se oë bult in haar kop. „Jy meen die kind is met 'n helm gebore?”

„Dis mos wat ek gesê 't!” Floors maal in die rondte en sy krombene trap bont onder hom. „En dis verniet of ek hierdie ding gaan glo. Hoewel sy agterste Grootpa met die runnerpes elke bees en kuiken se dood kon voorspelle. Maar wie't nou kon dink dat my Gieljampie na sy grootjie sal trugslaan!”

Meraai het die sisvoorskoot oor haar kop gegooi, 'n wasbleik tjalie van die tafel af opgeraap en deur toe gewikkel. „Floors, ek stap nou dadelik saam met jou; die kind moet versôre word.” Dan mik sy na haar man wat die hele petalje nog sonder 'n woord gade geslaan het.

„Kootjie, jy moet nou weer dat ek vannag hier aankom en nie een van die kinders is gewas nie. Jy was self hulle rûe en pasop vir die pitsweer wat op Kleinboet se dinges sit. Kom, Floors!”

Toe het hulle die voetpad geskep en teen die helling afgepyl. Later het 'n dun asemfluit op Meraai se lippe kom lê, maar sy het die aand oopgetrap sodat Floors se bakbene willoos agter haar aangerol het. Tussen die boetebossies het Meraai ineens vasgesteek, haar hewige borskas rasend soos 'n stormsee.

„Hoor daar hoe skrou die kind, jy moet jou litters roer; ek het nie heelnag tyd nie!” Haar gesig het gebaai in die warm sweet.

In die vaal van al Floors Bontrok se dae was die geboorte van klein Gieljam die grootste gebeurtenis wat hy nog ooit belewe het. Selsy sy troudag het g'n niks in hom geroer nie. Daardie vaalnat môre toe Lesya haar blomkappie afgehaal het, haar bolla 'n bietjie reggedruk het en hulle twee op die donkiekar magistraatskantoor toe laatvat het, was dit vir hom maar soos al die ander môres toe hy die vleis, kerse en paraffien alleen op die dorp moes gaan haal het. Sy vereelte

vingers was nog vol swart melkringe en om die hoeke van sy oë het die slaap nog bottergeel gesit; al verandering was die kraakvars oprygstewels wat om sy sokkielose wit voete vasgeknel het. En miskien is dit ook net omdat die skoene sy voete daardie dag so vol waterblase geskawe het, dat hulle troudag nog iewers in sy harspan bly vashaak.

Maar die aand van Gieljam se geboorte was dit anders; heeltetal anders, die trots en vreugde was 'n ontploffende werklikheid in hom en dit was kompleteet of hy maar nie vatplek aan alles kon kry nie.

*

By die huis was Gieljam nog steeds onkeerbaar. Meraai is dadelik kamer toe. Floors het vir hom 'n bekertjie koue moerkoffie ingegooi en toe langs die kombuistafel gaan sit waar hy dit stadig en kou-kou ingesluk het totdat die swart moer tussen sy tande krap.

„Floors,” het Meraai eenkeer gesê toe sy vir die soveelste keer haar verskyning in die kombuis maak, dié keer opsoek na rooilaventel. „Ek dink die kind het blou-stuipe gekry, as dit netnou nog nie beter gaan nie moet jy maar die donkiekar gryp en dokter toe jae.”

„Julle moet hom vir my gee, ek sal die duiwels uit hom uitdrywe. As ek drie maal met hom om die huis geloop het, sal hy in sy lewensdag nie weer van 'n voorbode weet nie!” bars Floors tussenin en gluur Meraai woes aan, maar sy kyk skaars na hom en sukkel alweer by die deur uit.

Eers met hanekraai het Gieljam lank en genotvol gesug en toe ongeërg aan die slaap geraak.

Daardie môre vroeg toe hy Lesya se koffie inneem, was Floors nukkerig en bot van die min slaap.

„As hy vannag weer so tekere gaan dan loop-slaap ek in die waenhuis!” het hy onredelik gedreig.

Maar die einste nag het die hele ding weer van vooraf begin, en so het dit aangegaan: nag vir nag, sonder ophou en sonder om een enkele keer oor te slaan. Vir Lesya en Floors was dit sommerso 'n wonderwerk in menseheugenis.

Presies hoe kon niemand juis met sekerheid sê nie, maar die tyd het soos 'n stom ding tussen die vier mure van Floors Bontrok — hulle se huisie kom nesskrop en die jare daar uitgebroei. Gieljam het sy langasem-skree geleidelik begin onderkry en later nog net 'n keel opgesit wanneer sy pa hom wou optel. Hierdie koppigheid van sy eerste en enigste het Floors nog meer omgekrap; hoe graag sou hy nie voor ander mense vir Gieljam op sy skoot wou neem om lawwe dinge aan hom te sê nie, maar elke keer nog het

die kind so 'n gebulder op tou gesit dat hy hom net daar en dan moes neersit. Ander mense kon hom maar optel, dan sou hy nie eens piep nie, net maar stom voor hom vasstaar en maak asof hulle nie bestaan nie. Maar wanneer Lesya in die nabyheid kom, kon hy hom van hulle losruk en aan haar roksoom loop hang. Dis hierdie dinge wat die bitterheid en jaloesie soos 'n baksteen in Floors se gemoed vasgemessel het. En tog het sy liefde vir Gieljam by die dag toegeneem. Elke dag het hy van nuuts af probeer om die kind se liefde te wen.

„Gieljampie,” kon hy altyd begin. „Gieljampie kyk net wat het Pa vandag vir jou van die dorp af saamgebring. Gieljampie, kyk net hier, ag toe, kyk net hier, kyk net hoe mooi . . .”

Maar die tweejarige Gieljam het net plat op die vloer bly sit; sy bene effens van mekaar af en sy slap handjies half inmekaar gefrommel op sy skoot. Sy stil oë roerloos op sy kniekoppe.

Lank het Floors na die droë, valerige klapperhare gestaan en kyk, die dik voorkop met die breë gesig soos dié van 'n oumens en toe het hy sy kop geskud: dit kan net nie wees nie, sý Gieljam!

„Lesya!” het hy woes na agtertoe geskree.

Maar wanneer Lesya in die deur verskyn, straal Gieljam en is daar geen teken van bedruktheid in hom te bespeur nie.

„Jy moet oplet,” praat Floors, met sy oë nog steeds op Gieljam gerig, „elke keer as ek in sy nabyheid kom dan is dit asof hy skoon bedruk word. Dis peblik of hy dinge sien waarvan ons niks weet nie. Maar hoekom praat hy nie, hoekom sit hy heeldag net en opkrop?”

Lesya het van geen antwoord geweet nie en toe maar liewer stilgebly. Wat sal dit tog help om daaroor te praat? As sy vir Gieljampie vra wat dit is wat hom hinder, kyk hy net na haar asof hy self dronkgeslaan is. Dan begin sy sommer grens en druk die onskuldige gesiggie styf teen haar vas.

„Toemaar, Gieljampie, toemaar Mamma se ou Seunie, toemaar.”

*

'n Paar aande later het Lesya net so vir 'n heen-en-weertjie na Meraai toe oorgestap om 'n koek blouseep te gaan leen. Sy het vir Floors gewaarsku om nie met Gieljam te peuter terwyl hy slaap nie, want as hy wakker word en na haar begin roep sal die duiwel los wees as sy nie dadelik by is nie.

„As dit laterig wôre en ek is nog nie trug nie, moet jy maar loop inkruij. Jy weet self hoe dit gaan as mens jou sit by Meraai gekry het, die aand vlieg soos 'n groen tor verby jou. Maar ek sal nie lank wees nie. Gieljampie het gans te veel kaboemielies na my sin geëet, hy kry dalk goormaag daarvan.”

Toe Lesya koerskry, het Floors die sinkskottel gevat en buite in die reënwaterdenk loop water skep. Daarna het hy voor die agterdeur gaan sit, sy moue en broekspye opperol en die stof van vele dae afgespoel. Met sy kaal wolwit bene en 'n dooie pyp tussen sy tande het hy 'n ruklank sommerso gesit en tob oor niks. 'n Vetlyf perdeby het om sy ore geneul, fyn gekerm soos iemand wat op sy tande kners, maar Floors was onbewus daarvan, en dit was eers toe 'n wit pynvlam deur sy kaal been opskiet, dat sy dwarrelende gedagtes tot die werklikheid terug ruk. Hy het blindelings en met 'n vreeslike skelwoord geklap, maar dit was mis; toe 't hy weer geklap en weer. Sy been was die ene vlamme.

Hy het eenkantoe gespring, wat hom op die nattigheid langs die skottelwater laat gly. Daar was 'n dowwe slag; iets het gekraak, 'n woeste hik het oor Floors se lippe gebars en toe het die water asof van nêrens onder hom uitgespuit, in alle rigtings gesaai en sy sitvlak het die sinkskottel netjies toegesit.

Die perdeby was lankal vort toe het hy nog daar gesit, verbysterd en hy was op die punt om verskriklike liederlike dinge te sê, toe hy dit skielik hoor; hier dig by hom, êrens agter hom uit die huis, om presies te wees: uit hulle slaapkamer!

„Maaa.”

Floors het sy gorrelpyp toegetrek en 'n huil trek om sy mond gekry, sy hande het die skottel se rand stewig langs hom vasgegryp.

„Maaaa!”

„Dêssit!” Hy het probeer orent sukkel.

„Ma-a-a-aaaa!!!” Gieljam se hees stem het teen die sinkdak vasgeklap. Toe het Flooors by die deur ingesukkel; sy broek sopnat en swaar soos 'n stuk lood aan sy lyf.

„Ma-a-a-a-a-a-a!”

In die kamerdeur het Floors 'n oomblik vasgesteek en met skyfiesoë in die donkerte rondgevroetel, toe fluister hy:

„G-i-e-l-j-a-m-p-i-e-e-e . . .”

Een oomblik het Gieljam se asemhaling vasgeslaan, en toe asof hy sy pa se groot vertwyfeling kon aanvoel, het hy met mening ingeval.

„Maaa! Waar's Maa!? Maaa! . . . Maaa!”

Dit was eers toe sy ore begin tuit het, dat daar iewers agter in Floors se harspan die gedagtes opgekom het dat hy nou self sal moes optree. Nog altyd in die verlede het Lesya die voortou geneem wanneer daar opgetree moes word.

„Ek sal die duiwels en befoeterdgeit uit jou uithaal!” Hy was langs Gieljam se wieg, sy een hand het die skreeuende kind met kombers en al uitgelig en toe het hy uitgestap. Buitekant het die skerp gruis en klippers onder sy kaal voete gesteeek en hy het net vir 'n wyle vasgesteeek, maar die onkeerbare Gieljam het hom sonder meer laat koersvat. Met 'n wye boog het hy soos 'n trekdonkie om 'n waterput om die huis begin stap. Eenmaal, tweemaal, driemaal en toe pootuit met Gieljampie op die stoel voor die deur neergeplons.

„Nou is dit klaar,” het hy gehyg. „Nou sal jy in jou leefsdag nie weer van 'n voorbode weet nie!”

Gieljam het egter heeltemal anders oor die saak gedink.

*

Daar het Lesya en Meraai, wat die geskreeu van laasgenoemde se huis af gehoor het, hulle gekry.

„Floors! Wat is hier gaande, waarom huil die kind so?” Lesya het half oor die sinkskottel gegly.

„Dé, vat hom, hy't my al besimpeld geskree!”

„Hy's koorsig, voel net hoe warm is sy voorkoppie.” Toe het sy Gieljam dadelik in die bed gaan stop en hom warm toegemaak. Maar dit het alles niks gehelp nie, hy het een strook deur gehuil, sy magie vasgehou en deurmekaar gepraat.

„Ek dink dis die harde pitte van die kaboemielies, en dit het seker nou 'n klont op sy magie gemaak wat nie wil verteer nie, Meraai. Wat kan ek hom ingee?” Lesya was skielik hulpeloos soos 'n kind.

„Paragora, of nee wag, het jy erpsensout hier? dan jaag ons die mieliepitte nog sommer vannag uit hom uit.”

In die kombuis het Floors lank na Gieljam se skree en Lesya-hulle se gewerskaf gesit en luister en dit was eers baie later dat die skrik skielik in sy lyf kom sit het. Waarom sal die kind so skree. Daar was 'n snaakse stramheid hier kort onderkant sy linkerblad.

„Dis seker van die nat broek wat nog steeds aan my liggaam sit,” het hy eenkeer gedink. Toe het Lesya skielik in die deur verskyn, haar oë groot en wit soos twee volmane.

„Floors, jy moet kom kyk. Gieljampie is uiters ellendig; hy praat allerhande dinge deurmekaar. Miskien . . . miskien kom hy nog iets oor . . .”

„Gieljampie!” Floors was langs die bedjie en Gieljam se naam was ’n koors op sy lippe. „Gieljampie, Pa se groot hotnot, Pa se ou beeskalf wat is dit dan met hom vanaand?” Toe het hy sy neus met voorvinger en duim uitgesnuit en met sy een skoen oor die misvloer geskraap.

Lesya kom met ’n bekertjie in haar hand ingestap en gaan staan langs die bedjie.

„Hy vra al die hele aand melk en nou gee ek hom maar ’n bietjie van Swartjie se gekookte bieswater. Da, Gieljam, hier’s jou melkies.” Sy hou die bekertjie na hom toe uit.

„Nee!” ontplof Gieljam en swaai met sy arms. „Pa’t nou net vir Moffetjie gemelk . . . drie emmers vol . . . ek wil van Moffetjie se melk hê!” Sy ogies rol in hulle kaste en hy woel die warm komberse met sy beentjies van hom af.

„Hy yl,” sê Meraai en buk laag vooroor, maar Floors pluk haar eenkant toe en gryp Lesya aan die arm.

„Dis ’n voorbode! hoor julle my? het julle gehoor wat hy daar sê: hy’t vir my gesien; ék met drie emmers melk in my hanne? Wat beteken dit? Wag gee pad laat ’k hoor!”

„Jy’s besimpeld, Floors, die kind yl, hy is siek en weet nie wat hy praat nie. Lesya bring die Ingelsesout! Ek sal hom regruk.”

Maar Floors is onkeerbaar; hy het ’n slag tol-in-die-rondte gedraai; sy oë bottoe geknyp.

„Hoekom moet ék nou die eerste een wees; hoekom nie Meraai of Kootjie of jou Ma of jy of? maar hoekom nou juis ék?”

„Skoert!” Meraai het hom aan die hals beetgekry en by die deur uitgestamp. „Skoert, sê ek, moenie hier by die siek kind kom wil staa’ en kêns word nie. Hoefel maal moet ek jou nog sê hy yl, hê?” Toe klap sy die plank deur agter hom toe dat die hele kaia daarvan dril.

Verdwaas het Floors in die kombuis vasgesteek, sy tong oor sy kurkdroë lippe laat rol en toe skielik teen niks en niemand begin uitvaar. Eenkeer, net eenkeer het hy Gieljam se *drie helmitte* liederlik verwens. Maar later het die angs soos ’n vreemde groeisel in sy keel kom sit en hy wou uit, uit buitekant toe waar hy alleen kon wees; ’n vlamme steekpyn tussen sy blaaië het hom op die naaste stoel laat neersyg. Is hierdie pyn nie dalk die voorteken van Gieljam se . . . ?

„Lesya!”

Byna onmiddellik het die kamerdeur oopgevlieg.

„Sie jy stilbly, Floors!” Haar plat stem het teen die oorkantste muur vasgeslaan. „Gieljam het nou net tot bedaring gekom nadat hy al die pitte opgebring het, en hier kom staan jy en skree soos ’n dol ding!”

„Ek het ’n skeelpyn hier kort bokant my kruis. Ek sê jou: dis die voorteken van Gieljam se voorbode. Vroeg vanaand het ek hom al daar gevoel, hy’t nou verdubbel! En dan sal julle nog sê ek word *kêns*.”

*

Die volgende môre het Lesya sommerso stil geraak toe sy die vervalde uitdrukking op Floors se gesig sien; dit het kompleet vir haar gevoel of sy in die oë van ’n dooie vaskyk. En toe hy dan ook later aan haar sê dat hy maar in die bed gaan bly, het sy in die kombuis loop huil.

„Floors, as Floors nou moet gaan, wat word van my en Gieljampie? Nee!” Dan het sy buitekanttoe gevlug en op die werf gaan rondwaal.

Later het Meraai en Kootjie ook daar opgedaag, en Meraai het haar byna bevange geskrik toe sy van Floors se siekte hoor, want hulle het maar net kom hoor hoe dit vanmôre met Gieljampie gaan.

„Rekent nou net, Floors, dat jy die eerste een moet wees wat ons ou klompie hier op Donkiegat gaan verlaat.” Hulle het almal om Floors se bed gedrom en Meraai was waarlik bewoë. Toe het Lesya begin snik en kombuis toe gevlug, met die hyg van Meraai kort op haar hakke.

Floors en Kootjie was nou alleen in die kamer.

„Ja, tog naar nè?” Kootjie het onnosel gelag en suutjies eenkant op die bed gaan sit.

Toe was daar ’n vreeslike stilte en Floors het hom byna disnis geskrik toe Kootjie sy laphoedjie langs hom op die grond laat neerplof.

„Meraai het my toe van die drie emmers melk vertel,” begin Kootjie voel-voel en vleg sy lang bene deurmekaar. „Dit beteken mos drie dae. Oor drie dae sal jy doodgaan,” hy het dit gesê sonder om ’n oog te knip of ’n lit te verroer; hy kon net sowel gesê het ou Moffie kalwe oor drie dae.

„Drie dae?” Floors het net in sy kakiehemp regop in die bed gevlieg. „Maar . . . maar hoe wee’ jy dit?”

„Jaa,” grinnik Kootjie, uit die veld geslaan oor Floors se ontsteltenis. „Ja, toe ons nog daar annerkant die bloukoppe gebly het, was daar ook ’n hotnot wat paaie deur die verborgenheid kon sien. Loop vra maar vir Meraai as jy dink ek lieg altemitters. Op ’n dag het hy gelê en slaap toe daar skielik drie harde kloppe aan sy deur was, en toe hy gaan

om oop te maak, was daar geen teken van 'n sterfling nie. Dit was 'n voorteken. En op die kop drie dae later toe slaat die weerlig daardie einste geelbek dat hy na horing stink — mórsood!"

„Dood?” Floors het onder die komberse ineengekrimp.

„Dood, ja, soos wa' jy oormôre dood sal wees.” In sy eenvoud was dit vir Kootjie al klaar 'n uitgemaakte saak dat Floors Bontrok gaan verkas.

*

Eindelik het die derde dag aangebreek.

Vroeg die môre toe Lesya by die venster sê dit lyk na reën buite, het Floors gewet dat dit die begin van sy einde is; maar ook het hy gewet dat hy dié dag nog baie moes doen. En hoewel die steekpyn tussen sy blaaië nog steeds daar was en hy volgens Lesya „vrot” van die rumatiek is, het hy die komberse van hom afgestoot en stilletjies begin aantrek.

„Floors!” Lesya se asem het weggeslaan toe sy hom by die kombuisdeur sien inwaggel. „Floors, wat op aarde soek jy hier? jy loop klim nou op die daad weer in daardie bed.”

„Nee!” het hy woes in die rede geval. „Nee, ek makeer niks nie, „sweet blow-all' niks nie! En buitendien ek het baie om nog vandag te doen. Gee vir my 'n stukkie kos en sê vir Andoons om die donkiekar in te span, as ek klaar geëet het wil ek gou oorry dorp toe. Toe-toe, moenie my sta' en aangaap asof ek al klaar 'n lyk is nie!”

„Floors, wat de duiwel het va'môre in jou gevaar . . . Wat dink jy gaan van daardie rim'tiekliggaam van jou word in hierdie koue onweer, hê? Lyk my jy soek jou dood, ja dis wa' jy doen: jy sóek jou dood! Is dit nie al genoeg dat Gieljam dit voorspelle het nie? En onthou wat Kootjie van Meraai gesê het van die weerlig wat die Boesman doodgeslaan het. Kyk net hoe dik pak die wolke daar annerkant die bloekoms. Maar ék sê jou nou: jy loop klim dadelik in daardie bed!”

„Dan ry ek maar sonder kos,” hy het by haar verbygedruk en sy tree gerek doringkraal toe waar die twee wit donkies met hulle koppe in die lug gestaan en snuif het.

„Floors! Floors, kom ek het jou pap al klaar ingeskep, kom eet dan sny ek sommer vir jou 'n stukkie brood ook.”

Kop-onderstebo het hy teruggeslenter en skielik kon hy nie die voorslaghoue in sy binneste verstaan nie.

*

Met sy lyf windskeef asof hy die rumatiek wil pypkan, het Floors langs ou Andoons op die donkiekar gesit en

die twee witdonkies aangejae dat dit 'n aardigheid was. En kort voordat die horlosie op die hoë kerktoring die môre kon aftik, het Bloubok en Kalbas met 'n wye s-draai waternat voor die prokureurskantore tot stilstand gekom.

Floors het haastig afgesukkel en die leisels na Andoons gegooi.

„Dê, en wag hier, ek's nou trug!” Toe drafstap hy die sinkgeboutjie binne.

Later, toe Floors en Andoons die lang rant af huis toe vat, het die storm losgebars. En toe het Floors geweet, geweet dat sy einde daar was! Hy het sweep ingelê en vir Andoons geskree om weg van hom af te sit; want wie sal die tyding aan Lesya-hulle bring as die weer hulle albei hier op die donkiekar doodslaan.

Die reën het soos 'n lapgordyn toegetrek en die sandpad voor hulle doodgevee, sodat die twee wit donkies skielik kop-tussen-die-bene gedruk en in hulle vier spore vasgesteek het. Hoe meer Floors op hulle geraas en geskel het, hoe steekser het hulle bly staan. En dit was eers toe 'n weerligstraal sommer hier vlakvoor hulle die aarde inboor, dat die donkies onder Floors en Adoons wegvlie en die vlakke kies; pylreguit na die doringboom toe wat skuins teen die rantjie staan. Floors het die leisels styf gepluk dat die donkies se nekkie 'n boog gestaan het, maar onder hulle pote het die aarde gedreun en klippe en miershope verbygeflits. Hulle sitvlakke het sulke opslae op die harde bankie gemaak. Die doringboom het baie vinnig deur die reënvlaag op hulle afgestorm; maar die donkies het hulle nie eens daaraan gesteur nie en oopgelê asof die weerlig op hulle hakke sit.

Soos een man het Floors en Adoons vir ou Moffie gewaar waar sy onder die boom gestaan en skuiling soek het teen die reën. Floors het liederlik gevloek en half orent gesukkel, maar Andoons was alreeds op sy knieë om die leisels, wat slap oor die disselboom lê, te gryp.

„Diéé kant toe, Andoons!”

Sy woorde het skaars grond gevat toe pluk Andoons die leisels hotkant toe dat die donkiekar nerf-nerf verby ou Moffie se bas skraap. Een lang oomblik het dit gelyk of die kar gaan omtuimel, maar toe het sy agterkant skrylings heen-en-weer begin slinger, sodat Floors sy balans kwytgeraak het en soos 'n os langs die een wiel neergeslaan het en dit was eers nadat hy twee behoorlike slae bolmakiesie geslaan en 'n viervoet hoë wal afgetuimel het, dat hy botstil bly hê het.

Andoons het die verblindende blitsstraal en donderslag

agter hom hoor kraak, vervaard omgekyk en die blou rookwolke om die doringboom sien draai. Toe het hy sweep ingelê huis toe.

Van die huis af het Lesya die hele ding in die reën staan en aanskou. Sy het gesien hoedat Floors van die kar aftuimel en wegrol na die boom se kant toe; en toe het sy die weerligstraal soos 'n geelslang bokant hom sien krul.

Sy het gegil, sommer lank en aanhoudend, sodat die verskrikte Gieljampie aan haar roksoom kom hang het. Die reën het hulle deurweek, yskoud aan hulle klere kom sit. Maar dit alles het nie meer saak gemaak nie. Nou het sy geweet, met 'n aaklige sekerheid geweet wat sy al die afgelope drie dae al wou weet. Met 'n fladdering van arms en klere het haar bene onder haar padgegee en sy het omgekantel.

*

Waar Floors half skuins teen die wal van 'n spoelsloot gelê het, het hy niks geweet van die weerligstraal wat Gieljampie se enigste ou Rooimoffetjie 'n paar tree van hom af doodgeslaan het nie, want met die eerste valslag het hy sy nek gebreek.

STOFFEL CILLIERS:

Die Lang Wag

Oud en klaar. Oupa se bene voel lam. Sy lyf is moeg. Hy is te moeg om op te staan.

Dus lê en wag hy maar nog 'n bietjie.

Die son skyn al lankal en gillettjies van kinders weerklink voor sy venster. Kleinding loer deur sy vensterraam.

„Oupa! Oupa, slaap Oupa nog?”

Hy hoor haar nie. Sy spring kortom, na die ander kinders toe.

„Hy slaap nog!” en weg is sy.

Gisteraand, toe hy gaan lê het, het hy gedink: Vannag, of dalk more. Ek moet my reghou. Die dood kan enige tyd kom. Maar hy het verniet gewag. Die dood het toe nog nie gekom nie. Miskien kom die dood vandag, of vannag, as hy slaap. Liewer vandag, want dan is sy wagtery tog op 'n end. As hy arms gehad het om die dood mee te vang, het hy dit al lankal gedoen. Maar nou sal hy vandag ook nog moet wag.

Sy dogter bring vir hom kos in die bed.

„Wil Pa nie vanmore kerk toe gaan nie?” vra sy.

Kerk toe? Sondag. O ja, Sondag. Kerk.

„Hm, ja.”

Sy seun help hom aantrek en hy gaan sit op die stoep terwyl die ander mense ook regmaak.

Oupa sit agteroor in die gemaklike stoel wat hulle spesiaal vir hom laat maak het. Hy kyk met pap ogies na die helder sonlig en die blomme en die dorp daarbuite. Toe knip sy oë, soos 'n skilpad s'n, en kyk toe maar weer na die sementstoep onder sy voete.

Kerk toe? Wat moet hy daar gaan maak? Hy is mos al oud. Maar hy sal gaan, anders is sy plek leeg daar.

Die kinders kom en hulle help hom in die motorkar in. Toe hy weer sien, is hulle by die kerk. Die kinders gaan sit in die middel. Hy loop alleen stadig die gangetjie af. Sy kerie help hom. Hy is by sy bank, amper heel voor in die kerk. Dis die plek vir die dowes en die oues van dae.

Oupa gaan sit en wag met geboë hoof, tot die diens begin.

Toe die eerste gesang gesing word, staan Oupa ook op. Hy het nie eers 'n gesangboekie by hom nie en hy sing ook nie.

Oupa daar in die kerk. Oupa se kop het niks meer hare nie. Die kopvel is bleek en span styf oor die puntige skedel. Die hare van Oupa se wenkbroue het ook omtrent alles al

uitgeval. Sy gesigsvel is vol rimpels en die lippe is meeste van die tyd op mekaar gedruk. Af en toe kom Oupa se klam rooi tong uit sy mond uit en lek tydsaam oor sy lippe.

Terwyl die mense sing, kyk Oupa na sy maer hande wat op die kerie druk. Sy skouers is krom.

Oupa wag tot die mense klaar gesing het, en toe gaan hy sit. Onder die preek sak sy kop stilletjies al laer en laer, tot dit op sy bors rus. Oupa vang so sagweg 'n slapie.

Aan die etenstafel lawaai die kinders en hoor Oupa sý kinders — die grootmense — oor oorlog en politiek gesels. Hy eet maar sy kos, want die ander dinge gaan hom tog nie aan nie. Hy wil net genoeg eet om aan die lewe te bly totdat die dood hom kom haal. Politieke rusies — wat maak dit tog saak? En as daar oorlog uitbreek, nou-ja, dan sal die dood soveel gouer kom. As hy nie so oud was nie, het hy gewens die oorlog moet nou uitbreek.

Na ete slaap hy 'n bietjie. Daarna staan hy saggies op en gaan sit in sy stoel op die stoep.

Oupa kyk maar na die straat wat warm en stowwerig is. Af en toe ry 'n motorkar verby en dan slaan die stoffies moegerig op en kom rus op Oupa se bleek bles. Oupa sit maar en maak later sy moeë oë toe.

Hy dink tog nie aan die dinge rondom hom nie want hy het geen belang daarby nie. Sy kinders lewe nou hulle eie lewens. Hy dink tog ook nie aan die verlede, en aan sy eie lewe nie. Sy lewe is ver en vaal, afgelê, agter hom. Miskien dink hy aan die vrou wat sy vrou was en nou al lankal dood is. Nee, tog nie. Die toekoms dan?

Oupa het net een toekoms: Om dood te gaan. Dit is mos die einde van 'n mens se lewe.

Oupa se een bede: Om te wag vir die dood wat nie wil kom nie.

Dis dan seker daaroor wat Oupa daar in die stoel nadink: Oor daardie dag wanneer hy weer in die middel van alles hier in die huis en ja, hier in die dorp, sal staan. Daardie dag wanneer die mense wat nou alles van hom vergeet het, hom weer sal raaksien en met verwondering aan hom sal dink. Hulle sal die politiek en die droogte en die draadloos uit hulle gedagtes skuif. Hulle sal van Oupa praat, op daardie dag. Want daardie dag sal Oupa eindelijk doodgaan.

Oupa en die hitte en die stilte is alleen daar op die stoep.

Toe die son begin ondergaan, word dit koeler. En toe die kinders wakkerword, kom hulle gesellig by Oupa speel.

Maar nou is Oupa se dag al byna verby. Nog 'n klein rukkie en die son is onder en Oupa en die kinders moet ingaan.

Swart is die nag buitekant, met 'n swartheid wat die hele familie bymekaar jaag rondom die lig in die eetkamer. Die kinders is nie so luidrugtig soos hulle buitekant was nie. Kleinding sit op haar pa se skoot en haar pa vertel vir haar 'n storiëtjie. Sy stem dreun gesellig sodat die ander kinders ook geïntresserd raak in die storie en by sy voete kom sit. Kleinding se ma lees by die lamplig en kyk af en toe na haar man. Sy luister ook.

Oupa sit in sy leuningstoel soos hy vanmiddag op die stoep gesit het. Sy seun se stem slaan by sy ore verby. Oupa sit alleen in die kamer wat vol lig en mense is. Oupa sit afgesonder, want die dinge van die jonkheid is nie meer vir hom nie. Hy wag nou maar dat die ander moet sê hy moet gaan slaap.

„Pa!” hoor hy 'n rukkjie later. Hy antwoord nie dadelik nie.

„Pa! Gaan Pa nie maar slaap nie?”

Die flou ogies knip.

„Ja, dan staan ek maar bed toe.”

Bed toe. Na sy donker kamer toe.

Oupa se een knie kraak stram toe hy by sy bed kniel om te bid. Hy staan lank op sy knieë. Toe lees hy sy Bybel by die lig van die kers.

Net voor Oupa in die bed klim, kyk hy na die kort kersie en die ou Bybel voor sy bed.

Dalk is dit vannag, in sy slaap. Miskien more. Die dood kan enige tyd kom. 'n Oumens moet hom reghou.

Sonder 'n sug klim Oupa in sy bed. Hy leun op sy een arm, trek sy asem diep in en blaas die kers dood. Toe is dit donker.

En Oupa se dag is verby. Hy roer nie daar in die donker nie. Miskien dink hy aan die baie keer wat hy vandag moes wag. Wag vir die ander mense. Wag vir die dag om verby te gaan. Wag vir sy lewe om verby te gaan. Wag vir die dood wat moet kom.

Hy het nog nooit in sy lewe so baie gewag soos nou, in die laaste van sy dae nie. Die oudheid is net wag, wag. En as die dood net wil kom!

Maar Oupa se dag, soos soveel ander dae, is verby sonder dat die dood gekom het. Sy kamer is nog donker. Sy kamer is stil.

In die eetkamer vra Kleinding vir haar pa:

„Pappie, is Oupa oud?”

Haar pa lag gemaklik.

„Ja-a, Kleinding. Al die mense word mos oud. As mens oud is, is jy tevrede, my kind.”

„Hoe tevrede, Pappie?”

„Jy wil nie meer groot en sterk word nie, my kind. Jy het alles wat jy altyd graag wou gehad het. Mens is net gelukkig, Kleinding. Jy verwag niks meer van die lewe nie en jy wag ook vir niks meer nie. Sien?”

„Pappie, en sal Oupa ook doodgaan?”

„Ja, my kind.”

Haar ogies rek groot.

„Oe, Pappie, dan is Oupa seker vreeslik bang vir die dood?”

Haar pa dink na en sê toe onseker:

„Ons is mos maar almal bang vir die dood, Kleinding. Oupa wens maar ook dat die dood nie moet kom nie. Hy wil seker nog lank lewe. Dan kan ons almal gelukkig wees en lekker speel, nè?”

Ja, Pappie.”

Kleinding gly van haar pappie se skoot af. Sy is weer tevrede.

Boeke Ontvang

FRED LE ROUX en T. V. BULPIN: *DIE AFRIKA WONDERLAND-REEKS*, dl. 1: *Langs Afrika se Strande* (met tekening van Alan Telford), dl. 2: *Berge van Afrika* (met tekening van Gregoire Boonzaaiër en Alan Telford); Uitgewer: Tafelberg - Uitgewers, Kaapstad, 1959, prys: 10/6.

L. T. BEBBETT en M. K. BLACK: *THE GOLDEN JOURNEY*. Anthologies of English Poetry for High Schools. Afrikaans Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1959. dl. 1: 10/-, dl. 2: 10/-, dl. 3: 11/-. Dl. 1 bevat eenvoudige versies en gedigte, gerangskik volgens onderwerp en wat kan lei tot die waardering van moeiliker

werk; dl. 2 bevat gedigte wat gerangskik is volgens onderwerp en stemming; in dl. 3, wat bedoel is vir ouer leerlinge, word die gedigte chronologies gerangskik. Die drie bundels saam word bedoel om die hele hoërskoolkursus te dek.

N. P. VAN WYK LOUW: 1. *BE-RIGTE TE VELDE*, 2de dr. 1959, 15/-. 2. *RAKA*, 9e dr. 1959, 11/6. 3. *GERMANICUS*, 2e dr. 1959, 17/-: Nasionale Boekhandel, Kaapstad.

W. O. KÜHNE: *VROLIKE HUPPELKIND*. Tafelberg - Uitgewers, Kaapstad 1959. Dis die vierde Huppelboekie in die besonder aantreklike kinderreeks.

Skrywersaangeleenthede

Die jaarvergadering van die Afrikaanse Skrywerskring is op 23 September 1959 in Johannesburg gehou. Die Pretoriase werkgemeenskap is verteenwoordig deur prof. M. S. B. Kritzinger en dr. F. C. L. Bosman; Potchefstroom deur mnr. André Brink en prof. H. L. Swanepoel; Durbanville-Bellville deur mev. Minnie Postma; Stellenbosch deur prof. F. E. J. Malherbe, en van die hoofbestuur was teenwoordig prof. Abel Coetzee, dr. J. Kromhout en mev. H. C. Theunissen. Weens die afsterwe van sy eggenote kon prof. D. F. Malherbe nie teenwoordig wees nie.

Prof. Abel Coetzee is herkies as voorsitter, en die onder-voorsitters is proff. M. S. B. Kritzinger, D. F. Malherbe en F. E. J. Malherbe. Dr. J. Kromhout dui aan dat hy aan die einde van 1960 sal wil bedank as sekretaris; dr. P. D. Swart is tot hulpsektaris benoem.

Agt nuwe lede word voorgestel deur Johannesburg en Potchefstroom en hulle lidmaatskap word deur die hoofbestuur bekragtig, nl. mnre. G. J. Ferreira, Schalk Burger, A. Fouché en Tierlinkze (laasgenoemde die Vlaamse skrywer Fred Walewein), dr. H. J. Schepers en mev. M. Krause, almal van Johannesburg, en van Potchefstroom: dr. I. J. van H. Fourie en mnr. F. J. van Zyl. Mev. Tienie Holloway, voorheen van Pretoria, word nou lid van die Johannesburgse werkgemeenskap. Die totale ledetal van die Skrywerskring is tans 137.

Die vergadering besluit dat

alle werkgemeenskappe gevra word om vir die jaar 1960 spesiale aandag te wy aan die Afrikaanse drama en toneel. Dit sal ook die hooftema wees van die volgende openbare simposium.

'n Komitee van drie beoordeelaars word benoem met die oog op die toekenning, in 1960, van die vyfjaarlikse prys van die skrywerskring, vir die skrywer wat die belowendste debuut maak het in die tydperk 1955-1960. Dit sal saamval met die Uniefeesvierings aanstaande jaar. Administratiewe besonderhede in verband met die Jeugpenning word ook afgehandel. Hierdie jeugpenning sal bekend staan as die „Penning vir Afrikaanse Jeuglektuur” en die eerste toekenning geskied ook in 1960.

★

Om saam te val met die hoofbestuursvergadering is daar die vorige aand 'n simposium in die Hoër Meisieskool Helpmekaar in Johannesburg gehou oor die roman. Die sprekers was prof. F. E. J. Malherbe, prof. J. L. Steyn en dr. M. S. du Buisson. Die prikkelende beskouings wat op 'n lewendige bespreking uitgeloop het, word in hierdie aflewering opgeneem.

★

'n Treffende hulde is op die middag van 23 September 1959 betuig aan wyle dr. Jochem van Bruggen, by wyse van 'n kranslegging en gedenkplaatonthulling op sy graf op die plaas Terrasse,

buite Magaliesburg. Dit is byge-
woon deur 'n groot aantal
familielede en vriende. Die krans-
legging en onthulling is waar-
geneem deur die weduwee, mev.
Marie van Bruggen. By die graf
is die huldigingsrede gehou deur
die voorsitter, prof. Abel Coet-
zee; prof. F. E. F. Malherbe en
mnr. H. G. van Putten (l.g.
namens die Magaliesburgse Kul-
tuurvereniging) het ook die ont-

slape skrywer in herinnering
geroep. Die Magaliesburgse koor
het ook treffend hulde betoon.
Ds. F. A. de Kock, skoonseun
van die skrywer, het die skrif-
lesing en gebed waargeneem en
ds. J. M. van den Berg het met
gebed afgesluit. Later het mnr.
Harm Oost en dr. Schulenburg,
jeugvriende van Jochem van
Bruggen, van hulle herinnerings
vertel.

Oor Boeke

HENRIËTTE GROVE: *DIE GLASDEUR*. Drama in twee tonele. Uitgewer: Afrikaanse Pers - Boekhandel, Johannesburg 1959. Prys 11/6 posvry.

BARTHO SMIT: *MOEDER HANNA*. Drama in twee tonele. Uitgewer: Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg 1959. Prys 12/- posvry.

Hierdie twee kortpele het gemeenskaplike kenmerke wat bespreking onder een hoof regverdig. Eerstens is albei keurig gedruk en gebind in 'n formaat wat gerus as model kan dien vir die druk van toneeltekste. Selde kry mens 'n toneelteks wat so lekker in die hand lê vir die leser en die speler, en tegelyk 'n plesier is om op die boekrak te sien. Dank hiervoor aan die uitgewers en aan die pers, Joh. Enschedé en Zonen (Nederland)!

'n Belangriker ooreenkoms is die omvang van die stukke. Albei is nóg kortspel, nóg volle stuk. Dit lyk asof dit 'n nuwe toneel-tipe is wat 'n byproduk is van die S.A.U.K., waar aan 'n bepaalde tydskuur moet voldoen word vir hoorspele. Trouens, *Die Glasdeur* is geskryf in opdrag van die S.A.U.K. Of dit werklik innerlike noodwendigheid is, of 'n uiterlike dissipline wat tot die keuse van hierdie vorm lei, moet in die geval van elke afsonderlike stuk bepaal word. Dit lyk my dat dit tog uiteindelik 'n enigszins futiele vorm is, wat in die opvoering alleen kan bevredig as die skrywer self die aand vul met 'n ander stuk wat in tema en styl 'n volmaakte aanvulling verskaf.

Met *Die Glasdeur* bevestig Henriëtte Grové die vroeëre indruk

dat sy 'n talent het wat mens prikkel tot hoë verwagting vir die toekoms. Sy gee 'n interessante beelding van drie ouerige ongetroude vroue wat op 'n afgeleë plaas woon, en hulle onbevredigde, futiele lewens probeer aanvul met illusies wat geprojekteer word op 'n jong seun wat hulle besoek. Geleidelik word selfs hul illusies oor die verlede vernietig. Daar is heel gevoelvolle dialoog en karakterbeelding (veral van Willemien), goeie vorm, en suiwer dialoog. Daar ontbreek nog werklik diepe psigologiese insig wat die stuk bo die gewone kon lig. Mens sien uit na die verdere ontwikkeling van die skryfster, en hoop veral dat sy haar enigszins Ibsen-agtige opvatting van die toneel sal verbygroei en nader aan ons tyd, tot 'n breër sinryker probleemstelling sal kom.

Bartho Smit se *Moeder Hanna* is reeds bekend as hoorspel, en as verhoogstuk. Die publikasie in hierdie vorm (dit het reeds in 'n tydskrif verskyn) bevestig ons indrukke van die deugde van die stuk, en gooi ook die klem op sy beperkings. Die dialoog is gespierd en ekonomies, die handeling gekonsentreerd, die karakters strak, en, veral in die gevalle van Oupa Harmse en Hanna, realisties, dog nie kleinmenslik en daarom ontbloeit aan 'n wyer simboliek nie. Die dramatiese argitektuur is sterk en stewig gestut met handelingsmomente. Alleen die terugflitstoneel is m.i. 'n ongelukkige tekortkoming in die bouwerk, aangesien dit die strakheid verstoort, bewus aandoen, en niks bybring wat nie in die direkte handeling uitgebeeld kon

word nie. Dit versteur ook die onverbiddelike verloop van die handeling na sy onvermydelike slot.

Die skrywer probeer 'n ideestuk skep, met as sentrale tema, die singewing van die lewe deur 'n sinryke dood. Daar is veel geredeneer en geskryf oor die presiese vertolking van Hanna se dade en woorde: liefde, of haat; heilige besetene, of histeriese selfvernietiger? Die feit dat sulke vrae gestimuleer word is reeds 'n blyk van sukses. Daar is verskeie invloede wat verweef is in die stuk; soos dié van Brecht („Mutter Courage”), Synge („Riders to the Sea”) en die denke van Sartre en ander. Dit kan alleen ten goede werk in ons toneel, wat sulke dinge broodnodig het vir die vernuwung wat ons sal moet vind.

Sekere vrae bly egter by mens: slaag die skrywer uiteindelik werklik daarin om sy idee in woord en handeling uit te beeld, as suiwer teater? Of bly ons uiteindelik nog maar sit voor die aangroeiens van assosiasies wat in die blote noem van die Anglo-Boere-oorlog implisiet is? Wortel die stuk werklik in die aktuele? Of steek dit nog grotendeels vas in die slik van die verlede? Is die blik gerig op 'n suiwerere toekoms? Of byt die slot van die stuk sy tande vas in sy eie verlede?

Vir my bly dit 'n prikkelende en belowende debuut, hoewel nie 'n werk wat volkome in sigself te verantwoord is nie. Veral bly die vraag staan of die bloedoffers in die stuk dan wél sin gehad het. Daarvan hang dit af of die tema aanvaarbaar is, en of die stuk uiteindelik dramaties slaag.

R.M.

ANDRÉ P. BRINK: *DIE BAND OM ONS HARTE*. Drama in drie bedrywe. Uitgewer: Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg 1959, prys 11/-.

Die slotreëls van hierdie stuk lui: „Hierdie dinge is niemand se skuld nie. Ons kan maar net probeer leer daaruit. Miskien kan ons beter saamwerk. Dis die enigste manier om hierdie mooi, wilde land mak te maak.” Hieruit word die goeie bedoelings van die stuk duidelik, en ook die heel oppervlakkige benadering van die problematiek van die stuk. Dit vertel 'n verhaal van tweespalt tussen Boer en Brit aan die Boesmansrivier in die jare 1820-1822, in 'n teks wat herinner aan ons vroeë historiese romans. Dit is belaa met 'n intrige wat so vol insident is, dat daar nouliks kans vir die skrywer bly om tot enige verdieping van sy stof of sy karakters te kom. Die persone, van Alida, 'n Cassandra-agtige „sienner,” tot die vlekkelose jong boerheld, Wim, ken ons net uit storieboeke — en ons ken hulle te goed om nog veel begaan te wees oor hulle sprokiesland-avonture.

Die taal herinner mens aan 'n hoërskoolles oor „idiome”: dit is so vol „suiwere” volksuitdrukings en „natuurlikheid” dat dit totaal onnatuurlik aandoen. Die (bitter moeilike!) probleem van 'n spreekwyse te vind vir die Engelse karakters het die skrywer skynbaar nie eens probeer oplos nie. Brenda (ses maande in die land), se eerste reël stel die toonaard: „Daar val seker niks aan te doen nie.”

Nee, mens vrees dat ons literatuur en seerseker die Westerse toneel, hierdie soort toneelmakery lank reeds verby is: Tog het die skrywer verskeie deugde, soos

'n sin vir 'n effektiewe toneel-moment en 'n beheersing van spreektaal (albei nog ru), wat hy met veel werk kan uitbou tot iets meer van en vir ons tyd.

Hoogstens gee hierdie maklik opvoerbare teks vir amateur-groepe iets om aan te peusel.

R.M.

D. F. MALHERBE: *BOETA VAN SKEURFONTEIN*. Vers-drama in ag tonele. Uitgewer: Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1959, prys: 12/6.

In hierdie drama probeer Malherbe 'n versvorm soek wat so naby aan die spreektaal lê in idioom dat dit tegelyk realisties aandoen en 'n verhoogde ritmiese spanning dra. Soms vloei die dialoog vlot en natuurlik (en dan voel mens dat die versvorm toevallig is, en dus onnodig), maar te dikwels stamp die ritmes lelik deur, en word die taal sodanig verwring terwille van die metrum, dat dit as poësie én as dramatiese dialoog onreg aandoen. In momente van realistiese detail skok in versies soos: „Kyk, buurman, gou sal Jan en Josua kom” (p. 6). In momente van emosionele hoogspanning is iets soos „Ek is so jammer en van skrik ontsteld” (p. 79) lam en futloos as vers, onaanvaarbaar as realisme. Nietemin is die stuk interessant as 'n poging om 'n gangbare taal-medium vir 'n moderne vers-drama te soek, en loon dit studie om die gevare en deugde van dié medium wat dit illustreer.

Die stuk het 'n enigsins ge-clicheerde intrige van broedertwis met 'n plaasverdeling en 'n vrou as hoofmotiewe teen 'n historiese agtergrond. Die dramatiese bou is los, en karakteruitbeelding in té breë, te opvallende trekke ge-

skets. Veral Anna, die spilfiguur, is 'n willose instrument van 'n noodlot wat 'n alte groot rol speel — 'n noodlot wat alle karakters vryskeld van verantwoordelikheid vir hulle dade, bv. in reëls soos „... dis 'n ding wat buitekant ons mag is” (p. 88). Anna kom nooit tot 'n sterker daad, ja, selfs 'n sterker emosionele egtheid, as 'n gedurige futiele roep op die Voor-sienigheid nie. Dis dus moeilik om enigsins simpatiek te staan teenoor karakters of gebeure.

As 'n drama in verse geskryf is, veronderstel mens 'n sekere verhewenheid van inhoud of implikasie, hoër en dieper as die uiterlike realiteit van die intrige. Hier mis mens dit, en mis mens noodwendigheid in vorm en inhoud.

R.M.

P. J. NIENABER: *GEDENK-BOEK C. M. VAN DEN HEEVER*. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1959, prys: f1/11/6 pv.

By die afsterwe van C. M. van den Heever en ook by ander geleenthede het daar beskouings verskyn oor hierdie vrugbare skrywer wat 'n mens graag in een bundel verenig tot jou beskikking wil hê. Hierdie diens van byeensameling en rangskikking is nou verrig deur P. J. Nienaber in *Gedenkboek C. M. van den Heever 1902-1957*.

Die stof word gerangskik in drie groot groepe: I. *Die mens en sy kuns*, waar ons beskouings vind deur D. F. Malherbe, G. Dekker, T. J. Haarhoff, Maura Solz, André Demedts, W. van Heerden, S. C. Hattingh, P. C. Schoonees, G. S. Nienaber, M. S. du Buson en W. Kempens. II. *Re-sensies oor boeke van Van den*

Heever. Hierin word 'n groot aantal resensies chronologies gerangskik, beginnende met die eerste resensie deur P. C. Schoonees oor *Stemmingsure* in 1927, en eindigende met die resensie deur S. C. Hattingh oor *Beelde in die stroom* in 1956. III. *Bibliografie*. Die bibliografiese gegewens word in groot besonderhede verstrek deur Yvonne Garsson en P. J. Nie-naber.

Om die praktiese aard van die samestelling is die boek eintlik 'n onmisbare hulpbron vir enige persoon wat krities wil indring in die werk van hierdie kunstenaar en daarby gebruik wil maak van reeds gepubliseerde opvattinge.

A.J.C.

W. A. DE KLERK: 'N SWERWER OP DIE SONPAD. Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1959, prys: 18/6.

As mens die geestestromings in ons volkslewe tydens die negentiende eeu met aandag ontleed, dan doen dit soms vreemd aan dat daar teen die einde van die eeu plotseling 'n groep Transvalers is wat wegtrek die noorde in, deur die verskrikkinge van die Dorsland, tot ver in Angola, om in ons eie tyd weer gelate terug te keer.

Wesenlik is dit nie vreemd nie, want dit lê in die lyn van ons hele volkswording: die drang na die noorde, na ruimte, na vryheid, na rus wat mens tog nêrens vind nie, na volwaardigheid en selfbeskikkingsreg.

Willem de Klerk, 'n ou bekende in die noordwestelike voorposte van ons kulturgebied, het in 1957 die groot fees van die Angola-Afrikaners op Humpata byge-woon en saam met 'n Dorsland-

gesin deurgereis tot die noordelikste punt waar Boere was. Hierdie boek is wesenlik 'n relaas van dié reis.

Maar dis veel meer as 'n reisverhaal, want deur die hele samestelling van die reisgeselskap, die fees, die „bedevaart” noordwaarts, word dit 'n gedeege verhaal van die drang wat ons mense gedryf het en nog steeds dryf na die noorde, en so onder die lees deur word mens bewus van die dieper gedreweheid in ons volk waarvan die Dorsland maar een uiting was.

Dis 'n reisverhaal en geskiedenisboek op sy beste, en vir elkeen wat hierdie volksdeel se lotgevallen in besonderhede wil ken, is 'n *Swerwer op die Sonpad* 'n onmisbare gids.

A.J.C.

MIKRO: *MORE IS DIT NUWEMAAN*. Nasionale Boekhandel, Parow 1959, prys: 13/6.

Met dieselfde resep bak verskillende vrouens verskillende koeke, al is dit dan ook dat almal ewe smaakvol is. Dit gebeur maar so, omdat party vrouens swaarder op die hand is as ander, omdat party haastiger is as ander, en omdat party met elektriese oonde spog terwyl ander nog met die vertroude koolstoof moet deurdruk.

So gaan dit ook met roman-skrif. Al is jy ook nog hoe 'n danige skrywer, 'n resep moet jy hê, want wie het nou al ooit van 'n roman gehoor sonder 'n storie?

Daar is baie resepte om 'n roman te maak, party meer gewild as ander. Maar by ons is in die afgelope dekade reeds drie keer gebruik gemaak van dié resep waar 'n groepie mense van die lewenstroom afgesny word en dan daagliks moet voortleef met die

dood as naaste buurman. Die voordeel van hierdie resep is dat die gewone konvensies of maatskaplike instellings nie net ernstig in die gedrang kom nie, maar gewoonlik word hulle geldigheid opgehef en ons sien die verskillende karakters op 'n naakte primitiewe lewensvlak reageer. Die beskawingsvernissie verdwyn, die inhibisies wat deur die beskawing opgelê word, word vrygelaat en die dieper, dierliker mens kom aan die oppervlakte. Ons het hierdie resep met welslae sien aanwend in Willem de Klerk se *Ou Wolkemaker*, in Anna Louw se *Die Koms van die Komeet*, en nou in Mikro se *Môre is dit Nuwe-maan*.

Dit sou 'n uiters interessante en lonende onderneming wees om hierdie drie romans breedvoerig met mekaar te vergelyk, en ek glo dat so 'n vergelyking sou openbaar dat die geslaagde roman minder afhang van die uiterlike voorvalle van die verhaal as van die geleentheid wat dit skep om karakters teenoor mekaar te stel. Waar sulke gelyk-geboude romans vergelyk word, sou ook die verskille in lewensaard en lewensopvatting van die skrywer 'n duideliker bydrae lewer tot die geslaagdheid — alhoewel die meeste lesers nie na die skrywer agter die boek soek nie.

Mikro het hier op sy eie besonderse manier 'n groep mense uitgebeeld wat die een na die ander en deurmekaar uit die verhaal tree as warmbloedige, lewende wesens; sommige van hulle kom dinge oor wat voortvloei uit hulle eie aard, ander weer net maar

omdat die lewe onberekenbaar bly.

Dis 'n roman bokant die middelmaat, wat 'n wye leserskring verdien. S.E.S.

D. F. MALHERBE: *KIND VAN DIE SONDE*. Nasionale Boekhandel, Parow 1959, prys: 13/6.

Malherbe bied hier 'n verhaal aan wat op twee vlakke verloop: op die eerste vlak is dit die relaas van 'n bolandse boer wat die kind van sy huwelik nie wou hê nie, en toe die kind gebore word, is dit kreupel. Die vader het die gebrek van die kind gaan aanvoel as vergelding op sy eie onwil om die kind te ontvang. Daarnaas, op dieselfde vlak, kry ons die lotgevallen van die Kleurlingwerkers op sy plaas, mense wat al geslagte lank die plaas help opbou het met hulle troue arbeid en wat nou bedreig word met verdringing deur Bantoes. Die Kleurlinge weier taai om die grond te verlaat, want dis ook hulle aarde.

Op die tweede vlak beweeg die hele Kleurlingvraagstuk: die ongewenste kind, tog kind van die vader, wettige kind waaroor hy aaneen loop en pieker omdat daardie kind tog ook versorg en besorg moet word. Dan wil dit lyk of die skrywer aan die hand doen dat die Kleurling van die Boland deel is van die hele bolandse gemeenskap, *onafskcibare* deel wat ook weier om afgeskei te word.

Daarmee bewys Malherbe nogeens dat hy as een van ons oudste romanskrywers, steeds volstaan in die lewe van sy volk.

S.E.S.

ELATA